HOOFSTUK 4

DETAILANALISE: JOSUA 3 EN 4





4.1 Inleiding

Hierdie gedeelte bevat die eksegese van Josua 3:1-17. Bieberstein (1995) se analise vorm die vertrekpunt vir my studie van Josua 3:1-17. Bieberstein se studie is uniek, omdat dit `n leemte vul wat `n detailanalise van Josua 1-6 betref. In die eerste plek evalueer ek Bieberstein se pogings om `n oorspronklike *Grundschicht* van Josua 3-4 te rekonstrueer. Daarna evalueer ek Bieberstein se analise van die genre en datering van sy oorspronklike *Grundschicht*. Die evaluering van Bieberstein se analise bied my die geleentheid om uiteindelik my eie rekonstruksie van Josua 3:1-17 te maak. Bieberstein se analise (Addendum A) dien as vergelyking.

4.2 Perikoopafbakening

`n Perikoop verwys na die saamgroepering van kernsinne wat bymekaar hoort omdat dit dieselfde tema bevat (Calloud 1976:14-15). Ek gebruik veral na die inleidings- en slotformules as kriterium om die teks af te baken. Josua 3:1 begin met die uitdrukking `rq,BoB; [;vuAhy> ~Kev.Y:w:` (*en daarop het hy vroeg het in die môre opgestaan*) wat `n nuwe gedeelte aandui. Vers 17 eindig met `!Der>Y:h;-ta, rbo[]l;` (*het die Jordaan deurgegaan)* wat die gedeelte afsluit. Die werkwoorde **`rb[`** (deurgaan- 3:2b, 4e, 6c, 11b, 14a, 16f, 17bc) en **`dm[`** (staan- 3:8b, 13d, 16a, 17a) kom soos `n herhalende motief in die hoofstuk voor. Josua 4 begin met die

uitdrukking yhiy>w:; wat weer `n wending, in hierdie geval `n nuwe hoofstuk aandui. Hoofstuk 4 sluit in terme van die inhoud by hoofstuk 3 aan, maar die inledings- en slotformules in hoofstuk 3 dui tog `n afgeronde eenheid aan. Om die redes hanteer ek die twee hoofstukke apart, en gaan ek van die standpunt uit dat hoofstuk 3 en 4 bloot op `n redaksionele vlak verbind is.

4.3 Tekskritiek

Waltke (1989:93-108) vra na die doel van Tekskritiek in die studie van die Ou Testament. Volgens hom kan Tekskritiek een van die volgende doele omvat:

- Om die *ipsissisma verba* van die bybelse karakters te rekonstrueer;
- Om die finale teks *(oerteks*) te rekonstrueer;
- Om die vroegste weergawe (rondom 2de eeu vC) van die teks te rekonstrueer;
- Om teks te rekonstrueer volgens kriteria van verskeie geloofsgemeenskappe;
- Om meer as een finale teks te rekonstrueer.

Die tweede moontlikheid (rekonstruksie) van *oerteks*, verteenwoordig die tradisionele model (Van der Meer 2004:7). Tekskritiek is egter kompleks, aangegesien daar verskillende sienings rondom die waarde van die onderskeie teksgetuies (bv LXX) bestaan. In die konteks van die studie van die boek Josua, verwys ek kortliks na die uiteenlopende standpunte van Auld en Bieberstein. Die volgende dien as `n kort uiteensetting van die onderskeie posisies:

- Auld (1998:24) meen dat die Masoreteteks (MT) van die boek Josua uitgebrei is deur sekondêre byvoegings, en dat die MT dus nie `n geloofwaardige getuie uitmaak nie. Auld kritiseer literêre kritici wat nie die verskille tussen die MT en LXX ernstig opneem nie. Terselfdertyd merk hy ook verskeie sekondêre elemente in LXX (bv Jos 13). Volgens Auld se benadering verteenwoordig die korter LXX-teks `n meer betroubare Hebreeuse *Vorlage*, en daarom moet die LXX as basis vir `n literêre studie van die boek Josua dien;
- Bieberstein (1995:230) beskou die verskille tussen die MT en LXX in Josua 6 as `n resultaat van `n noukeurige en doelbewuste herformulering van die Griekse vertaler. Die doel van die herformulerings was om `n meer vloeibare

en logiese narratief te vorm en `n meer prominente rol aan die priesters te gee. Volgens Bieberstein is die waarde van die LXX as teksgetuie dus minimaal.

Van der Meer (2004) se ondersoek na die rol van die verskeie teksgetuies (4QJosua en LXX-Josua) lei hom tot die gevolgtrekking dat die verskeie teksgetuies (4QJosua en LXX-Josua) nié `n bydrae lewer ten opsigte van die proses van formasie van die boek Josua in die oploop na die MT van die boek Josua nie. Die verskeie teksgetuies speel wel `n rol in die konteks van interpretasie, harmonisering en herformulasie van die MT (Van der Meer 2004:523).

Die bostaande dien om die problematiek rondom die Tekskritiek in die boek Josua te verduidelik. Aan die een kant is daar die skool wat die LXX as betroubaarste weergawe beskou. Aan die ander kant is daar die skool wat die betroubaarheid van die Masoreteteks beklemtoon.

Van der Meer se studie sluit verder `n bespreking van die rol en waarde van die Qumran-geskrifte in die interpretasie van die boek Josua in. Nadat hy die onderskeie Qumran-geskrifte (4QJosua[a], 4QJosua[b], XJosua, asook buite-bybelse geskrifte soos 4QAcocraphon Josua[a] 4QAcocraphon Josua[b] en moontlike Josua-parafrases soos 4Q522, 5Q9, Mas 1039-211) bestudeer het, kom hy tot die gevolgtrekking dat daar ten minste een herskryfde weergawe van Josua in die eerste of tweede eeu vC bestaan het. Die waarde van die Qumran-tekste lê dus in die konteks van die oorskryf van die narratiewe in die boek Josua (Van der Meer 2004:113). Net soos in die geval van die LXX kan die Qumran-geskrifte nie gebruik word om lig te werk op die proses van formasie van die boek Josua nie.

Ek is oortuig daarvan dat die verhouding tussen die LXX en die onstaan en groei van die boek Josua veel meer kompleks is as wat Van der Meer voorhou. In `n poging om nie in omslagtighede rondom Tekskritiek vas te val nie, volg ek die volgende benadering in hierdie studie:

- Ek gebruik die MT as basis vir hierdie ondersoek;
- In gevalle waar daar egter merkbare verskille tussen die MT en die LXX voorkom, is ek bereid om die LXX as teksgetuie te gebruik om die spesifieke

gevalle noukeurig te ondersoek. Ek neem dus voor om elke geval binne konteks te bestudeer. Tekskritiek sal dus deurlopend tydens die eksegese hanteer word.

In die konteks van Josua 3:1-17 speel Tekskritiek in die volgende gevalle `n belangrike rol:

- **Josua 3:3c**. In hierdie geval interpreteer die Masoreteteks die priesters en Leviete as deel van dieselfde priesteramp. LXX maak egter `n onderskeid tussen priesters en Leviete. Die klassifisering van priesters en Leviete kom veral in Kronieke voor. Terwyl 3:3c die klem op Leviete plaas, verwys die res van Josua 3 en 4 na priesters. Ek plaas die spesifieke verwysing na Leviete in 3:3c in die konteks van Kronieke, waar die klem op die Leviete as draers van die ark val;
- **Josua 3:12.** Hier probeer die LXX vers 11 en 12 as `n eenheid hanteer, omdat daar nie `n logiese oorgang van vers 11 na 12 is nie. Die logiese afleiding is eerder om vers 12 as `n byvoeging te beskou wat hoofstuk 3 en 4 met mekaar verbind;
- **Josua 3:13b.** Hierdie is `n geval waar die term `dnE` nie in die LXX voorkom nie. Die logiese afleiding is dat die term in die MT bygevoeg is. Anders gestel: dit sou makliker wees om die term `n byvoeging te verklaar as om te probeer verduidelik hoekom dit in die LXX weggeneem is.

Tekskritiek word tydens die eksegetiese proses behandel.

4.4 Komposisie: Josua 3:1-17

In hierdie gedeelte kom die komposisie van Josua 3:1-17 aan die orde. Die samestelling van Josua 3:1-17 dien om die samehang van die teks te bestudeer. Hier volg `n uiteensetting van Josua 3:1-17 met `n vertaling:

	3:1a	*En daarop het Josua vroeg in die môre opgestaan;*

rq,BoB; [;vuAhy> ~Kev..Y:w:		
~yJiVih;me W[s.YIw:	**3:1b**	*en weggetrek van Sittim;*
laer'f.yI ynEB.-lk'w> aWh !Der>Y:h;-d[; WaboY"w:	**3:1c**	*en aangekom by die Jordaan, hy en die seuns van Israel;*
~v' WnliY"	**3:1d**	*en daar oorgebly;*
Wrbo[]y: ~r,j,	**3:1e**	*voordat hulle deurgetrek het.*
~ymiy" tv,l{v. hceq.mi yhiy>w:	**3:2a**	*En aan die einde van drie dae;*
hn<x]M;h; br,q,B. ~yrIj.Voh; Wrb.[;Y:w:	**3:2b**	*het die offsiere deur die kamp gegaan;*
rmoale ~['h'-ta, WWc;y>w:	**3:3a**	*en die volk beveel:*
~k,yhel{a/ hw"hy>-tyrIB. !Ara] tae ~k,t.Aar>Ki	**3:3b**	*Net soos julle die vebondsark van die Here julle God sien;*
tao ~yaif.nO ~YIwIl.h; ~ynIh]Koh;w>	**3:3c**	*en die priesters, die Leviete, wat hom dra;*
~k,m.AqM.mi W[s.Ti	**3:3d**	*moet julle van julle staanplek opbreek;*
wyr'x]a; ~T,k.l;h]w:	**3:3e**	*en agter hom aantrek.*
. Îwyn"ybeWÐ ¿AnybeWÀ ~k,ynEyBe hy<h.yI qAxr' %a; hD'MiB; hM'a; ~yIP;l.a;K.	**3:4a**	*Maar laat daar `n afstand van tweeduisend el tussen julle en hom wees;*
wyl'ae Wbr>q.Ti-la	**3:4b**	*en moenie naby hom kom nie;*
%r,D,h;-ta, W[d>Te-rv,a] ![;m;l.	**3:4c**	*sodat julle die pad kan ken*
Hb'-Wkl.Te rv,a]	**3:4d**	*waar julle langs moet trek,*
~Avl.vi lAmT.mi %r,D,B; ~T,r>b;[] al{ yKi	**3:4e**	*want gister en eergister het julle nie met dié pad getrek nie.*
~['h'-la, [;vuAhy> rm,aYOw:	**3:5a**	*En Josua het vir die volk gesê:*
WvD'q;t.hi	**3:5b**	*Reinig julleself;*
tAal'p.nI ~k,B.r>qiB. hw"hy> hf,[]y: rx'm' yKi	**3:5c**	*want môre sal die Here wonders onder julle doen..*
rmoale ~ynIh]Koh;-la, [;vuAhy> rm,aYOw:	**3:6a**	*En Josua het vir die priesters gesê:*

tyrIB.h; !Ara]-ta, Waf.	**3:6b**	*Tel die verbondsark op;*
~['h' ynEp.li Wrb.[iw>	**3:6c**	*en trek voor die volk uit;*
tyrIB.h; !Ara]-ta, Waf.YIw:	**3:6d**	*En toe het hulle die verbondsark opgetel;*
~['h' ynEp.li Wkl.Yew:	**3:6e**	*en voor die volk weggetrek.*
[;vuAhy>-la, hw"hy> rm,aYOw:	**3:7a**	*En die Here het vir Josua gesê:*
laer'f.yI-lK' ynEy[eB. ^l.D,G: lxea' hZ<h; ~AYh;	**3:7b**	*Vandag sal ek begin om jou groot te maak in die oë van die hele Israel;*
!W[d>yE rv,a]	**3:7c**	*sodat hulle kan weet;*
Hv,mo-~[i ytiyyIh' rv,a]K;	**3:7d**	*Soos wat ek met Moses was,*
%M'[i hy<h.a,	**3:7e**	*sal ek met jou wees.*
rmoale tyrIB.h;-!Ara] yaef.nO ~ynIh]Koh;-ta, hW<c;T. hT'a;w>	**3:8a**	*Gee dan die bevel vir die priesters wat die verbondsark dra;*
dmo[]T; !Der>Y:B; !Der>Y:h; yme hceq.- d[; ~k,a]boK.	**3:8b**	*Net soos julle aan die kant van die waters van die Jordaan kom, moet julle stilstaan.*
laer'f.yI ynEB.-la, [;vuAhy> rm,aYOw:	**3:9a**	*En Josua het vir die seuns van Israel gesê:*
~k,yhel{a/ hw"hy> yreb.DI-ta, W[m.viw> hN"he WvGO	**3:9b**	*Kom nader en luister na die woorde van die Here julle God.*
[;vuAhy> rm,aYOw:	**3:10a**	*En Josua het gesê:*
!W[d>Te tazOB.	**3:10b**	*Hieraan sal julle weet:*
~k,B.r>qiB. yx; lae yKi	**3:10c**	*dat `n lewende God in julle midde is;*
yTixih;-ta,w> ynI[]n:K.h;-ta, ~k,ynEP.mi vyrIAy vreAhw>	**3:10d**	*Hy sal sekerlik voor julle uitdryf die Kanaäniete en die Hetiete;*
ysiWby>h;w> yrImoa/h'w> yviG"r>GIh;-ta,w> yZIrIP.h;-ta,w> yWIxih;-ta,		*die Hewiete en die Feresiete,die Girgasiete, die Amoriete en die Jebusiete;*
!Der>Y:B; ~k,ynEp.li rbe[o #r,a'h'-lK' !Ada] tyrIB.h; !Ara] hNEhi	**3:11**	*Kyk, die verbondark van die Here oor die hele aarde trek voor julle uit, die Jordaan in.*

laer'f.yI yjeb.Vimi vyai rf'[' ynEv. ~k,l' Wxq. hT'[;w> jb,V'l; dx'a,-vyai dx'a,-vyai	**3:12**	*Neem dan 12 manne uit die stamme van Israel, een man uit elke stam;*
!Ara] yaef.nO ~ynIh]Koh; yleg>r; tAPK; x;AnK. hy"h'w> !Der>Y:h; ymeB. #r,a'h'-lK' !Ada] hw"hy	**3:13a**	*en net soos die voetsole van die priesters wat die verbondsark van die Here oor die hele aarde dra, in die Jordaan rus;*
!WtreK'yI !Der>Y:h; yme	**3:13b**	*sal die waters van die Jordaan afgesny word;*
Hl'[.m'l.mi ~ydIr>YOh; ; ~yIM;h;	**3:13c**	*die waters wat bo af kom;*
dx'a, dnE Wdm.[;y:	**3:13d**	*en dit sal soos een wal bly staan.*
!Der>Y:h;-ta, rbo[]l; ~h,yleh\a'me ~['h' [;son>Bi yhiy>w:	**3:14a**	*En toe die volk wegtrek uit hulle tente om die Jordaan deur te gaan;*
~['h' ynEp.li tyrIB.h; !Ara'h' yaef.nO ~ynIh]Koh;w>	**3:14b**	*met die priesters wat die verbondsark dra voor die volk;*
!Der>Y:h;-d[; !Ara'h' yaef.nO aAbk.W	**3:15a**	*en toe die draers van die ark by die Jordaan kom;*
~yIM'h; hceq.Bi WlB.j.nI !Ara'h' yaef.nO ~ynIh]Koh; yleg>r;w>	**3:15b**	*Toe die voete van die priesters wat die ark dra, in die vlakwater kom*
ryciq' ymey> lKo wyt'AdG>-lK'-l[;alem' !Der>Y:h;w>	**3:15c**	*terwyl die Jordaan vol was op al sy walle op al die dae van die oes;*
hl'[.m;l.mi ~ydIr>YOh; ~yIM;h; Wdm.[;Y:w:	**3:16a**	*Toe het die water wat van bo af kom gaan staan;*
ry[ih' Î~d'a'meÐ ¿~d'a'b'À daom. qxer>h; dx'a,-dnE Wmq'	**3:16b**	*dit het opgestaan soos een wal, baie ver weg by stad Adam;*
!t'r>c' dC;mi rv,a]	**3:16c**	*wat langs Sartan lê;*
WMT; xl;M,h;-~y" hb'r'[]h' ~y" l[; ~ydIr>YOh;w>	**3:16d**	*en die wat afstroom na die see van die vlakte, die Soutsee;*
Wtr'k.nI	**3:16e**	*is afgesny;*
AxyrIy> dg<n< Wrb.[' ~['h'w>	**3:16f**	*en die volk het deurgetrek, teenoor Jerigo.*
hw"hy>-tyrIB. !Ara'h' yaef.nO ~ynIh]Koh; Wdm.[;Y:w !keh' !Der>Y:h; %AtB. hb'r'x'B,	**3:17a**	*Maar die priesters wat die verbondsark van die Here dra het bly staan op droë grond, binne-in die Jordaan;*

hb'r'x'B, ~yrIb.[o laer'f.yI-lk'w>	**3:17b**	*en die hele Israel het deurgetrek op droë grond;*
!Der>Y:h;-ta, rbo[]l; yAGh;-lK' WMT;-rv,a] d[;	**3:17c**	*tot die hele volk die deurgang van die Jordaan voltooi het.*

4.5 Rekonstruksie: Josua 3:1-17

4.5.1 Literêre analise (Jos 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f)

`n Analise van Josua 3 en 4 bring die eksegeet voor `n groot uitdaging. Josua 3 en 4 is al uit verskillende hoeke benader (vgl 3.2). In hierdie studie gebruik ek Bieberstein (1995) se analise van die basisverhaal of *Grundschicht* van Josua 3 en 4 as vetrekpunt. My volgende stap is om Bieberstein se gevolgtrekkings rondom die komposisie, *genre* en datering van die basisverhaal van Josua 3 en 4 te evalueer.

Bieberstein maak in sy analise gebruik van die tydsaanduidings en wisselende werkwoordvorme om die oorspronklike teks te bepaal. Die komposisie van die narratief van die Jordaandeurgang en die gepaardgaande natuurwonder bestaan uit die volgende elemente:



Josua 3:1-17 begin met die tydsaanduiding **rq,BoB; ~Kev.Y:w:.** (3:1). Hierdie uitdrukking kom dikwels in die Ou Testament voor waar `n nuwe gedeelte begin.[159] Na die bostaande openingsin kom daar vier sinne voor wat die narratief uitbrei:

	3:1b	*en weggetrek van Sittim;*
~yJiVih;me W[s.YIw: laer'f.yI ynEB.-lk'w> aWh !Der>Y:h;- d[; WaboY"w:	**3:1c**	*en aangekom by die Jordaan, hy en die seuns van Israel;*
	3:1d	*en daar oorgebly;*
~v' WnliY" Wrbo[]y: ~r,j,	**3:1e**	*voordat hulle deurgetrek het.*

Josua is in vers 3:1a die subjek van die narratief:

	3:1a	*En daarop het **Josua** vroeg in die môre opgestaan;*
rq,BoB; [;vuAhy> ~Kev.Y:w:		

Vers 1b-e dien dan om die narratief uit te bou (soos hierbo aangedui). Die verhaal word in vers 5 voortgesit wanneer Josua `n opdrag gee:

[159] Gen 19:27; 20:8; 21:14; Jos 6:12;7:16; 8:10; Rig 6:28; 1 Sam 15:12;17:20; 2 Kron 20:20.

~['h'-la, [;vuAhy> rm,aYOw:	**3:5a**	*En **Josua** het vir die volk gesê:*

Jos 2-4 onderbreek die narratief op die volgende wyse:

- **Tydsaanduiding:** `n verwysing na `n verdere *drie dae* kom voor (3:2a). Hierdie verdere drie dae verskil van vers 1, waar die werkwoord WnliY" (3:1d) `n kamp van *een nag* veronderstel. Die volgende sin (3:1e) Wrbo[]y: ~r,j sluit by die voorafgaande sin aan om sodoende die konsep van *een nag* se kamp te onderstreep (Soggin 1972:55). Vers 1a-e dien dan as inleiding tot die narratief. Josua en die seuns van Israel het weggetrek van Sittim en by die Jordaan oornag voordat hulle deurgetrek het;
- **Karakters:** vers 3:2b verwys na offisiere (~yrIj.Voh). Hierdie offisiere speel egter nêrens in die narratief weer enige rol nie;
- **Objek:** die ark word skielik deel van die verhaal (Soggin 1972:55; Butler 1983:44). Verwysings na die ark maak wel sin in die konteks van vers 3:6a-e waar Josua die priesters opdrag gee om die ark te dra;
- **Subjekwisseling:** vers 3:3c verwys na die priesters as *Leviete*, terwyl die res van die narratief slegs na *priesters* verwys (3:6a, 11, 14b).

Vers 5 sit dus die oorspronklike narratief voort, en hierdie vers voort en handel oor die voorbereidings vir die deurgang (waarna vers 1e verwys het) en die natuurwonder. Josua se opdrag aan die volk word met `n *imperatief* ingelei (3:5b):

WvD'q;t.hi	**3:5b**	*reinig julleself;*

en met `n kousale sin voortgesit:

tAal'p.nI ~k,B.r>qiB. hw"hy> hf,[]y: rx'm' yKi	**3:5c**	*want môre sal die Here wonders onder julle doen;*

Die kousale sin (3:5c) koppel Josua se opdrag aan die belofte van Jahwe se magtige handelinge. Sodoende dien die kousale sin as motivering van Josua se opdrag. Terselfdertyd dien Josua 3:5 as `n inleiding vir die volgende gedeelte (3:10b, c) wat

die magtige werk van Jahwe beklemtoon. Verder vorm die woorde **~k,B.r>qiB. yx; lae yKi** (3:10c)`n parallelisme[160] met die vorige vers (3:5), wat die verhouding tussen 3:5 en 3:10 versterk:

	3:5b	*reinig julleself*
WvD'q;t.hi		
tAal'p.nI ~k,B.r>qiB. hw"hy> hf,[]y: rx'm' yKi	**3:5c**	***want môre sal die Here wonders onder julle doen***
	3:10b	*hieraan sal julle weet*
!W[d>Te tazOB.		
~k,B.r>qiB. yx; lae yKi	**3:10c**	***dat `n lewende God in julle midde is***

In die tweede hoofdeel (3:14a-16f) kom die natuurwonder ter sprake. Die inleiding tot die natuurwonder (3:13) kom reeds in die voorafgaande hoofdeel (3:5a-13c) voor. Die twee sinne wat die wonder inlei (13b, d), word in die tweede hoofdeel woordeliks herhaal. Hierdie herhaling verbind die belofte van die wonder met die uitvoering van die wonder, en dra sodoende tot die eenheid van die gedeelte by. Verder bevestig die herhaling die spanningslyn van die narratief:

!WtreK'yI !Der>Y:h; yme	**3:13b**	*sal die waters van die Jordaan afgesny word;*
Wtr'k.Ni	**3:16e**	*is afgesny;*
dx'a, dnE Wdm.[;y:w>	**3:13d**	*en dit sal soos een wal bly staan;*
dx'a,-dnE Wmq'	**3:16b**	*dit het opgestaan soos een wal.*

Die twee inleidingsinne (3:13,b, d) se tydsaanduiding, naamlik imperfektum 3de persoon manlik meervoud, verwys terug na die twee sinne in die inleiding (3:b, e) en verstewig sodoende die samehang van die naratief (3:1b-e):

- **!WtreK'yI** !Der>Y:h; yme (3:13b) Nifal **imperfektum 3 manlik meervoud**.

[160] Watson (2005:127) beskryf hierdie parallelisme as `n *"gender-matched"* paralellisme wat dien om `n buitengewone gebeurtenis (*"unusual event"*) te beklemtoon.

- `~yJiVih;me W[s.YIw:` (3:1b) Qal **imperfektum 3 manlik meervoud.**
- `dx'a, dnE Wdm.[;y:w>` (3:13d) Qal **imperfektum 3 manlik meervoud**.
- `Wrbo[]y: ~r,j,` (3:1e) Qal **imperfektum 3 manlik meervoud.**

Terselfdertyd is 3:13bd `n verwysing na die natuurwonder wat in 3:5 aangekondig word:

`tAal'p.nI ~k,B.r>qiB. hw"hy>` **3:5c** *die Here gaan wonders doen tussen julle;*

Verder voltooi vers 13bd die belofte van Jahwe se natuurwondere in vers 10:

`~k,B.r>qiB. yx; lae yKi` **3:10c** *dat `n lewende God in julle midde is;*

Die volgende diagram stel die samehang van die *Narratief o*f basisverhaal voor:



Die gerekonstrueerde basisverhaal lees dan soos volg:

rq,BoB; [;vuAhy> ~Kev.Y:w:	**3:1a**	*En daarop het Josua vroeg in die môre opgestaan;*
~yJiVih;me W[s.YIw: laer'f.yI	**3:1b**	*en weggetrek van Sittim;*
ynEB.-lk'w> aWh !Der>Y:h;-d[; WaboY"w:	**3:1c**	*en aangekom by die Jordaan, hy en die seuns van Israel;*
~v' WnliY"	**3:1d**	*en daar oorgebly;*
Wrbo[]y: ~r,j,	**3:1e**	*voordat hulle deurgetrek het.*
~['h'-la, [;vuAhy> rm,aYOw:	**3:5a**	*En Josua het vir die volk gesê:*
WvD'q;t.hi tAal'p.nI	**3:5b**	*Reinig julleself;*
~k,B.r>qiB. hw"hy> hf,[]y: rx'm' yKi	**3:5c**	*want môre sal die Here wonders onder julle doen..*
!WtreK'yI !Der>Y:h; yme	**3:13b**	*sal die waters van die Jordaan afgesny word;*
dx'a, dnE Wdm.[;y: !Der>Y:h;-ta, rbo[]l;	**3:13d**	*en dit sal soos een wal bly staan.*
~h,yleh\a'me ~['h' [;son>Bi yhiy>w:	**3:14a**	*En toe die volk wegtrek uit hulle tente om die Jordaan deur te gaan*
hl'[.m;l.mi ~ydIr>YOh; ~yIM;h; Wdm.[;Y:w: ry[ih' Î~d'a'meÐ	**3:16a**	*toe het die water wat van bo af kom gaan staan;*
¿~d'a'b'À daom. qxer>h; dx'a,-dnE Wmq'	**3:16b**	*dit het opgestaan soos een wal, baie ver weg by stad Adam;*
!t'r>c' dC;mi rv,a] WMT; xl;M,h;-~y"	**3:16c**	*wat langs Sartan lê;*
hb'r'[]h' ~y" l[; ~ydIr>YOh;w>	**3:16d**	*en die wat afstroom na die see van die vlakte, die Soutsee;*
Wtr'k.nI	**3:16e**	*is afgesny;*

AxyrIy> dg<n< Wrb.[' ~['h'w>	**3:16f**	*en die volk het deurgetrek, teenoor Jerigo.*

Die narratief (Jos 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f) vorm `n literêre en tematiese eenheid. In terme van die tema van die narratief staan die natuurwonder voorop. `n Duidelike struktuur is onderliggend aan dié verhaal. Die volgende dien as voorbeelde:

- Die teks is afgebaken met die inleidingsformule **(rq,BoB; ~Kev.Y:w)** Hierdie uitdrukking dui waarskynlik nie net die begin van `n nuwe teks aan nie, maar wys eerder terug na `n voorafgaande gedeelte (nie noodwendig die vorige hoofstuk nie);
- Die tydsaanduider **yhiy>w:** (3:14a) koppel die eerste gedeelte (3:5a-3:13c) met die tweede (3:14a-3:16f). So bevat die eerste deel die gesprek en die opdragte van Jahwe. Die eerste deel dien as voorbereiding vir die natuurwonder. In die tweede hoofgedeelte (wat met **yhiy>w:** ingelei word) vind die natuurwonder plaas;
- Die twee nominale sinne (10c;16c) help om die tempo van die verhaal stadiger te maak;
- Die herhaling van die natuurwonder vind in die tweede hoofgedeelte van die teks (3:13b-d, 16a-c) plaas. Op grond daarvan is `n progressie in die teks in terme van die spanningslyn duidelik sigbaar;
- Die inleidingsformule **(rq,BoB; ~Kev.Y:w)** en die slotformule (!Der>Y:h;-ta, rbo[]l); dui weereens die afgeronde eenheid en struktuur van die teks aan.

Josua 3 toon kenmerke van `n narratief. Daar is `n duidelike openingsin (3:1) wat die begin van die narratief aandui. Verder is daar `n deurlopende spanningslyn. Josua 3: 5a-13c bevat die voorbreiding en antisipasie van die natuurwonder, terwyl die natuurwonder uiteindelik in 3:14a-16f plaasvind. Die spanninglsyn word verder verhoog deur nominale sinne (3:10c;16c) wat die tempo van die verhaal verhoog.

Die moontlikheid bestaan dat hierdie narratief deel van `n groter verhaal uitmaak. Bieberstein (1995:341-344) identifiseer die oorspronklike kern van die narratief (Jos 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f) en koppel dit aan `n landsveroweringsverhaal wat oorspronklik as `n etiologie van landsverlies gefunksioneer het. Omdat Bieberstein se analise van die *Grundschicht* op die hipotese van `n vóór-deuteronomistiese landsveroweringsverhaal berus, moet daar eers gevra word na die moontlikheid van `n vóór-deuteronomistiese landsveroweringsverhaal. Die volgende elemente van Bieberstein se hipotese word hier geëvalueer:

- Josua 3:1, 5, 10a, 13b-d, 14a, 16a-f as deel van `n vóór-deuteronomistiese narratief;
- Datering *en genre* van Josua 3:1, 5, 10a, 13b-d, 14a, 16a-f.

4.5.1.1. Josua 3:1, 5, 10a, 13b-d, 14a, 16a-f as deel van `n vóór-deuteronomistiese narratief;

Eerstens evalueer ek Bieberstein se hipotese dat die *Grundschicht* van Josua 3 en 4 (Jos 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f) deel van `n breër landsveroweringsverhaal vorm. Hierdie argumente vorm die kern van Bieberstein se analise van Josua 3 en 4.

Die uitdrukking waarmee Josua 3:1 begin (**rq,BoB; ~Kev.Y:w:**) sluit aan by`n vorige gedeelte (bv Num 25:1; Deut 34:12; Jos 1:18). `n Nuwe literêre eenheid word gewoonlik deur `n persoons-tyds- of `n plekaanduiding aangewys (Bieberstein 1995:331). In Josua 3:1 is daar nié `n verwysing na die landsverowering nie. Die logiese afleiding is dat die landsverowering reeds in `n vorige gedeelte aangedui is. Die uitdrukking **rq,BoB;** en **~Kev.Y:w:** dui dan nie `n nuwe perikoop aan nie, maar die wegtrek van Sittim verwys volgens Bieberstein se benadering eerder terug na `n vorige gedeelte waar hulle nog by Sittim was (Num 25:1). Hier volg `n uiteensetting van terme in Josua 3 wat ooreenstem met soortgelyke terme in die res van die Pentateug, om sodoende `n verband tussen die narratief in Josua 3 en die res van die Pentateug te verstewig.

- Die werkwoordstam **vdq** (Jos 3:5b)

In die ná-eksiliese geskrifte, veral in die Kroniekeboeke kom die term in verband met die priesters, die Leviete en die tempel voor (Bieberstein 1995:332). In die eksiliese tekste, veral van Esegiël, kom dit in verband met die volk self voor. In uitsonderlike gevalle (soos Eks 19:10, 14) word die volk tot `n konkrete handeling geheilig. Die stam **vdq** kom 19 maal in die *hitpa`el*-stamformasie voor. Die priesters is hiervan in 7 gevalle die subjekte van die handeling, die Leviete 6 maal, en die volk 3 keer (Bieberstein 1995:332). Die vertaling *"reinig"* (Jos 3:5) weerspieël nie werklik die oorspronklike betekenis van die woord nie (Boling 1982:162). Hierdie woord val waarskynlik in die konteks van onthouding van seksuele omgang en die eet van sekere kose. Verder verwys die woord na spesifieke heiligingsrituele (Eks 19:1-15; Num 11:18; 2 Sam 11). Miller (1973:157) verbind die woord met die sogenaamde heilige oorlog-motief.

Die werkwoordstam **vdq** kom in die volgende kontekste voor:

ynEz>a'B. ~t,ykiB. yKi rf'B' ~T,l.k;a]w: rx'm'l. WvD>q;t.hi	**Num 11:18**	*Reinig julleself teen môre, dan sal julle vleis eet. Julle het gehuil in die ore;*
hw"hy> hf,[]y: rx'm' yKi WvD'q;t.hi	**Jos 3:5**	*Reinig julleself, want more gaan die Here (natuurwondere) doen…*
hw"hy> rm;a' hko yKi rx'm'l. WvD>q;t.hi	**Jos 7:13**	*Reinig julleself teen more, want so sê die Here…*

In al hierdie gevalle word die werkwoordstam met **rxml** verbind. Die laaste twee voorbeelde (Jos 3:5; 7:13) hou met mekaar verband. Die laaste voorbeeld (Jos 7:13) is uit die Akan-verhaal, en dit is afhanklik van die tweede voorbeeld (Jos 3:5), waar Jahwe wonderdade aan sy volk belowe. Die tweede voorbeeld speel af in die konteks van die deurgang van die Jordaan en die landsverowering. Die eerste voorbeeld (Num 11:18) is deel van die kwartel-verhaal tydens die woestyntog. In Numeri 11:18 is die volk se en klagtes nog nie in `n negatiewe lig beskou nie.

In hierdie voorbeeld is daar ooreenkomste tussen aspekte van die intog-verhaal en die woestyntog. Die klem val veral op Josua 3:5, wat deel van die Narratief van Josua 3 (Jos 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f) uitmaak. Die werkwoordstam **vdq** bind die Jordaandeurgang aan die woestyntog.

Die probleem is egter dat die werkwoordstam **fdq** eerder op `n priesterlike konteks dui. Verder is die verwysing na Numeri 11:18 problematies, omdat daar nie net op grond van een ooreenkoms afleidings aangaande vóór-deuteronomistiese tekste gemaak kan word nie.

- Die term **tAal'p.nI hf,[]y:** (Jos 3:5)

Die term tAal'p.nI hf,[]y kom in die kousale sin (Jos 3:5c) voor. Hierdie term kom 14 maal, hoofsaaklik in psalms voor (Bieberstein 1995:333).[161] In die Pentateug kom die volgende voorbeelde voor:

ABr>qiB. hf,[/a, rv,a] yt;aol.p.nI lkoB. ~yIr;c.mi-ta, ytiyKehiw>	**Eks 3:20**	*Ek sal Egipte teister met al my wonders wat ek onder hom sal doen;*
~yIAGh;-lk'b.W #r,a'h'-lk'b. War>b.nI-al{ rv,a] taol'p.nI hf,[/a,	**Eks 34:10**	*Ek sal wonders doen wat nie gedoen is op die hele aarde en onder al die nasies nie;*
tAal'p.nI ~k,B.r>qiB. hw"hy> hf,[]y: rx'm'	**Jos 3:5**	*Môre sal ek wonders onder julle doen;*

Hierdie drie voorbeelde bevat die sentrale elemente van die heilsgeskiedenis, naamlik die uittog uit Egipte en die intog in Kanaän. Die uitdrukking tAal'p.nI hf,[]y: verbind die roeping van Moses, die Sinai-perikoop en die deurgang van die Jordaan (wat die intog simboliseer) met mekaar. Weereens is daar `n verband tussen die narratief en die breër landsveroweringsverhaal (Moses, Sinai).

[161] Pss 40:6; 72:18; 78:4; 86:10; 98:1; 111:4; 136:4.

Die eerste voorbeeld (Eks 3:20) is volgens navorsers wat die bronnehipotese navolg óf `n produk van `n Jahwistiese (J) weergawe van Moses se roeping óf aan `n vroeëre verwerking van Eksodus 3.[162] In die konteks van hierdie studie onderskeryf ek juis nié die bronnehipotese nie, en daarom beskou ek Eksodus 3:20 nie as `n vóór-eksiliese teks nie. Die tweede voorbeeld (Eks 34:10) val in die konteks van die Sinai-perikoop. Dit sal egter moeilik wees om Eksodus 34 aan `n nie-priesterlike konteks te koppel. Die derde voorbeeld (Jos 3:5) is deel van `n goddelike gesprek waarin natuurwonders beloof word.

Bieberstein (1995:334) dui verder die verband tussen die volgende gedeeltes (Eks 7:17; Jos 3:10) aan:

hw"hy> ynIa] yKi [d;Te tazOB.	**Eks 7:17**	*Hieraan sal jy weet dat ek die Here is;*
~k,B.r>qiB. yx; lae yKi !W[d>Te tazOB.	**Jos 3:10**	*Hieraan sal julle weet dat `n lewende God in julle Midde is;*

Die eerste gedeelte (Eks 7:17) kom voor in die verhale rondom die tien plae, en handel oor Moses se onsekerheid dat die volk hom as leier gaan aanvaar. Die tweede voorbeeld (Jos 3:10) dien as legitimitasie van Josua se leierskap. In sy volgende voorbeeld dui hy die ooreenkoms tussen die volgende gedeeltes aan.

~ai WnBer>qiB. hw"hy> !yIa'- vyEh]	**Eks 17:7**	*Is die Here tussen ons of nie?*
~k,B.r>qiB. yx; lae yKi !W[d>Te tazOB.	**Jos 3:10**	*Hieraan sal julle weet dat `n lewende God in julle midde is;*

[162] Noth (1972:267) skryf dit aan die Jahwis toe. Fohrer (1964:28-30), Richter (1970:57-103) en Zenger (1971:124-125) neem dieselfde posisie in. Weimar (1977:53-54; 168-169) verklaar dit as `n Jehowistiese verwerking, terwyl Schmidt (1995) en Zenger (1978:56) dit as `n deuteronomistiese byvoegsel interpreteer. Levin (1993:23-24) en Fritz (1994:54) plaas dit glad nie in die konteks van een van die klassieke bronne nie.

Die agtergrond van die derde gedeelte (Eks 17:7) is egter ingewikkeld. Die teks kom voor in die raamwerk van twee etiologië, wat die interpretasie van die teks moeilik maak. Daar is geen sprake van `n direkte verbanmd tussen die twee gedeeltes nie.
Die bogenoemde voorbeelde kan as volg uiteengesit word:

	Eks 3:20	Eks 7:17	Eks 17:7	Eks 34:10	Num 11:18	Num 25:1
Jos 3:1b						*
Jos 3:5b					*	
Jos 3:5c	*			*		
Jos 3:10		*	*			

Die bostaande voorbeelde bevestig dat die kern van die Josua-landsveroweringverhaal ooreenkomste met gedeeltes in die res van die Pentateug toon. Die gedeeltes wat ter sprake is (Eks 3:20; 7:17; 17:7; 34:10; Num 11:18; 25:1) bevat egter geen direkte verband met Josua 3 nie. Verder is dit moeilik die tekste wat Bieberstein gebruik (Eks 3:20; 7:17; 17:7; 34:10; Num 11:18; 25:1) eerder in `n priesterlike konteks.

Zenger (1971:124-125, 137-138) dui `n Jahwistiese landsveroweringsverhaal aan. Hy baseer sy hipotese op die volgende argumente:

- Werkwoorstamme `hf[(` (qal) en `,lq` (nifal) (Eks 3:20; 34:10; Jos 3:5);
- Werkwoordstam `hnx` saam met die term `hcqb` (Eks 13:20; Jos 4:19);
- Verwysing na Manna in die woestyn (Eks 16:35; Jos 5:10-12);
- Verskyning van die `hw"hy> %a;l.m;` (Num 22:22-35) en die `hw"hy>-ab'c.-rf` (Jos 5:13-15);
- Bou van die altaar (Eks 24:4-5; Jos 8:30-35).

Weereens reflekteer hierdie tekste nie `n vóór-priesterlike konteks nie, en daarom is dit moeilik om hierdie tekste te grbuik om `n vóór-deuteronomistiese landsveroweringsverhaal te rekonstrueer.

Kratz (2005:201) ondersoek die moontlikheid van `n vóór-deuteronomistiese verhaal. Hy fokus eerste op die rol en plek van die boek Deuteronomium (Kratz 2005:123-132) en vind dat dat Deut 6:5 die openingsformule, en 26:1-16 die slotformule van die sogenaamde oer-Deuteronomium uitmaak. Die kern van oer-Deuteronomium is volgens Kratz in Deuteronomium 12-21 (die wette rondom die sentralisasie van die heiligdom) te vinde. Van oer-Deuteronomium werk hy terug en vind dat Deuteronomium 34:5-6 die dood van Moses beskryf, maar dat die teks nie na die Wet verwys nie. Kratz se gevolgtrekking is dat die verwysing a Moses se dood ouer is as die gedeeltes wat handel oor die Wet. So veronderstel verskeie tekste (Num 20:12; 27:12; Deut 1:37; 3:23; 4:21; 31:1; 32:48; 34:7; Jos 1:1) Moses se dood, terwyl daar geen verwysing na die Wet voorkom nie.

Kratz (2005:126) beskou dus Deuteronomium 5:1aa; 6:4-5; 26:1, 11, 18 en 34:1, 5 as die raamwerk van die boek Deuteronomium. Wanneer ons Deuteronomium, met die uitsondering van hoofstuk 34:5-6b as `n invoeging tussen Numeri 25:1 en Josua 2:1 of 3:1 beskou, vertoon Deuteronomium 34:5-6 die struktuur van `n doodsberig (soortgelyk aan dié van Miriam in Num 20:1abb). Die struktuur van die narratief sien volgens Kratz soos volg daarna uit:

- Num 22:1: Moses verlaat die vlakte van Moab;
- Num 25:1a :Moses maak mense bymekaar by Sittim;
- Deut 5:1a + 6:4-5 + 26:1-16 : Moses se toespraak;
- Deut 34:1a-6: Moses sterf;
- Jos 2:1; 3:1: Van Sittim word spioene uitgestuur om Jerigo in te neem.

Volgens Kratz verteenwoordig Josua 6 (die inname van Jerigo) en Josua 8 (die iname van Ai) die kern van die boek Josua. Hierdie kern is `n voortsetting van die landsveroweringsverhaal wat van in Numeri 25:1a begin.[163] Die deurgang van die

[163] Hier neem Kratz die teenoorgestelde posisie as Noth in. Noth (1972:32) meen dat Num 25:1 moontlik later bygevoeg is om met Josua 2:1 en 3:1 te harmoniseer. Hierdie argument val saam met Noth (1972:33) se mening dat die oorspronklike Jahwistiese weergawe van die landsverowering aanvanklik ná Num 32 gevolg het. Hierdie weergawe van die landsverowering het volgens Noth egter later velore geraak Uit die bostaande analise toon Kratz aan dat Josua 2:1 en 3:1 juis by Numeri 25:1 aansluit. Sodoende het Kratz die sogenaamde "verlore" landsveroweringsverhaal van J herontdek.

Jordaan (Jos 2-4) is volgens Kratz (2005:201) opgebou uit deuteronomistiese en ná-deuteronomistiese (priesterlike) uitbreidings.

Oer-Deuteronomium is `n novelle wat op die Bondsboek (Eks 2-23) gebaseer is. Deuteronomium 6:4-5 en 26:16 vorm `n raamwerk rondom die oer-Deuteronomium. Die doodsberig van Moses (Deut 34:1, 5) vorm `n oorgang na Numeri, wat op sy beurt met die boek Josua aansluit. Kratz bou dan voort op die hipotese van `n Heksateug-narratief wat rondom die tema van die landsverowering sentreer. Die invoeging van die boek Deuteronomium het veroorsaak dat die narratief onderbreek is. Kratz se benadering ondersteun die tendens om terug te keer na `n deurlopende Heksateug-narratief wat later uitgebrei is.

Die literêre bande tussen Numeri 22:1; 25:1a; Deuteronomium 5:1a + 6:4-5+26:1-16; Deuteronomium 34:1a-6 en Josua 2:1; 3:1 is egter spekulatief. Kratz se rekonstruksie veronderstel `n versnippering van Deuteronomium om soedoende `n oorgang tussen Numeri 25:1 en Josua 2:1; 3:1 te bewerkstellig.

Die pogings om Josua 3 en 4 aan `n vóór-deuteronomistiese landsveroweringsverhaal te koppel, blyk nie suksesvol te wees nie. So byvoorbeeld het die gesprek rondom die sogenaamde Jahwis waarskynlik enige pogings om `n vóór-deuteronomistiese landsveroweringsverhaal te rekonstrueer finaal in die kiem gesmoor. Hier volg `n uiteensetting van die debat.

4.5.1.1.1 Ekskursie: die rol van die Jahwis (J) in die Pentateug

4.5.1.1.1 (a) Inleiding

Verskeie navorsers plaas die gedeeltes van die boek Josua in die raamwerk van die Jahwis (J). So byvoorbeeld plaas Simpson (1948:280-286)[164] en Hölscher (1952:259-261) die vóór-deuteronomistiese stof in die Josuaboek in die raamwerk van J en E. Eissfeldt (1974:244-248; 252-254) en Fohrer (1984:197)[165] volg in dieselfde voetspore. Mowinckel identifiseer J, `n latere J-uitbreiding, asook P as bronne wat deurlopend tot in die boek Rigters voorkom.

Deuteronomium is tussen Num 25:1 en Jos 2:1 en 3:1 ingevoeg. Die res van die boek Numeri tussen Num 25:1 en Num 36 is dan `n latere invoeging. Hierdie gedeelte (Num 25:2-36) bestaan uit komplekse redaksies, en is volgens Noth (1972:33) die resultaat is van die aaneenskakeling van die Pentateug en die Deuteronomistiese Geskiedswerk. Om hierdie rede is dit moeilik om die oorspronklike vorm van die narratief te rekonstrueer.

[164] Simpson onderskei tussen `n J^1, J^2 en E.

[165] Fohrer onderskei drie vóór –deuteronomistiese bronne, naamlik J, N (Nomade-bron) en E.

Otto (1975) ondersoek Josua 1-12 en identifiseer`n J-bron en `n deuteronomistiese bron.

Tot dusver is J as vóór-deuteronomistiese bron in die meeste van die bostaande ondersoeke teenwoordig. Die sogenaamde Münster-skool identifiseer eerder `n *Jehowistiese* bron, wat die Jahwistiese en die sogenaamde Elohistiese bronne met mekaar verbind. Zenger (1971:124-125;137-138) ondersoek die Sinai-teofanie as motivering vir sekere motiewe wat in Josua 1-8 voorkom. Hy maak die gevolgtrekking dat Josua 1-8 in `n Jahwistiese horison tuishoort, en hy verbind die Jahwistiese tekste met die tyd van Salomo. Weimar (1977:53-54, 168-169) plaas die term **hf[** in die *qal*-stamformasie, saam met **twalpn** as objek (wat Zenger ondersoek het), in `n nuwe konteks. Hy merk in Eksodus 2:23-5:5 (Moses se roeping) `n Jehowistiese verwerking wat hy rondom 700 vC dateer. Hiermee identifiseer hy `n Jahwistiese verwerking (Gen-Num 14) wat saam met `n Elohistiese verwerking (Gen-Eks) deel uitmaak van `n landsveroweringsverhaal wat tot Josua 24 strek. Hierdie benadering kombineer die bronne-en fragmente-hipotese. Weimar (1980:38-39, 54-55, 85, 246-251, 287-288, 315) bring later die onderskeiding dat die Jehowistiese werk eers uit die tyd van Manasse (697-642) dateer. Uiteraard beteken dit dat vóór-Jehowistiese bronne die basis van die landsveroweringsverhaal vorm. Zenger (1982:361-362) stem saam oor die bestaan van vóór-Jehowistiese bronne, maar bly sy oortuiging dat die Jehowistiese verwerking eers rondom 700vC gedateer kan word (Zenger 1982:19). Hy verander later sy standpunt, sodat hy dit saam met Weimar in die tyd van Manasse plaas (Zenger 1986:441-450). Schwienhorst-Schönberger (1986:54-57,81-84) vermoed die bestaan van `n vóór-Jehowistiese landsveroweringsverhaal (Jos 1, 3, 6, 8, 9, 24) wat mettertyd deur die Jehowistiese kringe uitgebrei is. Hy dateer die Jehowistiese uitbreidings rondom 700 vC (Schwienhorst-Schönberger 1986:337-339). Görg (1992:6-7) identifiseer in die vóór-deuteronomistiese landsveroweringsverhaal latere-of ná-Jahwistiese stof.

Die bognoemde voorbeelde is `n aanduiding dat die klem van die klassieke bronnehipotese geskuif het na `n vermenging van fragmente- en aanvullings-hipotese, wat uiteindelik verantwoordelik was vir die vorming van die Pentateug of Heksateug. Die tweede afleiding is dat die meeste navorsers die landsveroweringsgedeeltes in die boek Josua deur middel van vóór-deuteronomistiese bronne aan die Pentateug koppel.

4.5.1.1.1 (b) Laát datering van die Jahwis

Schmid (1976:168-257) is oortuig dat die Jahwis deurlopend ooreenkomste met die profete toon. Op grond hiervan plaas hy die Jahwis in die bloeitydperk van die deuteronomistiese denke (7-6de eeu vC). Hy maak die gevolgtrekking dat die Jahwis en die deuteronomistiese skool op dieselfde tyd, maar tog onafhanklik van mekaar gewerk het. Vörlander (1978:337-343) gebruik dieselfde argumente om die Jahwis en Elohis in die ná-eksiliese tyd te plaas. Hy dateer die Deuteronomistiese Geskiedswerk as etiologie van die landsverlies

in die ná-eksiliese tyd. Terselfdertyd gebruik die Jahwis die landsbelofte om hoop te midde van die landsverlies te skep.

Winnett (1965:1-19) en Van Seters (1972:448-459) identifiseer klein verhaaleenhede wat eers in die laat of ná-eksiliese tyd in een groot verhaal (skepping tot landsverowering) verbind word.[166] Van Seters ondersoek die verwysings na die "vaders" en meen dat dit in Deuteronomium, Esegiël en Jeremia na die uittog-generasie verwys. Eers in die eksiliese tyd word die "vaders" met die aartsvaders assosieër. Die landsbelofte word in die Jehowistiese tekste met die aartsvaders verbind. Sodoende kom die verband tussen die aartsvaders en die landsbelofte eers in die Jahwistiese tekste van die ballingskap voor.

Rendtorff (1975:158-166) sluit hierby deur die ontstaan van die Pentateug as `n samevoeging van verskillende verhaalkomplekse te beskryf. Hy skep die hipotese dat die aartsvaderverhale vroég (moontlik vóór- eksilies) rondom `n tema van landsbelofte saamgevoeg is. Hierdie verhale is mettertyd met ander verhaalkomplekse verbind, en sodoende word die Pentateug eers relatief laát (moontlik eers in die ná-eksiliese tyd) gevorm.[167]

Rose (1981) ondersoek sogenaamde Jahwistiese gedeeltes in Genesis, en Eksodus en Numeri, wat verband hou met die eerste helfde van die boek Josua en Deuteronomium. Hy maak die gevolgtrekking dat hierdie sogenaamde Jahwistiese gedeeltes afhanklik is van gedeeltes in Josua of Deuteronomium. Sodoende moes die Jahwis `n proto-Deuteronomium of proto-Josua beskikbaar gehad het. Die implikasie is weereens `n laát (ten minste eksiliese) datering vir die Jahwis.

Römer (1990:45-53) sluit aan by Van Seters se idee dat die "vaders" in deuteronomistiese geskrifte na die uittog-geslag verwys, en dat die konsep van die aartsvaders later ontstaan het. Die uittog dra die teologiese klem van die deuteronomistiese werke, en dit dui volgens hom op `n eksiliese ontstaan. Die gedeeltes wat Abraham as vader van die volk teken, is dan eers onder die invloed van die Priesterskrif met die eerste oorsprongsverhaal (die bogemelde uittogverhaal) gekombineer.[168]

---

[166] Winnett (1965:1-19) onderskei tussen `n vroeë Jahwis en `n vroeg tot ná-eksiliese Jahwistiese redaksie. Hierdie redaksie sou, onder die invloed van Deutero-Jesaja, verantwoordelik wees vir die oergeskiedenis, die landsbelofte aan die aartsvaders, asook die toestandkoming van die Josefsverhaal. Die priesterskrif (P) sou die bostaande verhaal, wat strek vanaf die skepping tot by die Josefsverhaal, met die Mosesverhaal en Deuteronomium verbind.

[167] Rendorff (1974:158-166) dateer die toestandkoming van die Pentateug eers ná die ontstaan van die priesterskrif. Later maak hy ruimte vir `n deuteronomistiese vertelling van die aartsvaders tot by die dood van Moses, wat gevolg word deur die priestergeskrif. Die samevoeging van hierdie twee groot verhaaleenhede lei tot die vorming van die Pentateug.

[168] Eksodus 3-4 is kronologies gesproke die vroegste teks waar die verband tussen die God van die uittog en die God van die vaders voorkom.

Terwyl Whybray (1995:25-27) volhou dat die Jahwistiese gedeeltes ontstaan het as mondelinge oorleweringe wat eers in die eksiliese tyd as voorgeskiedenis vir die deuteronomistiewe werke gevorm is, hou Blum (1990) by die konsep van vóór-eksiliese verhaaleenhede wat later redaksioneel verbind is. So is die aartsvaderverhale eers in die vroeë ná-eksiliese tyd onder invloed van die deuteronomistiese beweging met die uittog en landsveroweringsgedeeltes verbind. Hy laat ook ruimte vir `n ná-eksiliese priesterlike redaksie.

Levin (1993: 34-35) keer terug na die konsep van die Jahwistiese werk as later verbinding van ouer bronne. Die Jahwis is volgens hierdie benadering losgemaak van deuteronomistiese invloede. Inteendeel, hy stel die Jawhistiese werk voor as `n vroeë ná-eksiliese werk wat juis standpunt inneem teen die deuteromistiese (en veral Josiaanse) konsep van die sentralisering van die kultus.

4.5.1.1.1 (c) Gevolgtrekking

Die klassieke voorstelling van `n Jahwis wat uit Salomo se tydperk dateer, asook enige verwerking van hierdie hipotese, is nie meer vandag bewysbaar nie.[169] Die val van die Jahwis het tot `n wending in Pentateug/ Heksateug navorsing gelei (vgl 2.1.1). Die problematiek rondom die rekonstruksie van `n vóór-deuteronomistiese Jahwis hou bepaalde gevolge vir die analise van Josua 3-4 in. Bieberstein (1995) se rekonstruksie van `n vóór-deuteronomistiese landsveroweringsverhaal is onwaarskynlik in die lig van die debat rondom die datering van die Jahwis.

4.5.1.2 Josua 3:5, 11 en 13b-d deel van die ná-eksiliese konteks.

Josua 3:5 bevat die term **ëFdq** wat deel vorm van die opdrag aan die volk om hulleself te heilig. Hierdie term kan moeilik as vóór-priesterlik bestempel word, omdat dit kultiese gebruike impliseer (Eks 19:22; 1 Sam 16:5).

[169] Sommige navorsers (Seebass 1983:198-216; Kohata 1986) onderskryf nog die klassieke bronnehipotese.

Die uitdrukking #r,a'h'-lK' !Ada] *("Here oor die hele aarde")* in Josua 3:11 dui op `n ná-eksiliese konteks. Hierdie term kom in ander ná-eksiliese tekste voor (Soggin 1972:59). [170]

Josua 3:13d (dx'a, dnE Wdm.[;y: : *en dit sal soos een wal bly staan)* is problematies omdat die term dnE nié in die LXX voorkom nie. Volgens die analise is Josua 3:13d deel van die narratief van die Jordaandeurgang (3:1, 5, 10b-c, 13b-d 14a, 16a-f). Die term dx'a, dnE is van belang. Hierdie term kom nie in die LXX voor nie, en is waarskynlik `n sekondêre invoeging tot die MT (Boling 1982:168). Verder sinspeel die term op Ekodus 15, waar dieselfde term voorkom (Boling 1982:168). Die volgende ekskursie vorm deel van `n ondersoek na die verband tussen Eksodus 15 en Josua 3. Die moontlikheid bestaan dat Eksodus 15 uit die ná-ballingskap dateer. Indien dit wel die geval is, wil ek die komposisie en oorsprong van Eksodus 15 navors, omdat dit moontlik `n invloed op Josua 3:13d gehad het. Om hierdie rede vorm my ondersoek na Eksodus 15 `n integrale deel van hierdie studie.

4.5.1.2.1 Ekskursie: Eksodus 15

4.5.1.2. 1 (a) Inleiding

Eksodus 15 is die onderwerp van menigte ondersoeke (Butler 1972: 239-247; Strauss 1985:103-109; Brenner 1991; Human 2001:419-433). Die datering, *genre* en samestelling van die gedeelte ontlok verskeie teorieë rondom die samestelling en oorsprong van die teks. Die Moseslied is al vanuit verskillende hoeke benader, onder andere uit die raamwerk van grammatikale studies, Pentateug-studies, en vergelykende studies. Alhoewel dit moeilik is om die gedeelte met sekerheid te analiseer, dien die volgende as uiteensetting van die navorsingsresultate.

4.5.1.2.1 (b) Grammatikale studies

Bender (1903:1-48) ondersoek die woordeskat van die Moseslied en maak die gevolgtrekking dat die lied uit die ná eksiliese tyd dateer. Sekere Aramese terme dui volgens Bender op `n ná-eksiliese ontstaanstydperk. Brenner (1991:19-21, 186-188) tipeer die lied as `n oorwinningslied uit die tydperk van die Tweede Tempel. Hy plaas die oorsprong van die lied in die konteks van Levitiese priesters. Tournay (1958:321-357) en Butler (1972:239-247) plaas die woordeskat in die deuteronomistiese konteks (laat vóór-eksilies). Cross (1973:112-144) vind dat die afwisselende metrum, komplekse strofiese struktuur en sterk parallelisme op `n ooreenkoms met Ugaritiese poësie dui. Die ooreenkomste met Ugaritiese poësie dui vir Cross op `n vroeë (vóór eksiliese) datering. Nogtans wys ooreenkomste tussen die Moseslied en Ugaritiese literatuur nie

[170] Mig 4:13; Sag 4:14; 6:5; Ps 97:5.

noodwendig op `n vroeë datering nie. Die vroeë elemente kon moontlik eers later neerslag in die teks gevind het (Childs 1974:246).

4.5.1.2.1 (c) Eksodus 15 en die Pentateug

Terwyl die meeste navorsers die klassieke bronne in Eksodus 14 identifiseer (Noth 1972:269; Childs 1974: 220-221; Campbell & O`Brien 199340-41, 143, 185), is die meeste navorsers eens dat die klassieke bronne nié in Eksodus 15 voorkom nie. Mowinckel (1961:191) is een van die min navorsers wat die lied met een van die klassieke bronne (J) verbind. Sommige navorsers isoleer die lied van enige bekende bron (Noth 1959:98; 1972:269; Fohrer 1984:188). Childs (1974:245) verteenwoordig die oorheersende benadering as hy nie die Moseslied as `n resultaat van liniêre ontwikkeling van J na P beskou nie. Hy identifiseer die Moseslied eerder as `n poëtiese meesterstuk wat uit dieselfde tyd as die klassieke J (dws omtrent 9de eeuvC) dateer.

4.5.1.2.1 (d) Vergelykende studies

Vergelykende studies vorm `n belangrike deel van my studie van die ooreenkomste tussen Josua 3:13d en die Moseslied. Om die Moseslied verantwoordelik te bestudeer, is dit belangrik om die oorsprong en *genre* van Eksodus 15 te identifiseer. Om hierdie rede bestudeer ek verskeie tekste wat ooreenkomste met Eksodus 15 vertoon om sodoende `n gevolgtrekking rondom die verhouding tussen Josua 3 en Eksodus 15 te maak.

Eksodus 15 toon verskeie ooreenkomste met **Psalm 78** en **Nehemia 9** in terme van woordeskat. Die verhouding tussen die Moseslied en Psalm 78 is kompleks. Daar is uiteenlopende teorieë oor watter een die vroegste was. Freedman (1980:118) dui aan dat Psalm 78 op Eksodus 15 gebaseer is, en hy dateer Psalm 78 in die 10/9de eeu vC. Wat Nehemia 9 aanbetref, is `n ná-eksiliese datering die norm (Steins 1995:275; Knauf 2002:330; Gerstenberger 2005:129).[171] Weereens is die probleem dat die rigting van tradisie - ontwikkeling moeilik bepaal kan word. Haupt (1904:149-172) dateer Nehemia 9 vroeër as Eksodus 15, terwyl Cornhill (1907:540) die Moseslied vroeër as Nehemia 9 dateer. Strauss (1985:103-109) plaas die Moseslied in die breër konteks van `n belydenis.[172] Schreiner (1963) vind ooreenskomste met psalms van Jahwe se reddingsdade.[173] Fohrer (1964:110ev) identifiseer`n ooreenkoms met Deutero-Jesaja. Hy merk `n Jerusalem-konteks by Deutero-Jesaja en plaas die lied ook in die konteks van die Tweede Tempel. Sodoende dateer Fohrer die lied in die ná-eksiliese tyd. Witte (2006:21-39) identifiseer Psalm 78 as `n ná-eksiliese terugskouing op God se handelinge in die geskiedenis. Ek probeer in hierdie gedeelte om die ná-eksiliese konteks van Psalm 78 aan te dui. Omdat ek Josua 3 grootliks as `n produk van die ná-eksiliese tydperk beskou, is dit belangrik om die verbande tussen Eksodus 15, Psalm 78 en Josua 3 te verduidelik.

Ooreenkomste tussen die lied en Psalm 78 is opvallend:

[171] Volgens Knauf (2006;350) veronderstel Neh 9 die kanoniese Tora sowel as die vroeë profete. Om hierdie rede beskou hy dit as `n ná-eksiliese teks.
[172] `n Belydenis-*genre* plaas die Moseslied in die veld van Deut 26:5b-9. Belydenisse soos Deut 26 is waarskynlik tot in die Nuwe-Testamentiese tyd gebruik. Strauss (1995:103-109) meen dat die Moseslied `n lang ontstaansgeskiedenis deurloop het. Hy plaas die finale redaksie in die ná-eksiliese tyd.
[173] Pss 78; 105; 106; 135; 136. Die uittog en intog speel `n beduidende rol in die psalms. Schreiner beskou Ps 78 as die oudste van hierdie groep, en plaas dit in die làát-monargale tydperk. Die Moseslied is tematies die naaste aan Psalm 78, maar bevat nie die didaktiese motiewe van psalm 78 nie. Om hierdie rede dateer hy die Moseslied as die vroeër as Psalm 78.

Psalm 78	Vers	Vertaling	Eksodus 15	Vers	Vertaling
tALhiT.	4	*verheerlik*	tL{hit.	11	*verheerlik*
al,p, hf'[' dnE-	12	*wonderdade*	al,p, o hfe[o	11	*wonderdade*
AmK. ~yIm;- bC,Y:w:	13	*die waters het gestaan soos `n wal*	dnE- Amk. WbC.nI	8	*die waters het gestaan soos `n wal*
tAmhot.Ki	15	*watervloede*	tmohoT.	5	*watervloede*
APa; !Arx] ~B'- xL;v;y>	49	*Hy het die gloed van sy toorn onder hulle gestuur*	^n>rox] xL;v;T.	7	*U stuur u toorn*
~yliz>An	16	*laat uitvloei*	~yliz>nO		*wat saamvloei*
~Y"h; hS'Ki	53	*die see het oordek*	~y" AmS'Ki	10	*die see het oordek*
AM[;	52	*sy volk*	~[;	13	*volk*
Avd>q' lWbG>	54	*sy heilige grondgebied*	^v,d>q' hwEn>	13	*U heilige woning*
rh;	54	*berg*	rh;	;17	*berg*
ht'n>q' hz<	54	*..wat hy verwerf het*	t'ynIq' Wz	16	*wat u verwerf het*
Anymiy>	54	*sy regterhand*	^n>ymiy>	6	*U regterhand*
hl'x]n:	55	*erfdeel*	^t.l'x]n :	17	*U erfenis*
AvD'q.mi	69	*sy heiligdom*	vd'Q.mi	17	*heiligdom*

Wat die datering en *Sitz im Leben* van Psalm 78 betref, is daar uiteenlopende interpretasies. Tate (1990:284) verwys na alle moontlikhede en kies vir `n oorsprong in die tyd van Dawid (10vC) of Hiskia (7vC), alhoewel hy ruimte laat vir herinterpretasie in die ná-eksiliese tydperk. Die *genre* van Psalm 78 wissel van `n lofpsalm met `n wysheidsinleiding (Westermann 1981; 228-249) tot `n wysheidspsalm (Carrol 1971:133-150; Weiser 1962:539), asook die nadenke oor die geskiedenis wat uitloop op `n belydenis van die volk se mislukkings na aanleiding van die ballingskap (Von Rad 1962:357). Die datering van Psalm 78 wissel van vóór tot ná-eksilies. Campbell (1979:51-59) fokus op die feit dat die tempel nié in die psalm genoem word nie. Die verwerping van Silo is wel ter sprake. Daarom plaas Campbell die psalm tussen die vernietiging van Silo en die bou van die tempel (10de eeu vC). Gunkel (1968:342) plaas die verwerping van Silo en die opheffing van Jerusalem in die ná-eksiliese tydperk. Hy beskou die verwerping van Silo as `n legitimasie van die tempel in Jerusalem, en plaas dan Psalm 78 in die konteks van die stryd tussen die Jode en die Samaritane. `n Ná-eksiliese konteks, veral die stryd tussen die Jode en Samaritane, sou die verwerping van die hele Noordryk in die psalm verklaar. Die Noordryk is veral in die Deuteronomistiese Geskiedenis berispe vir hulle afgodediens, maar die totale verwerping van die Noordryk, soos in Psalm 78 voorkom, is volgens Gunkel (1968:342) eie aan die polities-godsdienstige klimaat van Esra en Nehemia. Hierdie argumente ondersteun die hipotese van `n ná-eksiliese konteks vir Psalm 78.

Die volgende opmerkings is van belang:
Die motief van God as גאל ("*redder*" Ps 78:13) van sy volk, is ná-eksilies van aard. Die 31 keer wat die term elders voorkom, kom dit slegs in ballingskap of ná-ballingskap tekste voor (Brenner 1991:153). Die woord vd'Q.mi (v69) as verwysing na of sinseling op die tempel, kom 51 keer elders in die Ou Testament voor, en die konteks is altyd eksilies- ná-eksilies (Brenner 1991:153). Verder is die tradisie dat Israel die Rietsee deurgegaan (אבר) het (v13) eie aan die ballingskap of ná-ballingskap tyd (Brenner 1991:153. Josua 4:23, wat priesterlike trekke vertoon[174] is die vroegste teks wat die term gebruik. Daarna kom dit dikwels in ná-eksiliese tekste voor (bv Jes 51:10; Ps 136:14; Neh 9:11; Num 33:8). Die tradisie van die skeiding van die waters is waarskynlik `n ná-eksiliese tradisie (Pss 74:13; 136:13; Jes 63:12; Eks 14:16, 21 [P-Noth 1972:269]).

Die woorde wat die verwerping van Israel (Ps 78:58) in die Rigtertyd uitdruk, toon sterk ooreenkomste met die deuteronomistiese tradisie(s). Die werkwoord כעס (v58), kom 23 keer in deuteronomistiese tekste voor (Brenner 1991:155).

Verse wat Silo se verwerping (Ps 78:59,60) en Jerusalem se uitverkiesing verwoord (Ps 78:67-68) toon ooreenkomste met Jeremia (veral die terme שכן en נטש). Die positiewe houding van Psalm 78:59, 60 jeens Jerusalem sluit aan by die Jeremia-teologie dat Jerusalem en Dawid nié gestraf sal word vir die afgodediens van die volk nie (Jer 14:19; 33:26). Verder is dit relevant dat Psalm 78 se weergawe van Israel se geskiedenis spesifiek `n *vergelyking* of lvm (2) genoem word. Die term "vergelyking" sinspeel op `n ideologiese invalshoek, eerder as `n historiese weergawe van Israel se geskiedenis In die lig van hierdie term verwoord die psalm moontlik die ná-eksiliese stryd met die Samaritane. Hierdie weergawe van die geskiedenis is `n poging om aan te dui dat die tempel in Jerusalem die enigste legitieme woonplek van God is. Deuteronomistiese terminologie word in `n ná-deuteronomistiese manier weergegee en dit dui moontlik op `n ná-eksiliese agtergrond (Brenner 1991:157). Psalm 78 val verder in die korpus van die Asaf-psalms (v1). Die verbintenis met Asaf plaas die psalm heel moontlik in die ná-eksiliese konteks (Tate 1990:287). Die volgende argumente geld om Psalm 78 in die ná-eksiliese konteks te plaas (Witte 2006:37):

- Invloed van (làát) deuteronomistiese tekste wat die klem op die groep laat val (Deut 4:9-10; 6:7; 8:2; 11:19; 32:46);
- Teenwoordigheid van (lààt) deuteronomistiese teologie van vergelding. In 2 Konings 17:7-18 word Israel gestraf omdat hullle die Wet en die verbond verontagsaam het. In Psalm 78 funksioneer die geskiedenis van Israel in die raamwerk van vergeldingsteologie. Israel word gestraf vir hulle oortredings;
- Historiese konteks van Psalm 78:59-63. In hierdie verse is daar verwysings na Israel en Juda in die Neo-Assiriese, Neo-Babiloniese en Persiese-Hellenistiese tydperke;
- Invloed van priesterlike tekste. In hierdie geval is die verwysings na die uittog en woestyntog op die priesterlike werke gebaseer;
- Ooreenkomste met (laát) wysheidsteologie. Vers 1-2 toon ooreenkomste met wysheidsteologie. Verder hou die skrywer van Psalm 78 hom voor as `n wysheidsleraar. Ons vind ooreenkomste in Spreuke 1:5; 3:1; 4:2;5:1;7:2, 24; 8:4-9;
- Verbande met Kronieke. Behalwe vir die vergeldingsteologie vind ons ook verwysings na Dawid as die ideale heerser (Ps 78:72; 1 Kron 29:17; 2 Kron 6:5-61). Verder is daar verwysings dat Israel se oorsprong aan Dawid te danke is (Ps 78:70-72; 1 Kron 28-29). Hierdie voorbeelde dien om die ná-eksiliese konteks van Psalm 78 te bewys. Omdat Psalm 78 soveel ooreenkomste met Eksodus 15 toon in terme van taal en woordeskat, bestaan die moontlikheid dat beide se oorsprong in die ná-eksiliese tyd tuishoort.

Die Rietsee-tradisie speel `n belangrike rol in Eksodus 15. Childs (1974:406-18) vind geen grammatikale ooreenkomste tussen dié lied en Eksodus 14 (J/P) nie.[175] Hy voorsien eerder `n

[174] Ek verwys veral na die gebruik van die term **hv'B'Y**, wat buiten Josua 4:23 in die P-weergawe (Eks 14:16,22,29) van die Rietsee-vertelling voorkom (Noth 1972:269; Childs 1974:220).
[175] Nogtans is daar sekere ooreenkomste tussen die lied en Eks 14. Die elemente van die wind (14:21; 15:10) en die waters wat soos `n muur staan (14:22,29; 15:8) is in albei te vinde.

breër tradisie waaruit die lied uiteindelik onstaan het. De Vaux beskou die verband tussen die uittog en die landsverowering-tradisies op `n unieke manier. Volgens De Vaux is die Jordaan-tradisie is vroeër, en die lied is daarop gebaseer (De Vaux 1978:381-387). Sy navorsing berus op die ondersoek na die term dnE (Eks 15:8). Volgens De Vaux kom die term oorspronklik uit die Jordaandeurgang, wat volgens De Vaux `n vroeë tradisie verteenwoordig.[176] Weereens is dit moeilik om die afhanklikheid van `n teks op `n ander teks te bewys. Die term dn dui myns insiens eerder op `n gemeenskaplike agtergrond tussen Eksodus 15:8 en Josua 3. omdat die term dnE nie in die LXX (Jos 3:13d) voorkom nie, impliseer dat dit `n byvoeging tot die MT is. Ek ondersoek juis die moontlikheid dat dieselfde groepe wat vir die Moseslied se komposisie verantwoordelik was, die byvoeging tot Josua 3:13d gemaak het.

4.5.1.2.1 (e) Samestelling van Moseslied

Daar bestaan twee benaderings ten opsigte van die komposisie van die Moseslied:

- Sommige navorsers analiseer die lied as `n eenheid (Cross & Freedman 1955:237-250; Coats 1969:1 Brenner 1991:19-21). Coats (1999:120) meen egter dat vers 2 later bygevoeg is, waarskynlik toe die lied in die tempel gebruik is. Brenner plaas die lied in die ná-eksiliese tyd. Hy lê klem op die eenheid van die lied, en laat nie ruimte vir `n lang redaksieproses nie;
- Ander navorsers betwyfel die eenheid van die Moseslied (Watts 1957:371ev; Noth 1959:98; Strauss 1985:103-109). Volgens hierdie benadering het die lied verskeie redaksies ondergaan;

Muilenberg (1966:238-250) meen dat verse 1-12 en 13-18 uit verskillende tydperke dateer. Tournay (1958:335-357) en Noth (1959:96) beskou vers 21b as `n afsonderlike eenheid. Hulle meen verder dat vers 21b vroeër afsonderlik bestaan het, en dat die oudste deel van die Moseslied is.

Ek sluit aan by die skool wat Eksodus 15:1a-21b as `n eenheid interpreteer. Die komposisie van Eksodus 15 dui op `n afgeronde grammatikale en tematiese eenheid wat van vers 1a-21b strek. In hierdie studie ondersteun ek die teorie dat die Moseslied as `n eenheid in die ná-ballingskap tyd ontstaan het. Ek wil die argument verder voer, naamlik dat dieselfde ná-ballingskap groepe wat vir die komposisie van die Moseslied verantwoordelik was, die *narratief* van Josua 3 redaksioneel uitgebrei het. Hierdie hipotese is op my interpretasie van Eksodus 15 gebaseer en veral op die terorie dat Eksodus 15 spesifiek uit die ná-eksiliese tyd dateer. Hier baseer ek my ondersoek op die werk van Brenner (1991). In hierdie gedeelte evalueer ek Brenner (1991) se werk deurentyd op grond van die volgende kritieria:

- Komposisie van Eksodus 15. Hier verwys ek na Brenner se hipotese dat Eksodus 15 `n eenheid is, en dat die teks as eenheid uit die ná-eksiliese tyd dateer;
- Datering van die Moseslied. In hierdie geval ondersoek ek deurlopend Brenner se verbande tussen Eksodus 15 en ná-eksiliese literatuur.

4.5.1.2.1 (f) *Genre*

Die vraag na die *genre* van die Moseslied ontlok verskeie reaksies. Die volgende moontlikhede is ter sake:

- Psalm (Fohrer 1984:188);
- Troonbestygingspsalm (Mowinckel 1992:126);
- Oorwinningslied (Cross 1973:141). Cross plaas die oorwinningslied in die konteks van `n pasgaviering by Gilgal;
- Dankseggingspsalm (Noth1959:98-99).

[176] Tekskritiek speel hier `n rol. Die term kom nie in die LXX voor nie (Jos 3:13). Omdat die LXX waarskynlik `n meer oorspronklike teks as die Masoreteks verteenwoordig, beteken dit dat die term dnE nie in die vroegste tekste voorkom nie. Om hierdie rede maak ek die afleiding dat die term dnE tot op grond van die invloed van Eks 15 tot die Masoreteks toegevoeg is. Ek neem dus die teenoorgestellde posisie as De Vaux in, naamlik dat Eks 15 die vroeë tradisie verteenwoordig.

Ek interpreteer Eksodus 15 as `n oorwinningslied wat uit die tydperk van die Tweede Tempel (met spesifieke klem op die herbou van Jerusalem se mure) dateer. Hierdie vergelykende studie help om die Moseslied ander ná-eksiliese literatuur, en spesifiek met ander oorwinningsliedere te vergelyk. Die doel is om vas te stel of dieselfde kringe vir die onderskeie oorwinningsliedere verantwoordelik is. Hierdie resultate hou bepaalde gevolge in vir die interpretasie van Josua 3:13d.

4.5.1.2.1 (g) Teks

hw"hyl; taZOh; hr'yVih;- ta, laer'f.yI ynEb.W hv,mo- ryviy" za'	1a	*Toe het Moses en die seuns van Israel hierdie lied tot eer van die Here gesing, en dit is wat hulle gesê het:*
~Y"b; hm'r' Abk.row> sWs ha'G" haog"-yKi hw"hyl; hr'yvia'	1b	*Ek wil sing tot die Here, want hy is hoog verhewe. Die perd en sy ruiter het hy in die see gegooi;*
h['Wvyli yli-yhiy>w: Hy" tr'm.zIw> yZI['	2a	*Die Here is my krag en my lied, hy het my gered.*
Whn>m,m.roa]w: ybia' yhel{a/ WhwEn>a;w> yliae hz<	2b	*Hy is my God, ek sal hom verheerlik; die God van my vader, Hom sal ek verhef.*
Amv. hw"hy> hm'x'l.mi vyai hw"hy>	3	*Die Here is n kryger; Here is sy naam.*
~Y"b; hr'y" Alyxew> h[or>P; tboK.r>m;	4a	*Hy het die farao se strydwaens en sy weermag in die see gegooi.*
@Ws- ~y:b. W[B.ju wyv'liv' rx;b.miW	4b	*Sy beste soldate het in die skelfsee gesink.*
!b,a'-AmK. tl{Acm.bi Wdr>y" WmyUs.k;y> tmohoT.	5	*Die watervloede het hulle oordek. Hulle het in die kolke gesink soos `n klip.*
byEAa #[;r>Ti hw"hy> ^n>ymiy> x;KoB; yrID'a.n< hw"hy> ^n>ymiy>	6	*U regterhand, Here is verheerlik in krag. U regterhand, Here, verpletter die vyand.*
vQ;K; Amlek.ayO ^n>rox] xL;v;T. ^ym,q' sroh]T; ^n>AaG> brob.W	7	*En in u groot hoogheid werp u dié neer wat teen u opstaan. U stuur u toorn-gloed uit; dit verteer hulle soos `n stoppel.*
~yliz>nO dnE-Amk. WbC.nI ~yIm; Wmr>[,n< ^yP,a; x;Wrb.W	8a	*En deur die geblaas van u neus het die waters hulle opgestapel, die strome het bly staan soos `n wal,*
~y"-bl,B. tmohot. Wap.q'	8b	*die watervloede het styf geword in die hart van die see.*
Ll'v' qLex;a] gyFia; @Dor>a, byEAa rm;a'	9a	*Die vyand het gesê: Ek sal hulle agtervolg, inhaal, buit verdeel,*
ydIy" AmveyrIAT	9b	*my begeerte sal versadig word van hulle; ek sal my swaard uittrek,*

yBir>x; qyrIa' yvip.n:
Amael'm.Ti
~yrIyDIa; ~yIm;B.
tr,p,A[K; Wll]c' ~y" AmS'Ki
^x]Wrb. T'p.v;n"
vd,QoB; rD'a.n<
hk'moK' ymi hw"hy> ~liaeB'
hk'mok'-ymi

my hand sal hulle uitroei.

al,p, hfe[o tL{hit. ar'An

10 *U het met u asem geblaas; die see het hulle oordek; soos lood het hulle gesink in die geweldige waters.*

#r,a' Am[el'b.Ti ^n>ymiy>
t'yjin"
^v,d>q' hwEn>-la, ^Z>['b.
T'l.h;nE T'l.a'G" Wz-~[;
^D>s.x;b. t'yxin"
Tv,l'P. ybev.yO
zx;a' lyxi !WzG"r>yI ~yMi[;
W[m.v'
d[;r' AmzEx]ayO ba'Am
yleyae ~Ada/ ypeWLa;
Wlh]b.nI za'

11a *Wie is soos U onder die gode, Here , wie is soos U, Here, verheerlik in U heiligheid,*

11b *gevrees in lof, een wat wonders doen?*

12 *U het u regterhand uitgesteek, die aarde het hulle verslind.*

13 *U het deur u guns die volk gelei wat u verlos het; U het hulle deur u krag na die heilige woning gevoer.*

14 *Die volke het dit gehoor, hulle het gesidder; vrees het die inwoners van Fillistea aangegryp.*

15a *Toe is die stamhoofde van Edom verskrik, bewing het die magtiges van Moab aangegryp.*

15b *Al die inwoners van Kanaän het gebewe.*

16a *Verskrikking en vrees het op hulle geval; deur die grootheid van u arm was hulle stom soos `n klip,*

16b *terwyl u volk deurtrek, Here, terwyl die volk deurtrek wat u verwerf het.*

17 *U bring hulle in en plant hulle op die berg van u erfenis, die plek wat u as vaste woonplek vir u berei het,*

die heiligdom wat u hande gestig het, my Here!

18 *Die Here sal regeer vir ewig en altyd.*

19 *Want Farao se perd,met sy stryd-waens en sy ruiters, het in die see ingegaan, en die Here het die waters van die see oor hulle laat terugkom. Maar die seuns van Israel het binne-in die see op droë grond getrek.*

20a *En Mirjam, die profetes, die suster van Aäron, het `n tamboeryn in haar hand geneem;*

!;n"k. ybev.yO lKo Wgmon"
!b,a'K' WmD>yI ^[]Arz>
ldog>Bi dx;p;w" ht'm'yae
~h,yle[] lPoTi
t'ynIq' Wz-~[;
rbo[]y:-d[; hw"hy> ^M.[;
rbo[]y: -d[;
hw"hy> T'l.[;P' ^T.b.vil.
!Akm' ^t.l'x]n: rh;B.
Am[eJ'tiw> AmaebiT.

^yd,y" Wnn>AK yn"doa] vd'Q.mi

d[,w" ~l'[ol. %l{m.yI hw"hy>
~Y"B;
wyv'r'p'b.W ABk.rIB. h[or>P;
sWs ab' yKi
laer'f.yI ynEb.W
~Y"h; yme-ta ~h,le[] hw"hy>
bv,Y"w:
~Y"h; %AtB. hv'B'Y:b;
Wkl.h' laer'f.yI ynEb.W
~Y"h; yme-ta,
Hd'y"B. @Toh;-ta,
!roh]a; tAxa] ha'ybiN>h;
~y"r>mi xQ;Tiw:

tl{xom.biW ~yPituB. h'yr,x]a; ~yviN"h;-lk' !"ac,Tew:	**20b**	*en al die vrouens het agter haar uitgegaan, met tamboeryne en koordanse.*
~y"r>mi ~h,l' ![;T;w:	**21a**	*En Mirjam het hulle geantwoord:*
~Y"b; hm'r' Abk.row> sWs ha'G" haog"-yKi hw"hyl; Wryvi	**21b**	*Sing tot eer van die Here, wan t hy is hoog verhewe. Hy het die perd met sy ruiter in die see gegooi.*

`n Moontlike teksindeling sien soos volg daarna uit:

1a	Prosaïese raam
1b-3	Kultiese formule
4-12	Redding by die Rietsee
13-17	Intog in Beloofde Land
18	Liturgiese formule
19	Prosaïese uitleg van psalm
20-21a	Prosaïese uitleg van vers 19
21b	Kultiese formule

Op grond van die indeling kom die onderskeie elemente van die indeling van die lied aan die orde.

4.5.1.2.1 (h) Prosaïese raam (1a, 19-21a)

Vers 1 vertoon sterk ooreenkomste met die inleidings van liedere van Moses (Deut 31:19,21,22,30)[177], en van Dawid (2 Sam 22:1,2a).[178] in die Ou Testament. Beide hierdie liedere funksioneer as byvoegings tot deuteronomistiese gedeeltes (Brenner 1991:43). Eksodus 15:1 bied geen ooreenkomste met uitdrukkings in die klassieke Pentateug-bronne (J, E, P) nie (Brenner 1991:43). Nog `n aanduiding van die agtergrond van die verse wat die prosaïese raamwerk uitmaak (1a, 19-21a), is te vinde in die verwysing na Miriam as `n *profetes* (v 20). 1 Kronieke 25:1-7 beskryf die tempelsangers as *profete*. Die struktuur van die Moseslied bied die moontlikheid van koorsang. Dit is moontlik dat die lied as beurtsang tussen mans en vrouens in `n koor gesing is (Brenner 1991:44). Dié tipe sang was eie aan die Leviete (1 Kron 25:1-3;2 Kron 35:15). Aäron word voorgestel as die broer van Miriam. Die term "broer" is die manier waarop Leviete na hulleself verwys het (1 Kron 23:32,2 Kron 35:6).

Brenner (1991:42-53) wend `n poging aan om die prosaïese raamwerk te dateer. Vers 19 is egter problematies. Hierdie vers toon ooreenkomste met P, maar die ooreenkomste is nie só oortuigend dat die verband tussen vers 19 en P oortuigend is nie. Die volgende dien as voorbeeld:

Eksodus 15:19aά

~Y"B; wyv'r'p'b.W ABk.rIB. h[or>P; sWs ab' yKi	*Want Farao se perd, met sy strydwaens en sy ruiters, het in die see ingegaan;*

[177] Die gedeelte verteenwoordig `n laat stadium van deuteronomistiese redaksie (Moran 1975:257).
[178] Die betrokke lied onderbreek die gebeure tussen 2 Sam 20:26 en 1 Kon 1:1. Op grond daarvan verklaar Brenner (1991:43) dit as `n byvoeging tot deuteronomistiese literatuur.

~Y"h;-l[; ~ynIxo ~t'Aa WgyFiY:w: ~h,yrex]a; ~yIr;c.mi qZEx;y>w: Alyxew> wyv'r'p'W h[or>P; bk,r, sWs-lK !poc. l[;B; ynEp.li troyxih; yPi-l[	**Eks 14:9**	*En die Egiptenare het hulle agternagesit, al die farao se perde en strydwaens, sy ruiters en sy weermag, en hulle ingehaal terwyl hulle gekamp het by die see, by Pi-hagarot, voor Baal-Sefon;*
~yIr;c.mi ble-ta, qZEx;m. ynIn>hi ynIa]w: Alyxe-lk'b.W h[or>p;B. hd'b.K'aiw> ~h,yrex]a; Waboy" wyv'r'p'b.W ABk.rIB ABk.rI h[or>P; sWs lKo ~h,yrex]a; WaboY"w: ~yIr;c.mi WpD>r>Yiw: ~Y"h; %AT-la, wyv'r'p'W	**Eks 14:17**	*En ek kyk,ek sal die hart van die Egiptenare verhard, sodat hulle agter my aan gaan,. En ek wil my verheerlik aan farao en sy hele weermag, aan sy strydwaens en sy ruiters;*
	Eks 14:23	*Toe het die Egiptenare hulle gejaag en agter hulle aan getrek, al die farao se perde, sy strydwaens en sy ruiters, die see in;*
~yvir'P'h;-ta,w> bk,r,h'-ta, WSk;y>w: ~yIM;h; WbvuY"w: ~Y"B; ~h,yrex]a; ~yaiB'h; h[or>P; lyxe lkol. dx'a,-d[~h,B' ra;v.nI-al	**Eks 14:28**	*En toe die waters terugvloei het hulle die strydwaens en die ruiters van farao se hele weermag wat agter hulle die see ingetrek het, oordek.. Niemand het oorgebly nie;*

Die bostaande ooreenkomste tussen Eksodus 15:19aά en Eks 14:9, 17, 23, 28 is merkbaar in terme van woordeskat en vaste uitdrukkings. Eksodus 14:9, 17, 23, en 28 is deel van P (Noth 1962:105; 1972:269; Campbell & O`Brien 1993:41).

Eksodus 15:19aβ toon ooreenkomste met nie-priesterlike stof in Eksodus 14

	Eks 15: 19aβ	*En hy het laat terugkom..die see;*
~Y"h; .....bv,Y"w:		
	Eks 14:27aβ	*En die see het teruggekom;*
~Y"h; bv'Y"w		

In hierdie geval is die ooreenkomste merkbaar in terme van woordeskat. Wat die ooreenkomste tussen Eksodus 15:19aβ en priesterlike stof betref, is ooreenkomste merkbaar wanneer volledige frases vergelyk word:

~Y"h; yme-ta, ~h,le[] hw"hy> bv,Y"	**Eks 15: 19aβ**	*en die Here het die waters van die see oor hulle laat terugkom;*
l[; ~yIM;h; Wbvuy"w> ~Y"h;-l[;	**Eks 14:26**	*..oor die see, sodat die waters kan terugkom;*

Eksodus 15:19b is `n identitiese herhaling van Eksodus 14:29a (Noth 1972: 269).

~Y"h; %AtB. hv'B'Y:b; Wkl.h' laer'f.yI ynEb.W	**Eks 15:19b**	*Maar die seuns van Israel het binne-in die see op droë grond getrek;.*
~Y"h; %AtB. hv'B'Y:b; Wkl.h' laer'f.yI ynEb.W	**Eks 14:29a**	*Maar die seuns van Israel het binne-in die see op droë grond getrek;*

Nogtans beteken dit nie dat Eksodus 15:19 aan priesterlike hande toegeskryf moet word nie. Die woordeskat en formules van Eksodus 15:19 en die ooreenstemmende P-gedeeltes kom oorspronklik in deuteronomistiese tekste voor. Hierdie ondersteun die moontlikheid dat die P-stof op D-stof gebaseer is. Die volgende dien as voorbeeld:

Eks 15:19aά	**Deut 11:3ev**	**Jos 24:6**
		hM'Y"h; WaboT'w:
~Y"B; ab'		
	wys'Wsl.	
sWs		
	h[or>p;	
h[or>P;		
	Abk.rIl.	~yvir'p'b.W
wyv'r'p'b.W		bk,r,B.
ABk.rIB.		
		@Ws-~y
~Y"B;		

Deuteronomium 11:3 en Josua 24:6 is beide laát (eksiliese of ná-eksiliese) tekste (Mayes 1981:207; Miller & Tucker 1974:179). Mayes (1983:51) beskou Josua 24 as `n oorspronklik ná-deuteronomistiese teks wat later deur Levitiese redaktors geredigeer is. Die teks was volgens Mayes oorspronklik deuteronomisties van aard.

Dit is moeilik om te bepaal of Eksodus 19aά van P of van D afhanklik is. Soos hierbo aangedui, is die formulering van die vers naby aan P. Die struktuur van die vers stem egter met D ooreen. In Eksodus 15:19 aβ bring Jahwe die waters oor die Egiptenare terug. Die deuteronomiese en deuteronomistiese tekste (Deut 11:3; Jos 24:6) gebruik die *hifil* stamformasie om aan te dui dat Jahwe die waters oor die Egiptenare terugbring.

Die volgende gevolgtrekkings is van belang:

- Die P-redaksie is op die D-redaksie gebaseer. Hierdie gevolgtrekking blyk uit die feit dat Eksodus 15:19 ooreenkomste met P-tekste toon (bv Eks 14:26). Die woordeskat in Eksodus 15:19 en P is kom egter in deuteronomistiese tekste voor. Om hierdie rede wil dit voorkom asof die P-redaksie op die D-redaksie gebaseer is. Nog `n bewys hiervan is dat Eksodus 15:19 dieselfde oorwinnings-motief as Eksodus 14 vertoon. Die skrywer (s) van die Moseslied het waarskynlik die P-weergawe gebruik as bron. Die Moseslied is dus gebaseer op Eksodus 14, maar tog vertoon dit deuteronomistiese kenmerke;
- Leviete het opdrag gehad om die deuteronomistiese Wet oor te dra (Deut 31:25; Neh 8). Hulle het waarskynlik deuteronomistiese stof in die ná-eksiliese tyd geherïnterpreteer;
- Die raamwerk van die Moseslied (1a, 19-21a) hoort in `n Levitiese konteks;

- Die vermenging van D en P stof in die Moseslied dui op `n ná-eksiliese konteks. P kan hoogstens in die ballingskapstyd gedateer word (Brenner 1991:51). Sommige navorsers (Schmidt 1995:104; Ska 2006:159-160) dateer P in die ná-eksiliese tyd. As die raamwerk van die Moseslied (Eks 15:1a, 19-21a) op P gebaseer is, dui dit ten minste op `n eksiliese of ná-eksiliese ontstaanstydperk.

4.5.1.2.1 (i) Kultiese formule (1b-3, 18, 21b)

In hierdie gedeelte kom die volgende elemente voor:

- Ooreenkoms tussen Eksodus 15:2 en Psalm 118; Jesaja 12:1-3, 4-6,; 25:1, 9; 26:1ev;
- Analise van die doksologie (v3);
- Bespreking van die refrein (1b, 21b);
- Samevatting van kultiese formule (1b-3, 18, 21b).

Eksodus 15:1b, 2 toon **ooreenkomste** met tekste in Jesaja. Die doel van hierdie vergelyking is om `n gemeenskaplike kultiese styl tussen die kultiese formule in die Moseslied, Psalm 118 en Jesaja 12:1-3, 4-6; 25:1, 9; 26:1 aan te dui. Die gemeenskaplike kultiese formules van Jesjaja 12:1-3, 4-6; 25:1, 9; 26:1; Psalm 118; en Eks 15:1b-3, 18, 21b) is moontlik `n aanduiding dat dieselfde groep (e) vir die komposisie van die onderskeie kultiese tekste verantwoordelik is.

~Y"b; hm'r' Abk.row> sWs ha'G" haog"-yKi hw"hyl; hr'yvia'	**1b** *Ek wil sing tot die Here, want hy is hoog verhewe, perd en ruiter het hy in die see gegooi;*
h['Wvyli yli-yhiy>w: Hy" tr'm.zIw> yZI['	**2a** *Die Here is my krag en my lied, hy het my gered.*
Whn>m,m.roa]w: ybia' yhel{a/ WhwEn>a;w> yliae hz<	**2b** *Hy is my God, ek sal hom verheerlik, die God van my vader, hom sal ek verhef.*
Amv. hw"hy> hm'x'l.mi vyai hw"hy>	**3** *Die Here is `n kryger, Here i sy naam.*

Die tekste in Jesaja 12:1-3, 4-6; 25:1, 9; 26:1 bevat almal dieselfde openingsformule:

~AYB; T'r>m;a'w>	**12:1** *En in dié dag sal jy sê:*
~AYB; ~T,r>m;a]	**12:4** *En in dié dag sal julle sê*
~AYB; rm;a'w>	**25:9** *En in dié dag sal hulle sê:*
rv;Wy aWhh; ~AYB;	**26:1** *En in dié dag sal hierdie lied gesing word:*

Net Jesaja 25:1 begin nie met die formule nie. Nogtans toon Jesaja 25:1 genoeg sintaktiese ooreenkomste met Jesaja 12:1 sodat ons Jesaja 25:1 as deel van die groep tekste (Jes 12:1; 12:4; 25:9; 26:1) kan klassifiseer (Brenner 1991:54).

Die volgende **ooreenkomste** tussen Eksodus 15:2 en die Jesaja-tekste is aan die orde:

Eksodus 15:2a is identies aan Jesaja 12:2b. Die enigste verskil is dat die Jesja-teks `n verduidelikende hw"hy> na die Hy" plaas. Die woord Hy" kom elders net in ná-eksiliese tekste voor (Brenner 1991:67).

Eks 15: 2a	*Die Here is my krag en my lied, hy het my gered.*
Jes 12:2	*Kyk, God is my heil, ek sal vertrou en nie vrees nie, want die Here is my krag en my lied en hy is My redding.*

h['Wvyli yli-yhiy>w: Hy"
tr'm.zIw> yZI['

dx'p.a,
al{w> xj;b.a, yti['Wvy> lae
hNEhi
h['Wvyli yli-
yhiy>w: hw"hy> Hy" tr'm.zIw>
yZI['-yKi

Die eerstepersoon-uitroep in Eksodus 15: 2b bevat `n struktuur van 5 opeenvolgende woorde wat met , begin. In Jesaja 25:1 kom dieselfde patroon vier maal agtereenvolgens voor:

Eks 15:2b	*Hy is my God! Ek sal hom verheerlik, die God van my vader, hom sal ek verhef.*
Jes 25:1	*U is my God! U sal ek verhoog; ek sal (u naam) loof!*

Whn>m,m.roa]w: ybia' yhel{a/
WhwEn>a;w> yliae hz<

Whn>m,m.roa]w: ybia' yhel{a/
WhwEn>a;w> yliae hz<

In Eksodus 15:2b en Jesaja 25:9 kom die konstruksie hz< Âgoddelike naam voor:

Eks 15:2b	*Hy is my God!*
Jes 25:9	*Dit is die Here;*

yliae hz<

hw"hy> hz<

Die konteks van die Jesaja-tekste (12:1-3, 4-6,; 25:1, 9; 26:1ev) is belangrik. Talle navorsers dateer die Jesja-tekste in die ná-eksiliese tyd (Kaiser 1972:167; 1974:173). Die moontlikheid bestaan dat die Jesaja-tekste (12:1-3, 4-6,; 25:1, 9; 26:1ev) later in die Jesajaboeke ingevoeg is om sodoende die boek Jesjaja met die kultus te verbind (Lindblom 1962:284). Jesaja 26:1 verwys na `n optog gedurende `n fees om sodoende die opbou van die mure van Jerusalem te vier. Die heropbou van die mure plaas die tekste in die tydperk van Nehemia (minstens 350vC), toe die mure van Jerusalem herbou is (Neh 1:1-7:73).

Die stilistiese ooreenkomste tussen Eksodus 15:2 en die Jesaja-tekste dui op `n moontlike gesamentlike agtergrond van die onderskeie tekste.

Eksodus 15:2 vertoon verder **ooreenkomste** met Psalm 118:

Kirkpatrick (1985:693) beskou Psalm 118 as `n ná-eksiliese psalm. Hy beskou die Tabernakelfees ná die opbou van Jerusalem se mure deur Nehemia as die *Sitz im Leben* van die psalm.[179] Die volgende dien as motivering:

Die refrein Ds.x; ~l'A[l. yKi bAj-yKi hw"hyl; WdAh (Ps 118:1) is eie aan die Levietiese gebruik tydens die Tweede Tempel-tydperk (1 Kron 16:34, 41; 2 Kron 5:13; 7:3, 6; 20:21; Esra 3:11; Jer 33:11; Ps 106:1, 107:1, 8, 15, 21, 31; 136:1). Hierdie psalms dateer almal uit die ná-eksiliese tyderk (Kirkpatrick 1985:624, 637,776).

Die volgende uitdrukkings kom in Psalm 118 en Nehemia voor:

aN" hx'ylic.h;	**Ps 118:25**	*Gee tog voorspoed!*
aN"-hx'ylic.h;w>	**Neh 1:11**	*Gee hom voorspoed*

Die patroon aN" hx'ylic.h;.. aN.. aN"a' kom in albei tekste voor. Die konteks, naamlik die herbou van Jerusalem se mure stem ook ooreen. Nehemia 1:11 is `n gebed vir die suksesvolle herbou van die mure. Dieselfde motief kom in Psalm 118: 22-24 voor, waar die suksesvolle bouprojek gevier word. Die einde van die heropbou van die mure in Nehemia Psalm 118: 23, 24a en Nehemia 6:16 toon die volgende ooreenkomste:

- Albei gedeeltes skryf die suksesvolle bouprojek aan die werk van Jahwe toe;
- In albei vind die Tabernakelfees by die Tempel plaas;
- Voorskrifte vir die fees is dieselfde (Ps 118:24; Neh 8:9-12).
- Selfs die gebruik van palmtakke kom in albei tekste voor (Ps 118:24-27; Neh 8:13-18).

Die bogenoemde voorbeelde bevestig die moontlikheid dat Psalm 118 oorspronklik `n dankseggingslied was wat `n bepaalde rol tydens die herbou van die mure van Jerusalem gespeel het..

.

Die verband tussen Psalm 118 en die Jesaja-tekste is soos volg:

Ps 118:19, 21, 28, 29	Vertaling	Jes 25:1; 12:2a, 4	Vertaling
Hy" hd,Aa	*Ek wil die Here loof*	^m.vi hd,Aa	*U naam sal ek loof;*
yKi ^d>Aa	*Ek wil u loof, omdat..*	yKi hw"hy> ^d>Aa	*Ek wil u loof Here,omdat;.*
Hd,Aa	*Ek wil u loof*		
yKi hw"hyl; WdAh	*Loof die Here, want...*	yK hw"hyl; WdAh	*Loof die Here, want;*

Ooreenkomste tussen Psalm 118:19, 21, 28, 29 en Jesaja 12:2a, 4; 25:1 dui in terme van woordeskat op moontlike gemeenskaplike liturgiese formules.

Die vreugde en fees-motief kom in albei tekste voor:

At['WvyBi hx'm.f.nIw> hl'ygIn" hw"hy> hz<	**Jes 25:9b**	*Dit is die Here..laat ons juig en bly wees oor sy hulp.*

[179] Die verskillende opinies rondom *Gattung* en *Sitz im Leben* sluit in: eskatologies dankseggingspsalm (Becker 1966:56-57); herfsfees-liturgie (Weiser 1962:725); Nuwejaarsritueel (Johnson 1979:126, Eaton 1976: 130; Anderson 1972:797, 800); oorspronklike koninklike lied wat in `n prosessie-liturgie omskep is (Tate 1983:124).

Ab	**Ps 118:24**	*Dit is…laat ons daaroor juig en bly wees.*

hx'm.f.nIw> hl'ygIn" hw"hy>

Die ooreenkomste tussen Eksodus 15:2, die Jesaja-tekste en Psalm 118 dui op `n gemeenskaplike agtergrond. `n Gemeenskaplike *Sitz* kom voor, naamlik die herbou van die mure van die Jerusalem en die daaropvolgende fees. Eksodus 15:2 verskil met die Jesaja-tekste en Psalm 118 in terme van *genre*. In die Jesaja-tekste en Psalm 118:1 en Jesaja 12:1, 2, 4, 5,6; 25:1 is die term WdAh *(dank)* `n aanduiding van die dankseggingskarakter van die tekste. In Eksodus 15:2 kom die term WhwEn>a;w> *(Ek wil hom loof)* voor wat op `n oorwinnings-motief dui (Tate 1983:124).

Die **doksologie** Amv. hw"hy> hm'x'l.mi vyai hw"h (*Die Here is`n kryger, Here is sy naam*: Eks 15:3) beskryf Jahwe as `n kryger. In Psalm 24 kom die motief van Jahwe as kryger ook voor. Die ooreenkomste tussen Eksodus 15: 3 en Psalm 24 is veral merkbaar wanneer ons Psalm 24:7-10 met die liturgiese motiewe en formules wat die Moseslied open en afsluit vergelyk. Hier volg die ooreenkomste tussen die Moseslied en Psalm 24:

Psalm 24:8 vra die vraag hz< ymi (*Wie is hierdie?*). Die verwagte antwoord is `n beskrywing van God, soos ons in Eksodus 15:2 vind:

	2b	*Hy is my God, ek sal hom verheerlik, die God van my vader, hom sal ek verhef.*

Whn>m,m.roa]w: ybia' yhel{a/
WhwEn>a;w> yliae hz<

Psalm 24:8 beskryf God as `n koning wat sy heiligdom betree. Die Moseslied besing Jahwe se toetrede tot die heiligdom en verklaar sy heerskappy as koning (v13,17).

Die meeste navorsers (Prinsloo1991:16; Hossfeld 1993:156; Vos 2005:140) beskou Psalm 24 as `n toetrede-liturgie. Die uitleg van die psalm sentreer rondom die historiese (die koms van die ark in Jerusalem -2 Sam 6) en die mitologiese (antieke fees wat Jahwe se mag oor vyande vier). Volgens Seybold (1996:104) dateer die liturgiese funksie van die psalm waarskynlik uit die ná-eksiliese tydperk.

Psalm 24 toon ooreenkomste met die boek Jesaja in terme van woordeskat en motiewe. In terme van woordeskat lyk die ooreenkomste soos volg:

~yrI['v.	**Ps 24:7,9; Jes 26:2**	*Poorte*
yxet.Pi	**Ps 24:7,9; Jes 26:2**	*Deure*
aAb	**Ps 24:7,9; Jes 26:1**	*Ingaan*
tAab'c. hw"hy>	**Ps 24:8ab, 10ab; Jes 24:23**	*Here van die leërskare*

Terme soos poorte, deure, ingaan, en "Heer van die leërskare" wys na `n moontlike kultiese agtergrond, meer spesifiek na `n toetrede-liturgie (Vos 2005:148).[180] Verskeie motiewe in Psalm 24 kom ooreen met Jesaja 6:1-5. In Psalm 24:7, 10 is Jahwe terselfdertyd koning en heerser oor die weermag (Jes 6:5). In Psalm 24:7 moet die hekke oplig om Jahwe as koning te ontvang. Jesaja 6:1 verwys in dieselfde woorde na Jahwe wat hoog verhewe is.

Die ooreenkomste tussen die boek Jesaja en Psalm 24 dui op `n moontlike gemeenskaplike kultiese agtergrond. Psalm 24 teken `n beeld van God wat die tempel betree. In die konteks van die Moeslied weerspieël die intog van die Beloofde Land waarskynlik die toetrede tot die tempel (Brenner 191:175).

Die **refrein** van die Moeslied hw"hyl; hr'yvia' (1b) hw"hyl; Wryvi (21b) omraam die prosaïese gedeelte (v 4-17). Die volgende opmerkings is van belang:

- Die uitdrukking hw"hyl; Wryvi (21b) kom in eksiliese (Jes 42:10) of ná-eksiliese tekste voor (Jer 20:13; Ps 33:3; 68:5, 33; 96:1, 2; 98:1; 105:2; 149:1; 1 Kron 16:9, 23). Die werkwoordvorm haog ((21b) kom slegs in eksiliese of ná-eksiliese tekste (Eseg 47:5: Job 8:11; 10:16) voor (Brenner 1991:81);
- Die werkwoord hm'r (21b) kom slegs in `n eksiliese (Jer 4:29) of ná- eksiliese tekste (Ps 78:9) voor (Brenner 1991:82);
- Die spesifieke formule Abk.row> sWs ha'G (21b) kom in ná-eksiliese tekste (Job 39:18; Jer 51:21; Hag 2:22; Sag 12:4) voor (Brenner 1991:84). Carrol (1986:841) dateer Jeremia 51:21 ná die val van Babilonië.

Brenner slaag daarin om die kultiese formules as ingegrale deel van die Moeslied te tipeer. Verder dui hy op oortuigende wyse aan hoe die kultiese formule met ander ná-eksiliese tekste verband hou.

Die volgende **gevolgtrekking**s aangaande die kultiese formule van die Moeslied (ev 1b-3, 18, 21b) is ter sake:

- Die kultiese formules[181] toon verbande met `n kultiese styl wat eie is aan ná-eksiliese tekste (Jes 12:1-6, ; 25:1, 9; 26:1ev; 63:1; Ps 118; Neh 9:18; Jer 33:2). Die konteks van hierdie tekste is die herbou van die mure van Jerusalem in Nehemia se tyd. Die spesifieke kultiese formules in die Moeslied kom voor in prosessies tydens die toetrede van die tempel of die stad Jerusalem (Jes 12:1-6; 25:1,9; 26:1ev; 63:1; Ps 24:7-10; 118; Neh 9:18).
- Die spesifieke kultiese formules kan herlei word na die Leviete van die Tweede Tempel (Ps 118; Jer 33:2).
- Die Moeslied is waarskynlike geskryf deur Leviete, wat die uittog-verhaal vir die kultus geherïnterpreteer het. Verder bestaan die moontlikheid dat die Moeslied in die konteks van `n oorwinningslied tydens die herbou van Jerusalem se mure onder Nehemia ontstaan het (Brenner 175-177).

---

[180] Vos (2005:148) moem `n paar moontlikhede. Die uitroep kon aan die persone in die heiligdom gerig wees. Sodoende funksioneer die uitroep as `n opdrag om die hekke oop te maak sodat die aanbidders kan inkom. In die tweede plek is daar `n moontlike mitiese konnotasie. In `n mitiese konteks is die uitroep aan die hekke self gerig. Die hekke funksioneer dan as `n personifikasie van lof aan die koning wat die heiligdom betree.

[181] ~Y"b; hm'r' Abk.row> sWs ha'G" haog"-yKi hw"hyl; hr'yvia' (*Ek wil sing tot die Here, want hy is hoog verhewe, perd en ruiter het hy in die see gegooi: Eks 15:1b);*

- h['Wyle yli-yhiy>w: Hy" tr'm.zIw> yZI[' (*Die Here is my krag en my lied, hy het my gered: Eks15:2a);;*
- Whn>m,m.roa]w: ybia' yhel{a/ WhwEn>a;w> yliae hz< (*Hy is my God, ek sal hom verheerlik, die God van my vader, hom sal ek verhe: Eks 15:2b);*
- Amv. hw"hy> hm'x'l.mi vyai hw"hy> (*Die Here is n kryger, Here is sy naam: Eks 15:3);*

4.5.1.2.1 (J) Moseslied (vv 4-17)

Die Moseslied bestaan uit twee hoofdele (ev 4-12; 13-17). Die eerste deel (vv 4-12) sentreer rondom die redding by die Rietsee. Die tweede gedeelte (vv 13-17) handel oor die intog in die Beloofde Land. Die ondersoek na die beide gedeeltes dien om raakpunte tussen die Moseslied en die Leviete van die tweede tempel aan te dui. Ek bespreek die hoofgedeeltes van die Moseslied (4-12, 13-17) in terme van die ooreenkomste met ná-eksiliese tekste.

Vers 4-12: Wonder by die Rietsee

My hiptotese is dat die ná-ballinsgkap konteks, en meer spesifiek die tyd van ná die herbou van die mure van Jerusalem (444vC) as agtergrond van die lied dien. Die herbou van die mure het reaksie van sekere groepe ontlont (Neh 4:1). In die lig hiervan beskryf die Moseslied God se oorwinning oor die vyande tydens die herbou van Jerusalem se mure. Die verwysings na die Rietsee dien om te illustreer hoe God wat die Egiptenare gestraf het, ook hierdie groepe wat die bou van die tempel weerstaan, vernietig het. Redding tydens die herbou van die mure is net so belangrik soos die redding by die Rietsee. By albei geleenthede was Israel se voortbestaan in gedrang, maar God het hulle gered.

Die volgende is voorbeelde van hoe die Moseslied by ná-ballingskap tekste aansluit:

- In Vers 4b is daar ooreenkomste met **Eksodus 14:7**, maar nie wat presiese taal en frasering aanbetref nie. Dieselfde frases of uitdrukkings van vers 4b kom slegs in **Jeremia 48:15** voor. Ooreenkomste tussen Jeremia 48:15 en Eksodus 15:4b en 5b sien soos volg daaruit:

Eks 15:4b *Sy beste soldate het gesink.*

W[B.ju wyv'liv' rx;b.miW

Eks 15:5b *En hulle het gesink;*

Wdr>y"

Jer 48:15 *En sy beste jongmanne het afgegaan.*

Wdr>y" wyr'WxB; rx;b.miW

In Jeremia 48:14 is daar ooreenkomste met die kultiese formule van die Moseslied (Eks 15:3,18):

Eks 15:3 *Die Here is `n kryger; Here is sy naam;*

Amv. hw"hy> hm'x'l.mi vyai hw"

Eks 15:18 *Die Here sal regeer vir ewig en Altyd.*

d[,w" ~l'[ol. %l{m.yI hw"hy

Jer 48:14 *...Ons is bekwaam om te veg?*

hm'x'l.Mil; lyIx;-yven>a;

Die konteks van Jeremia 48 is die oordeelsuitsprake van God teen die nasies (in hierdie geval Moab). Jeremia 46-51 bevat oordeels-uitsprake teen die Filistyne, Moab, Ammoniete, Babiloniërs, Die Moseslied toon ooreenkomste met dié tipe literatuur.

- In vers 5 is daar ooreenkomste met Psalm 107 in terme van frasering:

Eks 15:5 *Die watervloede het hulle oordek; hulle het in die kolke gesink.*

tl{Acm.bi Wdr>y" WmyUs.k;y>
tmohoT.

Ps 107:24 *..en gesink na die dieptes.*

tAmAht. Wdr>

- Volgens Allen (1983:62) vertoon Psalm 107 ná-eksiliese (spesifieke Levietiese) trekke Hy vind ooreenkomste tussen die metaforiese taalgebruik van Job en Deutero-Jesaja. Die feit dat die wysheideleraars nie in vers 32 genoem word nie, is vir hom `n aanduiding dat die psalm juis in die konteks van die wysheidskool tuishoort. Vers 33-43 plaas die natuur saam met die geskiedenis onder Jahwe se mag. Hy koppel hierdie denkpatroon aan die laát-wysheidsteologie, wat hy met die Levitiese priesters van die ná-ballingskap tydperk assosieër;

- In vers 6 kom die uitdrukking hw"hy> ^n>ymiy> *(u regterhand, Here)* voor. Hierdie uitdrukking kom verder in Psalm 118:15b-16 voor. Psalm 118:15b-16 vertoon bande met die Leviete van die Tweede Tempel.[182] Die konteks van Psalm 118 is te vinde in die dankfees ná afloop van die herbou van Jerusalem se mure (Brenner 1991:72);

- Vers 7 beskryf Jahwe se woede teen diegene wat Hom teenstaan. Hierdie motief kom in latere profete voor (Nah 1:11), maar as geheel toon die uitdrukking ^n>rox] xL;v;T. ooreenkomste met **Psalm 78:49**. Die psalm is op grond van die opskrif (Ps 78:1) `n produk van die skool van Asaf. Die woorde ^n>rox] xL;v;T. (*U stuur U toorn*) kom buiten Eksodus 15:7 in een ander konteks, naamlik Psalm 78:49 voor.;

- Vers 8 beskryf God se optrede by die Rietsee. In die nié- priesterlike weergawe van die wonder (Eks 14:21)[183] is dit God wat die wind beheer en gebruik as sy instrument. Die Moeslied koppel die wind direk aan God x;Wrb ^yP,a (*Die wind van u neus*). Hierdie uitdrukking kom ooreen met die motief van die antieke Oosterse mite van die stormgod, wat in die Moeslied geherïnterpreteer word (Cross 1973:131). Die mitologiese motiewe van die uittog kom eers in eksiliese of ná- eksiliese tekste voor (Jes 51:1,9,10a). Wat die psalms aanbetref, kom die mitologiese motiewe van die uittog in die Asaf-Psalms voor (Pss 73:13-15; 77:17-20; 106:9).[184] Die term ~Aht. wat gebruik word om die waters van die Rietsee te beskryf, kom in die psalms slegs in die sogenaamde Asaf-psalms voor (Pss 77:17; 106:9);

- Volgens vers 9 wil die vyand die Israeliete wil wegdryf. Hierdie gedagte vind neerslag in twee ander tekste, naamlik **Esegiël 35:10; 36:2** en **Psalm 83:13**. Psalm 83:12 toon `n vyfwoord alliterasie formule (Amkeysin>-l**K**' [N"mul.c;**k**.W xb;**z<k**.W baez>**k**iw> bre[o**K**) wat ooreenstem met Eksodus 15:9 (qLex;**a**] gyF**ia**; @Dor>**a**, byEA**a** rm;**a**') Die herhaalde slotformule Am kom buiten die Moeslied slegs in Psalm 83 voor (vv 12, 14). Albei tekse is op plekke teen die nasies gerig, en albei gebruik die seldsame uitdrukking tv,l,P. om die Filistyne te

[182] Die refrein Ds.x; ~l'A[l. yKi bAj-yKi hw"hyl; WdAh (Ps 118:1) is eie aan die Levietiese gebruik tydens die Tweede Tempel-tydperk (1 Kron 16:34, 41; 2 Kron 5:13; 7:3, 6; 20:21; Esra 3:11; Jer 33:11; Ps 106:1, 107:1, 8, 15, 21, 31; 136:1). Hierdie psalms dateer almal uit die ná-eksiliese tyderk (Kirkpatrick 1985:624, 637,776).
[183] Vlg Noth (1972:269).
[184] Pss 96, 105-106 toon ooreenkomste met 1 Kron 16:7 (deel van die uitroepe van die Asaf-familie). In die lig hiervan bestaan die moontlikheid dat Pss 96, 105, 106 in die invloedsfeer van die Asaf-familie val.

beskryf. Die tekste vertoon teologiese ooreenkomste. Albei neem standpunt in teen omringende volke wat die land wil oorneem. Verder noem Esegiël vir Edom as die grootste vyand (Eseg 35:2,15;36:5), terwyl **Psalm 83** Edom eerste noem in die lys van die vyande**.** Psalm 83 is waarskynlik`n ná-eksiliese teks (Fohrer 1984:291; Gerstenberger 2001:121), terwyl die Esegiël-teks ten minste `n eksiliese datering veronderstel (Hossfeld 2004:491-492); [185]

- Vers 10 bevat die uitdrukking ~y" AmS'Ki. Hierdie uitdrukking toon ooreenkoms met **Psalm 78:53**. Beide Eksodus 15:6 en Psalm 78 verwys na `n vyand wat verswelg word deur waters. **Psalm 78** is `n Asaf - psalm (na aanleiding van die opskrif en die plasing van die psalm in die psalmbundel).[186]Op grond van hierdie gemeenskaplike motief, is daar `n verband tussen Psalm 78 en die Moseslied;

- Vers 11a besing Jahwe se grootheid bo alle gode. Die term vd,QoB; verwys gewoontlik na `n kultiese gebruik waar `n god se heerskappy oor ander gode besing word[187], maar dit kan ook vertaal word "*in die heiligdom*".[188] **Psalm 89:6-9** besing Jahwe se grootheid bo die gode. Psalm 89:6-9 en **Psalm 77:14** vertoon sterk ooreenkomste met vers 11. Die volgende geld as voorbeelde van die ooreenkomste tussen die twee psalms: **Psalm 89** verwys na die groot krisis wat die huis van Dawid getref het, ten spyte van die beloftes dat die Dawidshuis vir altyd sal bly voorbestaan (2 Sam 7). Hierdie verwysing veronderstel `n làát datering (eksilies of ná-eksilies).[189] Psalm 89 is in terme van formulering en styl nou verbonde aan Psalm **74:13-16**, wat die vernietiging van die tempel uitbeeld. Albei tekste gebruik dieselfde direkte aanspreekvorm vir God om teen die dreigende waters op te tree. Elkeen van die tekste gebruik `n paar teenoorgesteldes om aan te illustreer dat die hele skepping aan God behoort. Verder bevat beide tekste mitiese gedeeltes waar God die dreigende waters (in albei gevalle deur die seemonster gepersonfieer) verslaan. Die psalm dateer dus uit die eksiliese of ná-eksiliese tyd. Albei tekste gebruik `n direkte aanspreekvorm vir God hT'a;. Hierdie aanspreekvorm vir God is eie aan ná-eksiliese tekste (Neh 9:6ev; 2 Kron 20:6ev). Albei tekste verteenwoordig ook `n oproep tot die herstel van die Dawidsryk. **Ps 77:14** kom feitlik woordeliks ooreen met Eksodus 15:11a, terwyl Psalm 77:15a woordeliks met Eksodus 15:11b ooreenstem (met die uitsondering van die godsname ~yhil{a/ en hw"hy>). **Psalm 77** skets die konteks van die uittog in presies dieselfde taal as die Moseslied. **Psalm 78** is deel van die Asaf-psalms. Psalm 89 en Psalm 74 verwys na die vernietiging van die tempel, en dateer daarom ten minste uit die ballingskap tydperk. **Psalm 89** verwys verder na die familie van Etan, wat noue bande met die Leviete gehad het (1Kron 15:17, 19). Die bostaande dien om die verbande tussen Eksodus 15:11a en ná-ballingskap tekste te bevestig;

- Vers 11b toon ooreenkomste met die literatuur uit die Nabye Ooste wat handel oor die geveg tussen `n god en die see (Brenner 1991:113). Gewoontlik bou die oorwinnaar `n tempel na sy oorwinning oor die waters. Dan ontvang hy die titel van " heerser al die gode ". Die Moseslied beskryf Jahwe as die heerser vd,QoB. Die woord

[185] Eseg 36:8-10 verwys na die terugkeer uit die ballingskap as `n feit. Om dié rede kan die teks nie vroeër as die làát-ballingskap gedateer word nie. Eseg 35:1-36:15 beskryf landsbesit-kwessies. Dit dui in allle waarskynlikheid op `n ná-eksiliese konteks vanweë die feit dat landsbesit-kwessies eers `n kritiese kwessie ná die terugkeer uit ballingskap geword het (Zimmerli 1983:234; Brenner 1991:109).

[186] Nie almal aanvaar `n laat datering nie. Tate (1990:285) noem argumente en teenargumente in verband met die datering. Hy kies vir `n vóór-eksiliese ontstaanstydperk vir die psalm. Ek is van mening dat die psalm `n ná-eksiliese ontstaan regverdig (sien 4.8.2.1.4).

[187] KTU 1.3 C 27, 64, 4 VII 49 ev; Enuma Elish VI 167; VII 13)

[188] Dit bring die teks nader aan die Baal-mite. In KTU 1.3 C27,64 is daar `n verwysing na Marduk as die grootste in die vergadering van die gode.

[189] Die wat `n vroeë datering volhou (Cross 1973:135,144) dui aan dat die psalm groei vertoon. Vers 6-19 is volgens hierdie benadering deel van `n vroeëre psalm .

vd,QoB verwys moontlik na die heiligdom. Daarom toon die Moseslied ooreenkomste met mitologiese literatuur waar oorwinnaar tussen ander gode as oorwinnaar geprys word. Die woorde **al,p, hfe[** kom slegs in `n paar tekste voor (Jes 25:1; Ps 77:15; 78,12; 88:11). **Psalms 77** en **78** is op grond van hulle opskrifte van Levitiese oorsprong. **Psalm 88** word met die familie van Heman verbind , wat noue bande met die Leviete gehad het (1 Kron 15:17). **Jesaja 25:1** kom sterk ooreen met verse 1 en 2 van die Moseslied.[190] Die frases wat vir lof gebruik word in die Moseslied, is ook te vinde in **Psalm 106** (Brenner 1991:121). Die lof-frases kom in die Moseslied spesifiek voor in die konteks van God se reddingsdade by die Rietsee.

- In vers 12 is daar ooreenkomste met die woestyn-rebellie. Die term **#r,a' Am[el'b .** kom slegs op `n paar plekke in die Ou Testament voor (Num 16:30,32,34, [J][191]; 26:10 [P][192]; Deut 11;6; Ps 106:17). Die nie-priesterlike verhaal (Num 16:30,32, 34) vertel van Abiram en Datan se rebellie teen Moses se outoriteit. In die priesterlike verhaal (Num 26:10) is daar `n verwysings na die seuns van Korag wat op ander priesters neerkyk. Numeri 26:10 verwys na die Koragiete as Leviete, en om hierdie rede dateer Numeri 26:10 waarskynlik uit die ná-eksiliese tyd. Koragiete is eers ná die herbou van Jerusalem se mure as Leviete gereken (vgl Neh 11:15-19). **Psalm 106** verwys na dieselfde rebellie sonder enige verwysings na die Koragiete as die skuldiges wat die rebellie veroorsaak het. Die feit dat die Koragiete nie as die skuldiges voorkom nie dui moontlik daarop dat die skrywer (s) van Psalm 106 noue bande met die Koragiete gehad het. Die moontlikheid bestaan dat vers 12 `n oorspronklike anti-koragitiese teks is om God se optrede teen die vyand uit te beeld (vlg Ps 106:16-18).[193]

Vers 13-17: intog in die Beloofde Land

Die tweede deel van die lied handel oor God wat sy volk in die Beloofde Land inlei. Ek fokus veral op twee aspekte. In die eerste plek is ek oortuig dat die intog in die land gelyk gestel word aan die intog in die tempel. In die tweede plek is daar `n moontlike ooreenkoms tussen die vyande wat die herbou van die tempel wil keer, en die vyande (Egiptenare) tydens die Rietsee-gebeurtenis. Ek beskou die Moseslied as `n herïnterpretasie van die Rietsee-gebeurtenis.

Die struktuur van Eksodus 15:13-17 toon ooreenkomste met **Psalm 77:21**. Eerstens kom dieselfde terminologie in albei tekste voor:

t'yxin" (Eks 15:13, Ps 77:21)

---

[190]

Whn>m,m.roa]w: ybia' yhel{a/ WhwEn>a;w> yliae hz<	**Eks 15:2b**	*Hy is my God! Ek sal hom verheerlik; die God van my vader, hom sal ek verhef.*
Whn>m,m.roa]w: ybia' yhel{a/ WhwEn>a;w> yliae hz<	**Jes 25:1**	*U is my God! U sal ek verhoog; ek sal (u naam) loof!*

[191] Noth (1972:32).

[192] Noth (1972:32) probeer nie die laaste gedeelte van die boek Numeri (Num 25-36) aan spesifieke bronne toeskryf nie. Hy voer aan dat die verskillende redaksies dit onmoontlik maak om hierdie hoofstukke (ná Num 25) te rekonstrueer. Nogtans dui die primêre rol van Eleasar vir my op `n priesterlike tradisekring. Eleasar se rol bereik `n hoogtepunt in Num 27:18-21, waar Josua `n tweederangse posisie teenoor Eleaser inneem (Noort 2000:204). Eleaser speel veral `n belangrike rol waar die wat landskwessies (bv verdeling van die land) betref (Seebass 1985: 53-65).

[193] Die verhouding tussen die verskillende Levitiese families is kompleks. Goulder (1996) dui aan dat daar konflik tussen die Asafiete en die Koragiete (en in `n mindere mate met die familie van Merari) ontstaan het. Hierdie konflik was heel moontlik `n resultaat van verskillende Levitiese families wat hulle posisie in die kultus probeer legitimeer het.

T'l.a'G" (Eks 15:13,Ps 77:16)

^Z>['b. (Eks 15:13,Ps 77:15b)

Die Rietsee-tradisie (Ps 74; 77; 78; 106) en die motief van God wat Sy volk as herder lei figureer sterk in die Asaf- psalms (Ps 74:1; 78:52; 80:2). Die uitdrukking **vd'Q.mi** kom eksklusief in die Psalms van Asaf voor (Ps 74:2; 78:55);[194] Die volgende ooreenkomste bestaan tussen die struktuur van die tekste:

Vrees (volke) (14-16)	Vrees (waters) (17-20)
lyxi !WzG"r> (14)	WzG>r>yI Wlyxiy" (17)
hw"hy> (16b)	~yhil{a/ (17a)
Wz-~[; ^M.[; (16b)	^M,[; (21)

Die volgende is voorbeelde waar terminologie in die Moseslied,veral wat die intog in die land/tempel en die vrees van de volke aanbetref, ooreenkomste met ná-ballingskap tekste toon:

- Die term hwEn> (v 13) dui op `n herdelike konteks (Brown, Driver & Briggs 2007:627). Verder is die tema van Jahwe as herder wat sy volk die Beloofde Land inlei, eie aan die eksiliese- ná-eksiliese tekste (Jes 40:11; Mig 7:14). Psalms van Asaf verbind die term **hwEn** met die God van die uittog (Ps 74:1b;77:21; 78:52). Op `n linguistiese vlak, kom die konstruksie van נוה + קדש in Jeremia 31:23 voor. Hierdie spesifieke deel van die Jeremiaboek vertoon sterk Levitiese redaksie (Brenner 1991:131). Die werkwoordstam **l,g** ((v 13) verwys na God se reddingsdade in die Moseslied na God se reddingsdade by die Rietsee. Hierdie uitdrukking het egter `n legalistiese agtergrond. Dit het veral betrekking op die terugkoop van land, of die terugkoop van `n individu wat in slawerny verkoop is (Jer 32:7; Rut 4:1-10). Voorbeelde waar Jahwe as die *redder* van Israel beskryf word, kom slegs in eksiliese of ná-eksiliese tekste voor (Jes 41:12; 43:1; 44:6, 22-24; 47:4; 48:17; 49:7; 51:10; 52:3; 54:5, 8; Pss 74:2; 77:16; 78:35; 106:10; 107:2). Die term *redder* verwys dikwels eksplisiet na die uittog (Jes 51:10; 63:9; Pss 74:2;77:16;78:35;106;10).[195] Ook die woord **קנה**, wat God se 'loskoop'van Sy volk uitdruk, kom menigmaal in die konteks van die uittog voor (Deut 32:6; Pss74:2;78:54);

- Die tweede helfde van die lied (ev 13-17) toon liturgiese trekke. Soos hierbo aangedui, kom die terme נוה (v 13) en קדש (v 17) in **Jeremia 31:23** voor. Binne die konteks van Jeremia 31:23 kom die hele Juda by Sionsberg bymekaar. Nogtans sluit dit waarskynlik Jerusalem en die tempel in (Carrol 1986: 605-607). Die term **hwEn** verwys na Jerusalem as woonplek van Jahwe, terwyl **vd,Qoh;** na Jahwe se heilige berg as woonplek verwys. Alhoewel die term in die Mosesslied na die land verwys, bestaan die moontlikheid dat dit ook na die tempel kan verwys. In **Psalm 78** is daar `n parallel. **Psalm 78:54** skets `n beeld van die volk wat op die grens (waarskynlik die grens van die Beloofde Land) aankom. Die kernvers is egter vers 68, waar die berg met die heiligdom op die berg sentraal staan. Die Moseslied loop uit op die klimaks waar die volk uiteindelik by die heiligdom aankom wat God gebou het (Eks 15:17). In Psalm 78 funksioneer die land die woonplek van die tempel (Brenner 1991:137).[196]. Daarom verwys die term קדש in Psalm 78 waarskynlik na die land *en* die tempel. Die hele land is in die tempel gesentreer. Verder kom die woorde **^T.b.vil. !Akm'** slegs in tekste wat die tempelwyding beskryf, voor (1 Kon

[194] Met een uitsondering: Ps 68:36 val buite die Asaf-korpus.
[195] `n Patroon is hier te bespeur. Die invloede strek in alle gevalle van die skool van Deutero-Jesaja na die familie van Asaf.
[196] Psalm 74:2 verwys na die berg as Jerusalem *en* die tempel. Die land word gedefinieër deur Jerusalem en die tempel.

8:13; 2 Kron 6:2). Die lied bevat beskrywings wat die individu se toetrede tot die tempel uitdruk.[197] Die verband tussen die ingang in die Beloofde Land en die ingang in die tempel, kom net in eksiliese of ná-eksiliese tekste voor (Jes 27:13;35:10;51:11,56:7ev; Jer 31:10; Eseg 40:1-3; Neh 1:9; Ps 43:3). Die volgende dien as voorbeelde:

- Die motief van God wat sy volk in die Beloofde Land inbring, kom veral met die werkwoordstam aAB in die *hifil* stamformasie voor (Eks 15:17; Deut 4:38; 6:10; 7:1). Brenner (1991:139) koppel hierdie tempel-motiewe aan `n deuteronomistiese redaksie.[198] Indien die werkwoordstam aAB in Eksodus 23:20 na die tempel verwys, is dit `n verdere aanduiding dat die term op die vroegste in deuteronomistiese redaksies voorkom. Verder kom die werkwoordstam aAB, met spesifieke verwysing na die tempel, op die vroegste in eksiliese tekste voor (Jes 27:13; 35:10; 51:11; 56:7; Jer 31;10; Eseg 40:1-3; Neh 1:9; Ps 43:3), veral waar die terugkeer na die land ná die ballingskap op die voorgrond staan (Brenner 1991:140). In hierdie tekste kom die dubbele aAB voor, met verwysing na die land en die tempel. Die Moseslied vertoon dieselfde formulering as Psalm 43:3 wat die toetrede tot die tempel beskryf. In Eksodus 15:17 verwys die term aAB dan na die historiese intog in die land en na die toetrede tot die tempel. Beide historiese en kultiese motiewe is hier ter sprake;

- Die werkwoord נטע, as verwysing dat God sy volk in die land inbring, kom net in eksiliese of ná-eksiliese tekste (Jer 2:7;16:18;50:11) voor (Brenner 1991:140). Wanneer dit in die konteks van die tempel voorkom, vind dit neerslag in ná-eksiliese tekste (Sag 2:16; Ps 74:2; 79:1-Asaf-psalms);

- Die term **!Akm'** kom in ná-eksiliese tekste voor, en verwys na Jerusalem (2 Kron 6:2; Eseg 2:68; Dan 8:11; Jes 4:5;1 Kon 8:13);[199]

- Dieselde tendens kom voor in verband met die term **bfy,** wat slegs in ná-eksiliese tekste, met spesifieke verwysing na Jerusalem voorkom (Ps 91:2; 68:17; 132:13ev;1 Kon 8:13; 2 Kron 6:2);

- Die woord vd'Q.m, kom in verband met Jerusalem 52 maal in ná-eksiliese tekste voor (Brenner 1991:141);

- Die werkwoord כון kom in terme van die tempel slegs in ná-eksiliese tekste voor (Ps 48:9;87:5;107:36;Jer 33:2; Jes 2:2 [Kaiser 1972:25]; 62:7);

Met die eerste lees mag dit voorkom asof Eksodus 15:17 na die intog in die land verwys, maar die bogenoemde verbind die terminologie ook met die intog in die tempel (Brenner 1991:174).

---

[197] Vlg Ps 43:3; Eks 15:17. Ps 5:8 is nog `n voorbeeld. Die persoon betree (בוא) deur die genade van God (חסד) die heilige tempel (^v.d>q'-lk;yhe). Dit kom ooreen met Eks 15:13.

[198] Eks 23:20ev dui op deuteronomistiese taalgebruik. Die uitdrukking miv.-ta, ryKiz>a; rv,a] ~AqM'h;-lk'B (op elke plek waar ek my naam gedenk) is eie aan deuteronomiese en deuteronomistiess gebruik. Verder toon die term ~AqM ooreenkoms met die beskrywing van die tempel in 1 Kon 8:6ev, 21. Hierdie voorbeelde dien om die ooreenkoms tussen Eks 20:23 en deuteronomiese en deuteronomistiese literatuur aan te dui.

[199] Brenner (1991:146) dateer die vers as ná-deuteronomisties. Hy baseer dit op die feit dat die uitdrukkings in hierdie vers, met die oog op die Jerusalem-tempel konteks, altyd in ná-eksiliese tekste voorkom.

In verse 14-16 kom `n belangrike motief na vore, naamlik die *vrees van die vyand*. Hierdie motief verskyn in tekste met `n deuteronomistiese inslag (Eks 23:27; Deut 2:25-29; 11:25; Jos 2:9, 11, 24; 4:22-5:1).[200] Die tekste toon ooreenkomste op inhoudelike vlak. Vers 16b dui die intog in die Beloofde Land met die terminologie **rbo[]y:-d[;** aan. Die uitdrukking beskryf Israel se deurtog deur die omringende volke. In **Deuteronomium 2:27-30** beskryf dieselfde term die deurtog deur die land van die Edomiete, en die deurgang deur die Jordaan (wat geantisipeer word). **Deuteronomium 2:29**, die kern van die bostaande gedeelte, is waarskynlik ná-deuteronomisties (Mayes 1981 :134). In **Josua 2:10** *vrees* die volke omdat hulle van die Rietsee-wonder gehoor het. Dit is juis hierdie selfde motief wat in vers 14 van die Moeslied voorkom. Ragab se toespraak, waar die vrees van die Here `n belangrike rol speel (Jos 2:9-13) kom ooreen met **Deuteronomium 4:38-39**. Deuteronomium 4:27-31 pas in die raamwerk van die ballingskap en die hoop op `n uitkoms (Moran 1975:257).[201] Nog `n voorbeeld kom uit tekste waar die werkwoordstam **rb[** (*deurgaan*) voorkom. Die feit dat die die Israeliete deur die grondgebied omringende volke kon deurgaan, kom nie in die vóór-eksiliese tekste voor nie. So byvoorbeeld verteenwoordig **Numeri 20:14-21** (`n nie-priesterlike teks [Noth 1972:36]). `n tradisie dat die volk Israel *rondom* סבב die ander volke moes beweeg. **Rigters 11:15-18**[202] verwys in dieselfde sin na die feit dat Israel *rondom* die ander volke moes trek. Eers in **Deuteronomium 2:3,4; 29:15; Jos 24:17**, ten minste eksiliese tekste (Mayes 1983:46), gaan Israel nou *deur* die landgebied van die ander volke. Die situasie maak sin vanuit `n polities-geografiese oogpunt. Van die tyd van die ballingskap af het die Edomiete geskuif na die Westekant van die golf van Akaba. In die lig hiervan beteken dit dat daar nie meer *rondom* die Edomiete getrek kan word nie. Uit hierdie konteks maak dit sin dat die deuteronomistiese skole na die deurtog *deur* die vyandige grondgebied verwys (Brenner 1991:163). Verder kom die vrees-motief in eksiliese of ná-eksiliese tekste voor (Jer 33:9; Mig 7:17).[203]

Vers 17 verwys na die heiligdom of woonplek van Jahwe. Die uitleg van hierdie vers is nou verbonde aan Antieke Nabye Oosterse paralelle. Die term **^T.b.vil. !Akm'** (*u vaste woonplek)* verwys na die plek waar die gode in hulle panteon sit (Enuma Elish IV, 1ev,11-14; VI, 74,VII,10). Cross (1973:125) vind raakpunte met die Ugaritiese mitologie (KTU 1.3 C,27,D,IV, 64). Nogtans is verbande met Ugaritiese mitologie nie noodwendig `n aanduiding van `n vroeë datering nie. `n Ondersoek na **^T.b.vil. !Akm'** dui juis daarop dat die term nie altyd vroeg dateer hoef te word nie. **1 Konings 8:13** bied `n voorbeeld waar die term buite die Moeslied voorkom. De Vries (1985:122) dui aan dat die term **^T.b.vil. !Akm'** in terme van formulering nie in die konteks van 1 Konings 8:13 pas nie. Om hierdie rede beskou hy dit as`n voorbeeld van antieke poësie. Die konteks waarbinne 1 Konings 8:13 staan, is die uitspraak dat Salomo vir Jahwe `n huis gebou het. Die vroegste tradisies (2 Sam 7:5-6) wys egter dat die konsep van `n woonplek vir Jahwe nie in Israel aanvaarbaar was nie (McCarter 1984:223). In die vroegste tye van Israel se geskiedenis was daar dus nie `n konsep van Jahwe as heerser vanuit `n vaste woonplek op aarde gewees nie. Die werkwoord ישב kom voor wanneer Jahwe se heerskappy in die hemel beskryf word (1Kon 8:30, 39, 43, 49; Jes 6:1). ישב word egter nie vir sy aardse heiligdom gebruik nie (1 Kon 8:27). Dieselfde geld vir die uitdrukking **!Akm'.** In ná-eksiliese tekste (Dan 8:11; Ps 9:12; 132:13; Jes 4:5) kom die

[200] Ek skryf Josua 4:19-5:1 in hierdie studie aan `n ná-priesterlike redaksie toe, maar daar kom wel deuteronomistiese terminologie in die gedeelte voor (bv **hw"hy> dy:** - Jos 4:24). Om hierdie rede beskou ek die ná-priesterlike uitbreiding as `n vermenging tussen deuteronomistiese en priesterlike terminologie en tradisie.

[201] Kratz (2005:126) beskou Deut 1-4 as die "buitenste raam"van die boek Deuteronomium. As Deut 12-26 (sentralisasie van die kultus) die hoofdeel van die boek Deuteronomium uitmaak, en die hoofdeel van Deuteronomium in die tyd van die ballingskap ontstaan het (Kratz 2006:132) moet die "buitenste raam" ten minste in die eksilies-ná-eksilies gedateer word.

[202] Gray (1986:316) dui die deuteronomistiese uitdrukkings in Rig 1:15-18 aan. Dit opsigself dui op `n laat datering (op die vroegste vóór-eksilies). Dit kan natuurlik later ook wees, afhangende van hoe die Deuteronomistiese Geskiedswerk (of ten minste die deuteronomistiese redaksie) geïnterpreteer word.

[203] Deuteronomistiese redaksies verwys net na die Kanaäniete in terme van vrees. Nie na die ander volke nie. Hierdie tendens dui op `n latere konsep (Brenner 1991:160-168).

uitdrukking met verwysing na Jahwe se aardse woning voor. Op grond hiervan kan ons aflei dat die term **^T.b.vil. !Akm'** (1 Kon 8:13; Eks 15:17) na die Jerusalemse tempel verwys. In die ná-eksiliese tyd is die Safon-mite (Baal se tempel op die mistieke berg Safon) moontlik op Sion van toepassing gemaak. `n Verdere ooreenkoms met die Baal-mite is die feit dat die Moeslied vir Jahwe voorstel as die een wat die tempel gebou het (Eks 15:17). Die motief van Jahwe as bouer van Jerusalem kom nie in voór-eksiliese tekste voor nie (Brenner 1991:150). In die voór-eksiliese tyd was Jerusalem die stad van Jahwe omdat sy tempel daar gelokaliseer was.

Volgens **Psalm 46** is Jahwe die bouer van die stad. Jahwe se mag, skuiling en beskerming van sy stad is sentraal in die psalm. Psalm 46 bevestig verder Jahwe se beskerming teenoor die dreigende waters (die chaosmagte) . Selfs **Jesaja 14:32** wat uitdruklik beskryf dat God Sion gegrondves het, kan binne die konteks van God se beskerming van Jerusalem verduidelik word. Die terme wat in die teks voorkom (!AYci dS;yI) kom op ander plekke in die Jesajaboek voor, veral in die konteks van beskerming van die stad (Jes 28:16). **Jeremia 32:31** verwys ook na die stad wat *hulle* gebou het.

Die motief van God as bouer van die stad en tempel is eie aan die ná-eksiliese tyd (Brenner 1991:150). Ten minste kan ons aantoon dat die motief in die eksiliese tyd ontstaan het, en na die ná-eksiliese tyd oorgedra is.[204] God is die krag agter die herbou van Jerusalem en die tempel. Binne hierdie konteks word Hy as die bouer uitgebeeld.[205]

In die bostaande ekskursie het ek gepoog om die verbande tussen die Moeslied en die familie van Asaf aan te dui. Die Prosaïese gedeeltes van die lied val waarskynlik in die konteks van die Leviete, wat moontlik `n didaktiese funksie verrig het (Neh 8:7,9; 2 Kron 17:8-9), terwyl die poëtiese gedeeltes van die lied in die invloedsfeer van die familie van Asaf val. Ek het probeer om verbande tussen deuteronomistiese gedeeltes en die Leviete se werksaamheid aan te dui. Hulle lering het waarskynlik gedeeltes van deuteronomistiese tekste bevat. Volgens hierdie hipotese was verskillende Levitiese groepe na alle waarskynlikheid vir die komposisie van die lied verantwoordelik.

Brenner slaag daarin om verbande tussendie twee hoofgedeeltes van die lied (4-12; 13-17) met oortuiging aan te dui. Verder maak hy `n saak uit dat die poëtiese en prosaïese gedeeltes van die lied verband hou met mekaar. Wat die komposisie van die Moeslied aanbetref, is daar dus aanduidings van `n literêre en tematiese eenheid.

In verband met die datering van die Moeslied dui Brenner ooreenkomste tussen die Moeslied en ná-eksiliese literatuur aan. Die tematiese en liguistiese samehang tussen die Moeslied en ander eksiliese literatuur dui vir Brenner op gesamentlike outeurskap.

4.5.1.2.1 (k) Gevolgtrekking

Brenner analiseer die verskillende komponente van die Moeslied (prosaiese raamwerk, kultiese formule, prosaiese uitleg) van die Moeslied. In sy bestudering van die inhoud van die Moeslied verwys hy na die twee hoofgedeeltes van die lied (v 4-12, 13-17). In al hierdie gevalle slaag hy daarin om die verbande tussen die onderskeie komponente van die lied aan te toon. Hy vergelykdie afsonderlike liturgiese en tematiese komponente (bv die kultiee styl en formules) met ander ná-eksiliese tekste om sodoende die verbande met ná-eksiliese literatuur aan te toon, en sodoende die Moeslied in die ná-eksiliese tyd te dateer.

[204]Die volgende eksiliese en ná-eksiliese tekste illustreer dit: Jes 2:2; 26:1; 44:24-28; 54:11; 62:5-7; Mig 4:1.

[205] God het toegelaat dat die dekreet uitgevaardig word (Eseg 1:2). Hy het die moed van dié wat moes bou, opgehef (Eseg 1:5). God is dus die mag agter die herbou van die mure (Neh 1:11;2:4). Hy seën die bouery (Neh 2:20). Verder word die heropbou as die werk van God geklassifiseer (Neh 6:16). In die Psalms word God slegs in eksiliese of ná-eksiliese tekste as die bouer uitgebeeld (Ps 48:9; 51:20; 69:36; 87:5; 102:17; 147:2, 13).

Alhoewel die datering van Eksodus 15 steeds `n kontroversiële saak bly, dui die bostaande analise op `n ná-eksiliese komposisie. Ons kan die teks spesifiek, aan sekere Levitiese groepe tydens die tydperk van die Tweede Tempel toeskryf. Uit die aard van die saak is dit moeilik om Eksodus 15 meer spesifiek te dateer, maar die volgende moontlikhede is ter sake:

- Eksodus 15 dateer uit die tydperk van die bou van die Tweede Tempel;
- Die Moeslied dateer uit die tydperk van die bou van die mure van Jerusalem (444vC), na afloop van die bou van die Tweede Tempel;

Ek is oortuig dat die bou van Jerusalem se mure die agtergrond van die komposisie van Eksodus 15 vorm. Die bewyse hiervoor is te vinde in die tweede deel van die Moeslied, veral in vers 14-16 waar die vyande van Israel genoem word. Die herbou van Jerusalem se mure het na alle aanduidings sterk reaksie en opposie ontlok (Pss 48:5ev;83:7-9; 118:11-13). Die vyande van Israel (Eks 15:14-16) toon ooreenkomste met die vyande wat die herbou van Jerusalem se mure teengestaan het.

- Filistyne (Eks 15:14 ; Esra 4:17-23;
- Moabiete (Eks 15:15; Neh 2:10,19);
- Edomiete (Eks 15;15 Neh 6:1);
- Al die bewoners van Kanaän Neh 6:1 (Samaritane).

Die konteks van die herbou van Jerusalem se mure bied myns insiens die beste verduideliking vir die agtergrond van Eksodus 15. Hierdie hipotese word verder in hoofstuk 5 van hierdie studie uiteengesit.

Die bepaling van die *genre* is net so ingewikkeld, maar die analise suggereer `n oorwinningslied.

Indien Josua 3;13b-d deur Eksodus 15 beïnvloed is, dui dit op `n eksiliese oorsprong van Josua 3:13b-d. Hierdie gedeelte bevestig die hipotese dat Josua 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f nié tot `n vóór-deuteronomistise narratief behoort nie, maar eerder tot die ná-eksiliese konteks behoort.

Bieberstein se literêre analise van Josua 3 en 4 as`n oorspronklike afgeronde basisverhaal bied `n moontlike vertrekpunt vir `n literêre analise van Josua 3 en 4. Nogtans dui die komposie van narratief van die Jordaandeurgang op `n latere (ná-eksiliese) komposisie. `n Ná-eksiliese datering van Josua 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f hou bepaalde gevolge in vir Bieberstein se datering en *genre* van die basisverhaal.

4.5.1.3 Datering en *genre* van Josua 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f

Bieberstein se literêre analise lei hom om Josua 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-c ná 733 vC te dateer. Hy dui eerstens die historiese aspekte aan wat hom tot hierdie gevolgtrekking gelei het (Bieberstein 1995:325-329). Sodoende kom hy tot die gevolgtrekking dat Josua 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-c ontstaan het in die tyd wat die Jordaan as oosgrens van die Beloofde land erken is. Volgens Bieberstein is die Jordaan as oosgrens erken nadat die Assiriërs van die Noordryk ingeval het en dele van die land in `n Assiriese provinsie omskep het.

Die rekonstruksie van die gebeure van 733-722vC lei Bieberstein om die oorspronklike landsveroweringsverhaal (waarvan Jos 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-c deel was) as `n etiologie van landsverlies te tipeer. Josua 24 speel `n bepalende rol in hierdie rekonstruksie van die *genre* van die oorspronklike landsveroweringsverhaal. Die waarskuwing teen die verering van ander gode (Jos 24:14, 20) verduidelik hoekom die volk die land verloor het. Hulle het afgedwaal van die bepalings van Jahwe.

My evaluering van Bieberstein se literêre analise van Josua 3 het egter aangedui dat daar vele ná-eksiliese verwysings in die teks voorkom. Verder is die literêre bande met `n breër landsveroweringsverhaal as spekulatief aangedui. Om hierdie rede aanvaar ek nié Bieberstein se rekonstruksie van die datering en *genre* van Josua 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f nie.

4.5.1.4 Gevolgtrekking

- Bieberstein se rekonstruksie van Josua 3:1, 5, 10b-c, 13a-b-d, 14a, 16a-c as afgeronde eenheid is sinvol. Hierdie eenheid kan as `n vertrekpunt dien om die res van Josua 3 en 4 te rekonstrueer;
- Bieberstein se hipotese dat Josua 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-c tot `n vóór-deuteronomistiese landsveroweringsverhaal behoort, is te betwyfel. Die voorkoms van ná-eksiliese verwysings in hierdie teks, tesame met die feit dat die literêre bande tussen Josua 3 en die boek Numeri vaag is, beteken dat daar `n alternatiewe rekonstruksie van die rol en plek van Josua 3:1, 5. 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f noodsaaklik is;
- Josua 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f is dus nié die *Grundschicht* of basisverhaal van Josua 3 en 4 nie;
- As Josua 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-c ná-eksiliese verwysings bevat en `n afgeronde eenheid vorm, bied dit steeds `n basis vir `n ondersoek na die komposisie van Josua 3 en 4. Die taak is nou om afgeronde eenhede te identifiseer en te bepaal hoe dit by Josua 3:1, 5. 13b-d, 14, 16a-c inpas.

Ek verwys na Josua 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f as B omdat dit myns insiens `n ná-eksiliese narratief voorstel.

4.5.2. Literêre analise: Josua 3:2-3

Josua 3:2-3 behoort volgens my analise nié tot die gerekonstrueerde weegawe van die landsveroweringsverhaal (Jos 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f) nie.

Ek bespreek Josua 3:2-3 aan die hand van die volgende:

- Josua 3:2-3 as *Amptseinführung*-formule (Bieberstein; Lohfink);
- Josua 3:2-3 as heilige oorlog-motief (Rowlett);
- Josua 3:2-3 as kronistiese uitbreiding .

In hierdie gedeelte voer ek aan dat vers 2-3 `n Kronistiese uitbreiding van oorspronklike deuteronomistiese motiewe verteenwoordig. Hierdie benadering bevestig die gevolgtrekkings rondom Eksodus 15, naamlik dat oorspronklike deuteronomistiese tekste/redaksies in die ná-ballingskap tydperk verwerk en geherïnterpreteer is.

Fritz (1994:54) skryf verse 2-3 toe aan latere redaksionele toevoegings, maar is terughoudend om meer spesifiek te raak in terme van die ontstaan en oorsprong daarvan. Volgens sy analise pas vers 2-4 nie in die konteks van `n deuteronomistiese óf ná-priesterlike redaksie nie. Om hierdie rede verklaar hy dit bloot as redaksionele byvoeging. Bieberstein (1995:375-386) skryf die verse toe aan `n deuteronomistiese redaksie (DtrA).[206] Hierdie redaksie is `n uitbreiding op Bieberstein se oorspronklike *Grundschicht (Jos 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-c)*. Met nader beskrywing plaas Bieberstein hierdie redaksionele laag (vv 2 en 3) in die konteks van die magsoordrag van Moses aan Josua. Hier volg `n uiteensetting en evaluering van Bieberstein se benadering.

4.5.2.1 Josua 3:2-3 as ampsinstelling (*Amtseinführung)* -formule.

In hierdie gedeelte bespreek en evalueer ek Bieberstein se hipotese van `n ampsinstellings-formule in Josua 3:2-3. Om hierdie hipotese te illustreer, verwys ek na die verbande tussen Josua 3:2-3; Josua 1 en Deuteronomium 6 en 31. Hiermee

[206] Volgens Bieberstein se analise behoort Vers 2 en 3 aan bogemelde DtrA, terwyl hy vers 4 as `n toevoeging (Z) beskou, wat nie met sekerheid gedateer of beskryf kan word nie.

plaas Bieberstein die ampsinstellings-*genre* in die konteks van `n deuteronomistiese redaksie. Om hierdie rede noem hy hierdie redaksie DtrA.

Alhoewel die ark dikwels as `n motief in die redaksionele band tussen Deuteronomium en die boek Josua voorkom, speel dit volgens Bieberstein (1995:375) meestal `n rol in tekste wat die magsoordrag van Moses na Josua beskryf. Om hierdie rede is die konsep van magsoordrag belangrik. Bieberstein (1995:375) identifiseer **Josua 1:1-2, 5b-6d, 9d-11e, 16a-17d, 18e-f**[207] as literêre eenheid en verwys na spesifieke formules in die teks, wat verder in verskeie deuteronomistiese tekste voorkom. Verder lê hy klem op die parallelismes en chiasmses wat tot die teks se konsentriese struktuur bydra.[208] Josua 1 begin met die uitdrukking `yhiy>w:` gevolg deur `n doodstyding. Die uitdrukking `yhiy>w:` is `n geykte formule wat telkens in in die Ou Testament voorkom.[209] Hierdie eenheid **(Josua 1:1-2, 5b-6d, 9d-11e, 16a-17d, 18e-f)** is opgebou uit drie toesprake. Bieberstein wys op die verskillende toespraak-inleidings. In die eerste toespraak (1:1b) praat Jahwe met Josua. In die tweede (1:10) spreek Josua die offisiere toe. In die derde geval (1:16ab-18ab) antwoord die offisiere vir Josua. Die middelste gesprek is belangrik, omdat Josua die opdrag gee om die kamp by Sittim op te slaan en gereed te maak vir die deurgang deur die Jordaan. Hierdie opdragte word in Josua 3:2-4c-e opgeneem. Hierdeur word `n samehang tussen die twee gedeeltes (Jos 1; 3:2-4) bewerkstellig. Om hierdie rede motiveer Bieberstein dat die bogenoemde eenheid (Jos 1) en Josua 3:2-4c-e aan dieselfde hand (naamlik DtrA) toegeskryf kan word. Hier volg `n illustrasie van Bieberstein se uiteensetting:

Jos 1:1b	Toespraakinleiding: Jahwe praat met Josua;
1:10	Josua praat met offisiere = **Jos 3:2-4c-e;**
1:16ab-18a	Offisiere antwoord Josua;

[207] Bieberstein skryf die res van Josua 1 aan die volgende redaksies toe: vers 3-5a (DtrN), 7a-9c (DtrN), 12-15f (DtrR), 18a-a^2 (Z).
[208] Volgens Bieberstein vertoon die teks `n konsentriese struktuur as in ag geneem word dat verse 7-9`n latere invoeging is. Bieberstein (1995:390) plaas vers 7-9c in die raamwerk van DtrN (`n deuteronomistiese laag wat op die Wet fokus). Smend (1971:494-509) dui byvoorbeeld aan dat die bystandssin `#m;a/w< qz:x]` `n ander betekenis dra as byvoorbeeld in Deut 31:1-8. In Josua 1:7 vertaal hy dit met *"doen alles moontlik "*, in plaas van *"wees sterk en vasberade"*. Die meeste navorsers stem saam dat vers 7-8 `n byvoeging is (Noth 1953:22; Lohfink 1962: 36-38; Mann 1977:201-202; Mayes 1983:46-47).
[209] Vgl die dood van Josua (Rig 1:10) en die dood van Saul (2 Sam 1:1).

Die verband tussen die gesprek van Jahwe en Josua en van die offisiere en Josua kom na vore wanneer ons waarneem dat die bystandsuitsprake van 1:5bc in 1:17 cd herhaal word:

%M'[i hy<h.a, hv,mo-~[i ytiyyIh' rv,a]K;	**1:5**	*Soos wat Ek met Moses was, sal Ek met jou wees;*
%M'[i hy<h.a, hv,mo-~[i ytiyyIh' rv,a]K;	**1:17**	*Soos ons met Moses was, sal ons met jou wees;*

Verder eindig Josua 1 met die dubbele bemoediging wat voorkom in 1:6a en 1:18a-b.

#m'a/w< qz:x]	**1:6a**	*Wees sterk en vol moed!*

Die tweede gesprek word deur die eerste en derde gesprekke omraam, sodat die gesprek tussen Josua en die offisiere sentraal staan. Bieberstein (1995:376) beskou die gesprek tussen Josua en die offisiere as die redaksionele band tussen hoofstuk 1 en hoofstuk 2-3:2-3. Om hierdie rede is die volgende ondersoek na die ampsinstellings-formule in Deuteronomium belangrik. Van die boek Deuteronomium trek ek verbande na Josua 1 en Josua 3:2-3.

Behalwe vir die **ampsinstelling-formule** speel die sogenaamde **ontslag-formule** `n beduidende rol in die boek Deuteronomium en deuteronomistiese redaksies, omdat Moses, Josua en Samuel met hierdie selfde woorde ontslaan word (Jos 23; 1 Sam 12).[210] Die voorkoms van die ontslagformule in verskillende kontekste dra die moontlikheid van `n gemeenskaplike agtergrond. In Deuteronomium 3:21-28 vra Moses vir Jahwe of hy die Beloofde Land mag ingaan. Sy versoek word geweier, en hy kry die opdrag om Josua as leier aan te stel. In Deuteronomium 31:1-8 word Josua aan die volk as nuwe leier voorhou, en die volk word aangemoedig om hom te gehoorsaam.

[210] Volgens Veijola (1975:28-29) is daar `n verband tussen die ontslag van Moses (Deut 31:1-8) en Dawid (1 Kon 2:1-4 abd, 9).

In **Deuteronomium 3:28**, waar die oorgang van Moses na Josua ter sprake kom, lees die teks soos volg.

[;vuAhy>-ta, wc;w>	**A 28a**	*Gee bevel aan Josua,*
>		*en versterk hom;*
> WhqeZ>x;w>	**28b**	
hZ<h; ~['h' ynEp.li rbo[]y: aWh-yKi	**B 28d**	*Want hy sal voor hierdie volk uittrek,*
ha,r>Tì rv,a] #r,a'h'-ta, ~t'Aa lyxin>y: aWhw>	**28ef**	*en hy sal hulle die land wat jy sien, laat erf.*

Vers 28a-c (A) en d-f (B) bestaan albei uit `n parallelisme. Die partikel yKi verbind vers 28 a-c (A) en d-f (B). Die eerste gedeelte (A) bevat die dubbele bemoediging:

Die tweede gedeelte (B) handel oor die magsoordrag, wat behels dat Josua die land sal verower en verdeel.

ha,r>Tì rv,a] #r,a'h'-ta, ~t'Aa lyxin>y: aWhw>	**28ef**	*en hy sal hulle die land wat jy sien, laat erf.*

Deuteronomium 31:6 brei die ampsinstelling-formule soos volg uit.

Ek gebruik die volgende skema om die verskillende elemente van die teks te onderskei, naamlik **bemoediging (A)**, **handelingsopdragte (B)** en **bystandsuitsprake (C)**. Die verwysing na Deuteronomium 31:6 dui op die wydverspreide voorkoms van `n ampsinstelling-formule wat eie aan Deuteronomium is. Die voorkoms van die ampsinstelling-formule lei tot bepaalde gevolgtrekkings rondom Josua 3:2-3.

Wqz>xi	**A¹ 6a**	*Wees sterk*
Wcm.aiw	**6b**	*en vol moed;*
War>yTi-la	**A² 6c**	*moenie vrees nie*

~h,ynEP.mi Wcr>[;T;-la;	**6d**	*moenie skrik vir hulle nie;*
^yh,l{a/ hw"hy> yKi	**C¹ 6pe**	*want die Here jou God*
% M'[I %lehoh; aWh	**6e**	*dit is Hy wat saam met julle trek;*
^P.r>y: al	**C² 6f**	*Hy sal jou nie laat val nie*
&'b,z>[;y: al{w>	**6g**	*en jou verlaat nie.*

In Deuteronomium 31:6 is Moses in gesprek met die volk. Hierdie gedeelte bestaan uit twee gedeeltes (6a-f; e-g). Sodoende verbind die partikel yKi (6pe) die twee gedeeltes. Die eerste deel (6a-d) begin met `n positiewe bemoediging van Moses (6ab) wat in 6cd herhaal word.

Die tweede gedeelte (6e-g) bevat `n bystandsuitspraak, wat in die vorm van `n parallelisme uitgedruk word (6pe en 6e). Twee verbodsinne (6f en 6g) herhaal hierdie bystandsuitspraak. Let wel dat geen ampsoordrag plaasvind nie, omdat Moses nog hier met die volk praat.

Die strukuur van Deuteronomium 31:7-8 (waar Moses met Josua in gesprek is) lyk soos volg:

{

qz:x]	**A¹**	*Wees sterk*
#m'a/w<	**7c**	*en vol moed,*
hZ<h ~['h'-ta, aAbT' hT'a; yKi #r,a'h'-la	**7d**	
~t'boa]l; hw"hy> [B;v.nI rv,a] ~h,l' ttel'	**B¹**	*want jy sal met hierdie volk die land*
~t'Aa hN"l,yxin>T; hT'a;w>	**7e**	*ingaan;*
	7f	*wat die Here aan julle vaders met `n eed beloof het om te gee ;*
	B²	*En hy sal hulle dit laat erf.*
	7g	
aWh hw"hyw:	**C¹ 8pab**	*En dit is die Here*
^yn<p'l. %lehoh;	**8a**	*wat voor jou uittrek;*
%M'[i hy<h.yI aWh	**8b**	*Hy sal met jou wees;*
	C² 8c	*Hy sal jou nie laat val nie;*

^P.r>y: al{		**8d**	*en jou nie verlaat nie;*
&'b,z>[;y: al{w>	**A²**	**8e**	*Jy moenie vrees nie*
ar'yti al{		**8f**	*en jy moenie skrik nie.*
tx'te al{w>			

Hierdie gedeelte bestaan uit **bemoedigingsuitsprake (A)**, **handelingsopdragte (B)** en **bystandsuitsprake (C)**. Twee imperatiewe (7c-d) brei die bemoedigingsuitsprake **(A)** uit. Hierdie imperatiewe loop op hul beurt uit in parallelistiese handelingsopdrag (7e en 7g) . Die land word as goddelike subjek beskryf (7f).

Vers 8 (8pab-f) begin met `n bystandsuitspraak wat met `n verbodsin uitgebrei word (8c en 8d). Die eenheid sluit af met twee bemoedigingsuitsprake. Hierdie bemoedigingsuitsprake is in die vorm van verbodsinne gegiet (8ef). Deuteronomium 31:7-8 word dus omraam deur positiewe en negatiewe bemoedigingsinne. Die raam van positiewe (7cd) en negatiewe bystanduitsprake (8ef) plaas die handelingsopdrag en bystanduitsprake in die sentrum van die gedeelte.

Dieselfde struktuur van bemoedigingsuitsprake, handelingsopdragte en bystandsuitsprake kom in **Josua 1:1-2, 5b-6d, 9d-11e, 16a-17d, 18e-f** voor.

		En na die dood van Moses,
hw"hy> db,[, hv,mo tAm yrex]a; yhiy>w:	**1a**	*die kneg van die Here,*
		het die Here gepraat met
rmoale hv,mo trev'm. !Wn-!Bi [;vuAhy>-la, hw"hy> rm,aYOw:	**1b**	*Josua seun van Nun, dienaar van Moses, en gesê:*
		My dienaar Moses is dood;
tme yDIb.[; hv,mo	**2a**	
		staan nou op,
~Wq hT'[;w>	**2b**	
#r,a'h'-la, hZ<h; ~['h'-lk'w> hT'a; hZ<h; !Der>Y:h;-ta, rbo[]	**B¹** **2c**	*en trek deur die Jordaan, jy en die hele volk, na die land*
		wat ek vir hulle, die seuns
laer'f.yI ynEb.li ~h,l' !tenO ykinOa'		

rv,a]	**2d**	*van Israel sal gee.*
	C¹	*..soos wat ek met Moses was,*
hv,mo-~[i ytiyyIh' rv,a]K;	**5b**	
		sal Ek met jou wees;
%M'[i hy<h.a,	**5c**	
	C²	*Ek sal jou nie laat val nie*
^P.r>a; al{	**5d**	
		en jou nie verlaat nie.
&'b,z>[,a, al{w> {	**5e**	
	A¹	*Wees sterk*
qz:x]	**6a**	
		en vol moed,
#m'a/w<	**6b**	
#r,a'h'-ta,	**B²**	*want jy sal hierdie volk die*
hZ<h; ~['h'-ta, lyxin>T; hT'a; yKi	**6c**	*land laat erf*
		Wat ek vir hulle vaders met
~h,l' ttel' ~t'Aba]l; yTi[.B;v.nI-rv,a]	**6d**	*`n eed beloof het om te gee.*
	A²	*..moenie vrees nie;*
#ro[]T;-la;	**9d**	
		en moenie skrik nie;
tx'Te-la;w>	**9e**	
	C¹	*want die Here jou God is*
lkoB. ^yh,l{a/ hw"hy> ^M.[i yKi	**9f**	*met*
		jou, oral
		waar jy heengaan.
%leTe rv,a]	**9g**	

In die bostaande gedeelte vorm vers 1a-1b die inleiding tot die gespreksituasie in 2ab. Die inleiding (1a-1b) word deur bemoediginsinne gevolg (6ab). Twee handelingsopdragte (2c en 6c) vorm `n sintestiese parallelisme met die byvoeglike sinne (2d en 6d) wat `n goddelike subjek omvat. Die bystanduitspraak en bemoediging volg hierna. Die beloftes (5d-e, 9 d-e) versterk die bystand en bemoedigingsinne. Verder is Josua 1:1, 2, 5b-e, ga-d, 9 d-g deur`n chiasme omraam deurdat die eerste blok met `n bystandsin begin (5bc) en die tweede blok met `n bystandsin (9f en 9g) afsluit. Die teenwoordigheid van bemoediginsinne (6a en 6b,9d en 9e) wat deur die partikel yKi (6c en 9f) ingelei, en deur rv,a] (6d en 6g) uitgebrei word, kenmerk albei helftes van die gesprek.

As sintese tot die bogenoemde blyk dit dat Deuteronomium 3:28; 31:6-8 en Josua 1:1-2, 5b-6d, 9d-11e, 16a-17d, 18e-f uit die elemente van bemoediging, bystand en handelingsopdrag bestaan. Hierdie elemente word deur parallelismes en chiasmes saamgebind. Josua 1:2 Die vraag na die doel van hierdie verbande skep die moontlikheid van `n gesamentlike *Sitz im Leben*, of selfs *Sitz in der Literatur* wat moontlik `n gemeenskaplike ampsinstelling-formule veronderstel. `n Gemeenskaplike ampsinstellings-formule sou dien om die verbande tussen Deuteronomium en Josua te bevestig.

4.5.2.2 Josua 3:2-3 as heilige oorlog-motief.

Rowlett (1996:121-156) neem standpunt in teen `n konsep van `n ampsinstelling-formule.[211] Sy argumenteer dat Josua 1:1-9 eerder oorlog terminologie bevat. Lohfink baseer sy konsep van `n *Amptseinführung- genre* op Deuteronomium 31:7-8, 23, waar dieselfde terminologie as in Josua 1:1-9 voorkom. Nogtans gee Lohfink (1962:32-44) toe dat die formule in Deuteronomium 31:6 en Josua 10:25 buite die konteks van ampsoorhandiging voorkom. Sy gevolgtrekking is dat die heilige oorlog-motief in die agtergrond van Deuteronomium 31:6 en Josua 10:25 staan, en dat die *genres* van ampsoorhandiging en heilige oorlog uitsprake in hierdie gevalle deurmekaar geraak het.

Volgens Rowlett (1996:124) hoort die *Amptseinführung*-tekste (Deut 31:6, 23; Jos 1:6, 9; 10 en 11 , insluitende 10:25) eerder in die konteks van die heilige oorlog-motief. So byvoorbeeld is die rede vir Moses se ampsoorhandiging in Deuteronomium 31:1-2 omdat Moses nie meer die soldate in oorlog kan lei en terugbring nie.[212] Rowlett (1996:125-134) ondersoek die term `lyxin>T;` (Jos 1:6). Hierdie term speel `n groot rol in Lohfink se tese, omdat hy dit met "*verdeel* " vertaal. Op grond hiervan beskou hy Josua se rol as `n militêre, sowel as siviele leier en verdeler van die land. Volgens Rowlett (1996:125) beteken `lxn` (*hifil* stamformasie) eerder "*om in besit te neem*". Josua se rol as verdeler van die land vind in elk geval eers later plaas, en selfs dan is hy ondergeskik aan die priester Eleaser. Die term `lxn` vorm die basis van Lohfink se argument dat Josua nie nét as `n millitêre leier

[211] Die begrip "ampsinstelling-formule" verwys na die instelling van Josua in Moses se amp. Om hierdie rede is dit ook `n amspoorhandiging. en gebruik ek hierdie twee terme wederkerig.
[212] Dieselfde terminolgie kom in Num 27:17-18 voor.

voorgestel word nie. Slegs in die *Piel* stamformasie beteken die term *"om te verdeel"* (Num 34:29; Jos 13:32; 14:1; 19:51).

Rowlett (1996:128) meen dat die term lxn (*hifil* stamformasie) die meeste in Deuteronomium (1:38; 3:28; 31:7) voorkom. Hierdie tekste funksioneer almal in `n heilige oorlog-konteks.[213] Hierdie opmerking is in pas met my gevolgtrekking (2.2.4.6) dat die heilige oorlog-motief veral in Deuteronomium, en veral in verband met die land voorkom.

Conrad (1985:26-27) interpreteer die uitdrukking #ma/w< qz:x] as heilige oorlog-terminologie én `n ampsoorhandiging *genre.* Sodoende verwys die term na die bevestiging van `n weermagoffisier in `n nuwe amp. Rowlett (1996:136) ondersteun Conrad vir die keuse om nie die term met die kultus te assosieër (soos Lohfink en McCarthy) nie, maar om dit eerder met die oorlog te koppel. Die meeste oorlogstekste in die deuteronomistiese geskrifte beskou elke opdrag voor `n oorlog as `n nuwe opdrag. Elke oorlogsituasie bevat per definisie `n nuwe opdrag aan `n militêre leier.

Rowlett dui aan dat die sogenaamde *Amptseinführung*-tekste (Deut 3:6; 31:6-8; Jos 1:1-9) eerder in die konteks van heilige oorlog-uitsprake tuishoort. Ek verwys na hierdie spesifieke deuteronomistiese tekste as DG (Deuteronomium-oorlog-sien 4.8.3.3). Die ark kom dikwels in hierdie redaksies voor (Jos 3:2-3, 8; 15; 17).

Soos vroeër aangedui, volg ek Rowlett se benadering in die sin dat ek nie `n oorspronklike kultiese instelling van heilige oorlog probeer rekonstrueer nie. Die ideologiese funksie van die heilige oorlog is eerder die fokuspunt van hierdie studie. Nogtans impliseer dit `n spesifieke datering van die deuteronomistiese motief. Selfs as ons Rowlett se analise van die heilige oorlog-motief in die konteks van magsbeheer aanvaar, maak dit nie die datering van die tekste makliker nie. Rowlett (1996:11-15)

[213] Rowlett vertaal Deut 31:7 soos volg "en jy sal met hierdie *weermag* die land inneem". Sy baseer haar interpretasie op `n vertaling van ~[ as `n verwysing na `n weermag (en nie volk nie). `n Voorbeeld ~[as weermag kom in Jos 8:13 en 1 Sam 11:11 voor. Haar interpretasie van Deuteronomium 31:7 is verder gebou op `n veronderstelling dat die Masoreteteks (in teenstelling met die Samaritaanse Pentateug, die Peshitta en die Vulgaat, Targum Neofiti en een manuskrip van Targum Onkelos) `n verkeerde lesing bevat, en dat die aAbT' (wat veral in oorlog-narratiewe voorkom) eintlik in die *hifil* stamformasie hoort (Grossfeld 1972:533-534; Von Rad 1966b:187).

plaas die boek Josua in die konteks van die 7de eeu vC. Om die rede funksioneer die heilige oorlog-motief as ideolgiese wapen van koning Josia om politieke mag uit te oefen. Die heilige oorlog-motief kan egter ewe goed in `n ander tydperk inpas. So byvoorbeeld plaas Römer (2007b:124-126, 132) Deuteronomium 1-3, asook Josua 1 in `n eksiliese konteks. Die eerste weergawe van die boek Josua het volgens Römer (2007b:82-90) net die oorlogstekste (Jos 5-12) bevat. Indien Römer korrek is in hierdie verband, beteken dit dat Josua 5:12-15 oorspronklik die oorlog-gedeeltes (Jos 5-12) ingelei het. Josua 3:2-3 het dan oorspronklik by Josua 1 aangesluit.[214] Josua 3:2-3 kon dus deel van `n oorspronklike (deuteronomistiese) Jordaandeurgang-narratief uitgemaak het. Hierdie moontlikheid vorm deel van my hipotese rondom die onstaan en komposie van Josua 3 en 4.

Lohfink (1962:32-44) erken dat die sogenaamde *Amtseinführung of Amptseinsetzung genre* verskeie kere in ná-eksiliese tekste voorkom. Hy verklaar dit met die stelling dat die deuteronomistiese literatuur moontlik `n groot invloed op die latere literatuur uitgeoefen het. So byvoorbeeld kom die stam qzx in Kronieke juis binne die konteks van oorlog voor (Rowlett 1996:147).[215] Rowlett is waarskynlik korrek in haar siening dat die heilige oorlog-motief `n ideologiese funksie in die tekste speel. In die lig hiervan is dit waarskynlik `n manier om die volk Israel se "vreemdheid" teenoor die ander volkere te stel. Die boek Deuteronomium en ander deuteronomistiese literatuur roep die volk Israel juis op om "anders" as die ander volke te leef omdat Jahwe die land vir hulle gegee het. Daarom vorm diens aan Jahwe die middelpunt van Deuteronomium en die deuteronomistiese geskrifte. Hiermee wil ek`n verband tussen Deuteronomium, die land, en die heilige oorlog-motief lê.

Bieberstein is myns insiens korrek as hy `n literêre verband tussen Josua 1 en Josua 3:2-3 aandui. Die tematiese en literêre verbande tussen Josua 1 en Deuteronomium 3:6; 31:6-8 is reeds gelê (sien 4.5.2). As Josua 3:2-3 `n voortsetting van die bevele in

[214] Josua 2 is waarskynlik `n laat ná-eksiliese toevoeging (vgl 3.1.4.1). Daar kon oorspronklik `n duideliker oorgang tussen Josua 1 en 3 gewees het, maar die invoeging van Josua 2 het moontlik dit vervang.
[215] 2 Kron 32:7; 2 Kron 20:15-17; 2 Kron 25:8. Williamson (1976:351-361) beskou 1 Kron 28:20 as `n direkte verwysing na Jos 1. Hy interpreteer hierdie gedeeltes in die konteks van ampsoorhandiging (Moses-Josua, Dawid-Salomo). Alhoewel Williamson die moontlikheid stel van `n antieke *Amptseinfuhrung-genre*, meen Rowlett (1996:148) dat elke ná-eksiliese voorkoms van Qzx in `n militêre konteks voorkom.

Josua 1 is, dan plaas dit Josua 3:2-3 onwillekeurig in die konteks van `n heilige oorlog-uitspraak. Ek is oortuig dat hierdie oorspronklike deuteronomistiese redaksie binne `n kronisties-kultiese konteks geherïnterpreteer is. Om die stelling te staaf, verwys ek na drie elemente wat in Josua 3:2-3 voorkom, naamlik die kultiese kalender, die ark en die Levitiese priesters.

4.5.2.1.3 Josua 3:2-3 as Kronistiese uitbreiding.

In die onderstaande gedeelte wil ek aantoon dat Josua 3:2-3 oorspronklik in die konteks van `n deuteronomistiese uitbreiding ontstaan het, maar dat hierdie deuteronomistiese uitbreiding in `n Kronistiese konteks geredigeer is. Om hierdie rede plaas ek Josua 3:2-3 uiteindelik in die konteks van `n Kronistiese verwerking van die narratief van die Jordaandeurgang (Jos 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f). Om my standpunt te motiveer, verwys ek na die pasga, rol van die ark en die Leviete en priesters as draers van die ark.

Volgens vers 1 (wat tot die oorspronklike narratief [Jos 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f] behoort) het volk een nag gekamp voordat hulle die Jordaan deurgegaan het. In vers 2-3 lyk die kronologie anders. Die volk het 3 dae (`~ymiy" tv,l{v. hceq.mi yhiy>w:`) by Sittim gekamp voordat hulle die Jordaan oorgesteek het (3:2a). Hierdie kronologie korreleer met hoofstuk 1:11.[216] Volgens verse 2-3 lyk die kronologie anders. Die volk gaan die rivier deur op die 10de van die maand Nisan. Hulle moes dan Sittim op die 8ste verlaat het. Dit is presies `n week voor die pasga (pasga het op die aand van 14/15 Nisan plaasgevind).[217] Hierdie suggestie van `n week se voorbereiding vir die pasga impliseer dat die teks moontlik aangepas is om `n week se voorbereiding vir die pasga in te sluit. Die volgende ekskursie oor die pasga en die fees van ongesuurde brood is daarom van belang.

4.5.2.3.1 Ekskursie: Pasga in die Pentateug

[216] `!Der>Y:h;-ta, ~yrIb.[o ~T,a; ~ymiy" tv,l{v. dA[B.` (*na drie dae het hulle die Jordaan deurgegaan*- Jos 1:11).

[217] Bogenoemde datering korreleer met hoofstuk 5:10-12 waar die pasga op 14/15 Nisan plaasvind. Hoofstuk 2:22 verwys na `n *verdere* drie dae. Hoofstuk 2 is vroeër as `n onafhanklike eenheid geïdentifiseer, wat waarskynlik slegs redaksionele bande met die voorafgaande en opeenvolgende hoofstuk toon.

De Vaux (1973:485-493) dui die groei van die pasga-motief in die Pentateug aan. Hy analiseer die tradisie aan die hand van die klassieke Pentateug- bronne (P en D) in die Pentateug, wat dit moontlik maak om die groei van die pasga-motief te ontleed.

4.5.2.1.3.1 (a)i. Pasga in die Priesterskrif (Lev 23:5-8; Num 28:16-25; Eks 12:1-20, 40-51)

In priesterlike tekste word die pasga en die fees van die ongesuurde brood gekombineer. Hiervolgens hoort die pasga op die eerste volmaan in die eerste maand van die jaar, wat in die lente begin. Op die 10de van die maand het die familie `n lam sonder gebrek uitgekies en dit op die 14de geoffer. Die vleis is gerooster en op dieselfde dag geeët. Op die volgende dag (die 15de) begin die fees van ongesuurde brood. Tot op die 21ste van die maand mag die volk net ongesuurde brood geëet het.

In die Priesterskrif is die pasga en die fees van ongesuurde brood gekombineer. Dit kom ooreen met die kombinasie van pasga en die ongesuurde brood in Josua 5:10-12.

4.5.2.1.3.1 (a)ii. Pasga in Deuteronomium (Deut 16:1-8)

Deuteronomium 16:1-8 verwys na die pasga en *massot* as twee afsonderlike feeste. Noukeurige ondersoek dui egter daarop dat die teks nie `n eenheid is nie (Von Rad 1966b:112).[218] Verse 1, 2, 4b-7 verwys na die pasga. Volgens die teks moes die fees in die maand Abib plaasvind, maar die spesifieke dag word nie genoem nie.[219] Die offerdier moes met sonsondergang doodgemaak word op "die plek wat Jahwe uitgekies het vir sy naam" (in Deut verwys dit na Jerusalem). Die volgende oggend moes almal terugkeer huis toe. Vers 3, 4a en 8 verwys weer na die fees van ongesuurde brood. Hiervolgens moes die volk vir sewe dae net ongesuurde brood eet. Deuteronomium 16:1-8 verwys na twee *afsonderlike* feeste en die band tussen die twee feeste is bloot redaksioneel, want as die volk aan die einde van die pasga moes terugkeer huis toe, kon hulle nie aanbly vir die fees van ongesuurde brood nie, omdat dit het direk na afloop van die pasga begin het. Deuteronomium 16:1-8 voeg dan twee afsonderlike feeste saam om sodoende een fees te skep. Selfs die pasga onder koning Josia (2 Kon 23:21-23) maak geen melding van die fees van ongesuurde brood nie. 2 Kronieke 35:17 (`n laát ná-eksiliese teks) noem die fees van ongesuurde brood.

Die Priesterskrif en die Kroniekeboeke kombineer die pasga en die van *massot*-feeste. In Deuteronomium vind die twee feeste afsonderlik plaas. Volgens Kronieke sluit die pasga onder koning Josia die fees van ongesuurde brood in.

Josua 5:10-12 gekombineer die pasga en die *massot*-feeste. Dit bevestig dat die feeskalender liturgies verwerk is om die voorbereiding van die fees in te sluit. Omdat die fees van ongesuurde brood in die vertelling op die pasga volg, is dit `n logiese afleiding dat die spesifieke teks afhanklik van die Priesterskrif is, en daarom ten minste eksilies of ná-eksilies gedateer word. Josua 5:10-12 vertoon egter die meeste verskille tussen die MT en die LXX, veral wat

[218] Von Rad (1966b:112) beskou die verwysing na die *massot*-fees in Deut 16:1-8 as sekondêr. Die teks het volgens hom oorspronklik net na die pasga-fees vewys. Hierdie is egter `n komplekse saak en die navorsing rondom die paaga en massot sorteer onder drie invalshoeke.

- Plöger (1966:74-75), Merendino (1969:137-138) en Rofe (1988) neem standpunt in teen Von Rad deur die *massot*-fees as die oorspronklike fees te beskou;
- Wambacq (1981:199-218) sluit by Von Rad aan en beskou die pasga-fees as die oorspronklike fees;
- Christensen (2001:333) meen dat Deut 16:1-8 `n eenheid vorm en dat dit nie nodig is om die die twee feeste te skei nie;

[219] In die antieke kalender, waar die jaar in herfs begin, korrespondeer die maand Abib met die eerste maand in die Lente,wat in `n latere kalender die nuwe jaar inlei (De Vaux 1973:485).

die kronologie aanbetref. In die MT verwys Josua 5: 10-12 na die oggend tr;x\M'mi (ná die pasga). Die hele sin lees soos volg tACm; xs;P,h; tr;x\M'mi #r,a'h' rWb[]me Wlk.aYO. (*en hulle het die dag ná die pasga van die opbrengs van die land geëet*). In die LXX is die eet van ongesuurde brood deel van die pasga van die 14de van die maand. Die LXX lees:
kai. evpoi,hsan oi` ui`oi. Israhl to. pasca th/| tessareskaideka,th| h`me,ra| tou/ mhno.j avpo. e`spe,raj evpi. dusmw/n Iericw evn tw/| pe,ran tou/ Iorda,nou evn tw/| pedi,w| kai. evfa,gosan avpo. tou/ si,tou th/j gh/j a;zuma kai. ne,a evn tau,th| th/| h`me,ra| evxe,lipe to. manna meta. to. bebrwke,nai auvtou.j evk tou/ si,tou th/j gh/j kai. ouvke,ti u`ph/rcen toi/j ui`oi/j Israhl manna evkarpi,santo de. th.n cw,ran tw/n Foini,kwn evn tw/| evniautw/| evkei,nw| (*en die seuns van Israel het die pasga op die veertiende dag van die maand gehou, teen die aand teen die weste van Jerigo aan die anderkant van die Jordaan, in die vlakte. En hulle het die opbrengs van die land ongesuurd geeët, en nuwe koring. Op hierdie dag het die manna opgehou nadat hulle die opbrengs van die land geeet het, en die seuns van Israel het nie meer manna gehad nie. En hulle het geeët van die opbrengs van die land Kanaän in daardie jaar*).

Die bostaande is `n aanduiding dat die LXX-teks moontlik op Deuteronomium 16:1-8 gebaseer is. Daarteenoor vertoon die Masoreteteks priesterlike redigering, wat moontlik op Levitikus 23:5-6 gebaseer is (Auld 1998:12). Die implikasie is dat die LXX in hierdie geval `n vroeër teks reflekteer.[220] Die MT van Josua 5:10-12 vertoon dan `n priesterlike redaksie, terwyl die LXX deuteronomistiese invloede weerspieël.

Die kultiese kalender (Jos 3:2) is moontlik aangepas om die pasga (Jos 5:10-12) te antisipeer. Josua 5:10-12 kombineer die twee feeste op grond van priesterlike tradisie, en daaarom maak ek die afleiding dat Josua 3:2-3 priesterlike invloede vertoon.

4.5.2.3.1 (b) Rol van die ark.

Wanneer ons alle verwysings na die ark in Deuteronomium, deuteronomistiese geskrifte,[221] die Priesterskrif[222] wegneem, bly net die verwysing in Numeri 10:33,35-36 en Numeri 14:44 in die Pentateug oor (Bieberstein 1995:354). Numeri 14:44 is volgens Bieberstein (1995:354). `n toevoeging tot die vóór-priesterlike verkenningsvertelling.[223] Numeri 10:33,35-36 kan aan die

[220] Die vraag na die verhouding tussen die Masoreteteks en die LXX bly een van die mees kontroversiële vraagstukke. Auld (1998:18) is `n groot kampvegter vir die outoriteit van die LXX. Hy verwys onder andere na die Qumran-fragmente wat groot ooreenkomste met die LXX toon. Bieberstein (1995:230) merk op dat dat die voorstaanders van die LXX as vroeëre teks in geen geval hulle oortuigings met noukeurige literêre analise van die betrokke gedeeltes staaf nie.
[221] Deut 10:1, 2, 3, 5, 8; 31:9, 25, 26.
[222] Eks 25:10, 14. 15, 16, 21, 22, 26, 33, 34; 30:6,26; 31:7;35:12;37:1, 5; 39:35; 40:3, 5, 20, 21; Lev 16:2 ; Num 3:31; 4:5; 7:89.
[223] Bieberstein is `n voorstaander van `n vóór-deuteronomistiese landsveroweringsverhaal (waarvan Num 10:33,35-36 en Num 14:44 deel is). Verder beskou Bieberstein die

Jahwis (J) verbind word (Maier 1965:4-39), maar sonder voldoende bewyse. Die arkvertelling in 1 Samuel 4-1 Konings 8 word dikwels aan die vóór-deuteronomistiese arkvertellings toegeskryf (Bieberstein 1995:354). Eers in Deuteronomium 10:1-5,8,9 en 31:9,24-27 word die ark deur middel van retrospeksie aan die woestyntog en die Horeb-gebeure verbind. Die datering van Deuteronomium 10:1-5, 8, 9 en 31:9, 24-27 is egter uiteenlopend. Sommige navorsers verkies `n datering in die tyd van koning Josia (Perlitt 1969:210-212), terwyl ander weer `n eksiliese datering bepleit (Preuss 1982:50, 102; Achenbach 1991:368-377).

Bieberstein (1995:355) beskou die funksie van die ark as oorlogs/kultiese objek as `n ouer weergawe. Die funksie van die ark as oorlogs objek is in pas met hierdie studie, waar die ark met die sogenaamde heilige oorlog-motief verbind word. Verder maak ek die afleiding dat die ark mettertyd in kultiese terme geherïnterpreteer is. Die Deuteronomium-tekste interpreteer die ark as die houer van die verbondstekste (Deut 10:1-5, 8-9; 31:9, 24-27). Later is die ark met die woestyntog verbind (Bieberstein 1995:355). In die geval van Josua 3 en 6 beskou Bieberstein (1995:355) die verwysing na die ark as `n terugryppe na `n vóór-deuteronomistiese kultiese en oorlogsfunksie. Hierdie hipotese maak sin in die konteks van hierdie studie met hierdie studie, waar die ark met die sogenaamde heilige oorlog-motief verbind word, alhoewel die heilige oorlog-tradisie myns insiens tot `n deuteronomistiese uitbreiding behoort. Verder maak ek die afleiding dat die ark mettertyd in kultiese terme geherïnterpreteer is.

Hierdie uiteensetting illustreer die kompleksiteit van die datering van die ark-narratiewe. Selfs die verhale in 1 en 2 Samuel, wat vóór-deuteronomisties voorkom, kan nie met sekerheid gedateer word nie.[224] Nogtans is daar navorsers wat die oorsprong van die ark probeer naspoor. Hier volg`n uiteensetting oor die ark se navorsingsgeskiedenis, gevolg deur `n evaluering en gevolgtrekking met die oog op Josua 3:2-4.

Volgens een hipotese het die ark sy oorsprong in Silo gehad.[225] Die kernteks vir hierdie argument is 2 Samuel 6, waar dieselfde terme as in 2 Samuel 4 voorkom (**~ybiruK.h; bveyO -** *wat troon bo die gerubs*, en **tAab'c. hw"hy>** - *Here van die leërskare).* Volgens Ollenburger (1987:37) is daar `n verband tussen hierdie twee terme en Silo, waar die koningskap van Jahwe gevier is. Die term **tAab'c. hw"hy>** kom menigmaal in die konteks van Silo voor.[226] Die term is met Silo geassosieer, selfs waar die ark nie ter sprake is nie (1 Sam1:3,11).[227] Ollenburger (1987:38) argumenteer verder dat Jerusalem nie noodwendig die plek was waar die Kanaänitiese godsdienste met die Jahwe godsdiens vermeng het nie. Hy voer aan dat die sinkritisme by Silo ontstaan het.[228] Hierdie argument

---

teenwoordigheid van die ark in die boek Josua as `n gevolg van die voorkoms van die ark in Deuteronomium. Die ark het eers in Deuteronomium `n belangrike rol begin speel. Op grond van hierdie argumente beskou Bieberstein die verwysing na die ark in Num 14:44 as `n latere byvoeging.

[224] Rost (1982:6-34) beskryf die dilemma noukeurig. Geeneen van die Rigterverhale noem die ark in terme van oorloë nie. Josua 3 en 6 kan volgens Rost nie histories betroubaar wees nie. Die ark kom wel in latere oorlog-narratiewe voor (1 Sam 4-6; 2 Sam11:11), maar die tradisies agter hierdie vertellinge is onduidelik. Num 10:35-36 kan met reg beskou word as `n teks wat verband lê tussen die ark en oorlog, maar dit is steeds vreemd dat die Rigterverhale dit nie noem nie. Hy dui aan dat die verskillende tradisies later tot dogma gegroei het, en dat dit onmoontlik is om die tradisies te identifiseer. Keel (2002:13) verwys in die volgende sin na 1 en 2 Samuel se arkverhale (wat deur Bieberstein as moontlik vóór-deuteronomistiese vertellinge getipeer kan word): “Die Ladeerzählungen in 1 Sam 6 und 2 Sam 6 tragen stark legendhafte Züge und sind als Geschictsquellen kaum brauchbar”

[225] Ishida (1976), Otto (1975) en Eissfeldt (1966).

[226] 1 Sam 1:3, 11; 4:4; 2 Sam 6:2, 18.

[227] Hier speel die interpretasie `n groot rol. Die terme word in die Jerusalem-kultus ook aangetref, maar Otto (1975:358) interpreteer dit in die konteks van `n redaktor wat probeer om kontinuïteit tussen die Silo-en Jerusalem heiligdomme aan te toon. Sodoende is dit vir Otto nie `n geval dat die redaktor vanuit Jerusalem sekere terminologie terugprojekteer in Silo nie.

[228] Silo was bekend vir sy wynfees (Rig 21:16). Dieselfde term hw"hy>-gx; word in Lev 23:39 gebruik om die herfsfees aan te dui. Die moontlikheid bestaan dat dit die herfs -

ondersteun die moontlikheid van `n heiligdom in Silo. 1 Samuel 1:9 verwys na die heiligdom by Silo as `n tempel (lk;yhe). Uit die aard van die saak skep dit `n probleem, aangesien ander tekste (bv 2 Sam 6:7) dit duidelik maak dat Jahwe sedert die uittog nog net rondgeswerf het in `n tentwoning. Rabe (1967:228-233) en Milgrom (1970:69) het probeer om die twee tradisies van die ark en die heiligdom te kombineer deur aan te dui dat die tempel *met* `n tent-heiligdom by Silo funksioneer het. Eissfeldt (1979:1-7) voer die argument verder deur aan te dui dat die tabernakel tydens die Sinai-gebeure in `n orakel-tent omskep is. Die tent is dan in die latere tye saam met die ark rondgeneem van heiligdom na heiligdom. So is die tent saamgebring na die tempel in Silo. Shunck (1971:132-140) fokus op die term lk;yhe en kom tot die gevolgtrekking dat dit vir die tempel by Jerusalem en vir die Silo-heilidom gebruik was sonder enige teenstrydigheid. Albei van hierdie was heiligdomme waar die ark gevestig was, en albei was volgens hom administratiewe sentra .

Die argumente van Rabe, Milgrom, Eissfeldt en Shunck is pogings om die heiligdom in Silo te rekonstrueer. Die vraag is egter of`n heiligdom met die ark in Silo bestaan het. Die algemene opvatting is dat die ark van heiligdom na heiligdom geswerf het (Ollenburger 1987:39)). So byvoorbeeld kom die ark in Josua 3-6 in die konteks van Gilgal voor. Nogtans word die ark in Saul se tyd, toe die heiligdom in Gilgal op sy hoogtepunt was, met Silo verbind (Ollenburger 1987:39). So `n teenstrydigheid is moeilik om te verklaar.

Die verwysings na Silo funksioneer dikwels in `n ideologiese of teologiese konteks. Die tempel by Silo simboliseer `n teenvoeter vir die tempel in Jerusalem. Sekere groepe, waarskynlik Levitiese priesters, het daardeur probeer aandui dat Silo die eerste tempel was (bv 1 Sam 1:9). Hierdeur word legitimiteit aan hulle posisie as priesters gegee. Of dit histories gesproke korrek is dat die ark sy oorsprong in Silo gehad het, kan nie presies bepaal word nie. Die Silo-tradisie kan oud wees, óf dit kan `n rekonstruksie wees. Die ark kon ook sy oorsprong in die Jerusalem-kultus gehad het. Sodoende kon die ark in die ander plekke as heiligdomme geprojekteer word. Die moontlikheid bestaan dat Silo deur sekere groepe as `n legitieme heiligdom beskou is, en die ark het die legitimiteit daarvan beklemtoon. Verder kan ons argumenteer dat priestergroepe teruggegryp het na Silo-tradisies om te bewys dat dit die ware woonplek van Jahwe was. Hierdeur sou hulle hul posisie as ware priestergroep te legitimeer. Silo is volgens aanduidings in die vroeë-monargale tydperk deur die Filistyne vernietig.[229] Die ideologiese motiewe waarvoor Silo gestaan het, kon moontlik voortgeleef het.[230]

Silo kom dikwels in verband met Levitiese priestergroepe voor. Jeremia 1:1 identifiseer die profeet met die priestergroep in Ananot (vlg Jos 21`n Levitiese stad). Abjatar, die priester wat deur Dawid na Jerusalem gebring is, het bande met Silo gehad.[231] Salomo het egter vir Abjatar na Ananot verban. Een van die redes vir Salomo se optrede kan juis wees dat Abjatar die mag van die koningshuis wou inperk (Cohen 1965:90).[232] Dit kan verklaar hoekom Ahija, `n profeet uit Silo, die skeuring van die ryk legitmiseer (Wilson 1980:302-305). Die moontlikheid bestaan dat latere Levitiese priestergroepe tydens die stryd om die Tweede Tempel, juis hulle legitimiteit probeer bevorder het deur daarop te wys dat hulle die ware draers van die ark is. Silo funksioneer dan as `n téén-Sionsteologie of selfs téén-Sadokitiese motief.

---

nuwejaarsfees was waar die nuwe wynoes gevier is. Hier is `n Kanaänitiese agtergrond te bespeur. In Ugarit was die een maand bekend as die “eerste van die wyn” (Ollenburger 1987:38).

[229] Vgl Boling (1982: 423). Volgens De Vaux (1973:304) het Silo teen ongeveer 1050 vC tot `n val gekom.

[230] Hiermee bedoel ek nie dat Silo nooit bestaan het nie. Ek verwys net na die onmoontlike taak om die oorspronklike kultus van Silo te rekonstrueer. Die moontlikheid bestaan wel dat latere groepe die heiligdom van Silo gebruik het om hulle spesifieke belange te legitimeer.

[231] Abjatar was waarskynlik `n nakomeling van Eli van Silo (McCarter 1980: 239).

[232] Ishida (1976:90-93,140-49) verskil met Cohen oor die relevansie van die ark. Hy argumenteer eerder dat die ark-tradisie eers in Jerusalem begin posvat het lank nadat die ark oorgebring is. Hy steun egter Cohen in sy hipotese dat Silo `n sentrum van anti-monargale tradisies was.

Die bogenoemde uiteensetting bevestig die kompleksiteit van die ark-narratiewe. Die gevolgtrekking is dat die ark `n legitimerende funksie gehad het. Verskillende priestergroepe het hulleself met die ark verbind om sodoende hulle status as priesters te legitimeer. In die konteks van Josua 3 en 4 is daar priesters (Jos 3:6, 11, 14) en priester-Leviete (Jos 3:3) wat hulself as draers van die ark beskou het.

4.5.3.2.1 (c) Priesters en die Leviete as draers van die ark.

Fritz (1994:43) dui aan dat die titel ~YIwIl.h; (*die Leviete*-vers 3) `n redaksionele byvoeging is. Die term kom ook in Josua 8:30-35 saam met die ark voor.[233]

Afgesien van die verskillende benamings van die ark is daar verskille wat die draers van die ark aanbetref. Josua 3:3 verwys na die priester-Leviete (;~ynIh]Ko. ~YIwIl.h). ○Josua 3:6a, 11, 14b verwys weer na die priesters (~ynIh]Koh);. Hierdie teenstrydigheid reflekteer moontlik die stryd tussen verskillende priesterklasse. In die ark-vertelling van 1 Samuel 4 tot 1 Konings 8 is dit die priesters wat die ark dra.[234] In Deuteronomium is daar teenstrydighede wat die verskillende terminologie vir priesters aanbetref.[235]

Gunneweg (1965:134) meen dat die Leviete deur die priesters as *personae miserae* gereken is. Deuteronomium bied verskillende programme om die Leviete op te hef en te versorg (Bieberstein 1995:356). Leviete was verantwoordelik vir die dra van die ark (wat in Deut die tafels van die Wet huisves). Die priesters (Aaroniete en Sadokiete) het hierop geantwoord deur hulle amp terug te projekteer na Levi. Hierdie tweespalt is sigbaar in Deuteronomium 18:1-8 waar `n onderskeid tussen priesters en Leviete voorkom. Bieberstein (1995:356) voer aan dat die opheffing van die Leviete in Deuteronomuim nie tot die oudste kern van die boek behoort nie. Die gelykstelling tussen priesters en Leviete is volgens hom eers sigbaar in tekste wat ná Esegiël en die Priesterskrif (P) gedateer word. Sodoende val die klem in die boek Kronieke op die Leviete.

Boccaccini (2002:70) was die Sadokiete se outoriteit in op die Sinai-gebeure (Num 3:5 [P] gebou. Die vertelling van die Korag-rebellie (Num 16) was juis vertel as waarskuwing vir enige groepe wat die Sadokiete se outoriteit in twyfel wou trek. Nehemia was volgens Boccaccini (2002:71) die eerste persoon wat die Leviete probeer ophef het. Die klem op die Leviete in Nehemia was waarskynlik nie om `n pro-Levitiese of anti-Sadokitiese sentiment te skep nie, maar eerder `n poging tot `n kompromis tussen die groepe (Boccaccini 2002:71).

In Josua 3 is die spanning tussen die priestergroepe sigbaar. Bieberstein (1995:376) identifiseer verse 2 en 3 met `n deuteronomistiese redaksie (DtrA). Verse 6 en 14b koppel hy aan `n redaksionele laag (B) wat rondom die ark en die priesters sentreer (Jos 3:6, 10a, 11, 14b). Die vraag is watter van die bogenoemde snitte (DtrA of B) die ouer weergawe is. Hy verwys na Deuteronomium 10:1-5, wat die ark met die woestyn-tradisie verbind, en Deuteronomium 10: 8-9 waar die Leviete die opdrag kry om die ark te dra. Indien Deuteronomium 10:1-5 die ouer teks is, moet Deuteronomium 10:8-9 die latere interpretasie voorstel. In Bieberstein se benadering is snit B dan die oudste, terwyl DtrA die latere interpretasie is.[236] Die teenoorgestelde argument is ook moontlik, naamlik dat Deuteronomium 10:1-5 die latere

[233] Die gronde om die term as `n byvoeging te beskou, is volgens Boling (1982:160) nie op sterk tekskritiese argumente gebou nie.
[234] Die volgende verse verwys op verskillende maniere na die draers van die ark:
2 Sam 15:24 Sadokiete/ Leviete. Op grond van die ooglopende spanning tussen 2 Sam 15:24 en 15:25,27,29,beskou Bieberstein (1995:355) dit as `n latere toevoeging.
2 Sam 15:25: Sadok; 2 Sam 15:29: Sadok en Abjatar; 1 Kon 2:26: Sadok en Abjatar; 1 Kon 8:3: Priester (2 Kron 5:4: Leviete); 1 Kon 8:4: Priesters/ Leviete (2 Kron 5:5- Priesters/Leviete); 1 Kron 8:6: Priester (2 Kron 5:7- Priesters).
[235] Deut 10:8:Stam van Levi; Deut 31:9 priesters, die seuns van Levi.
[236] Preuss (1982;50), Braulik (1986:82-83) en Achenbach (1991:370).

teenvoeter teen Levitiese legitmiteit voorstel.[237] Die verhouding tussen die bogenoemde teksgedeeltes bly egter debatteerbaar. Getuienis dui daarop dat die Leviete se status as *clerus minor* eers in latere priesterlike redaksies en kronistiese literatuur opgehef is. So byvoorbeeld val die tekste wat die Leviete as draers van die ark voorstel, almal in eksilies of ná eksiliese konteks.[238] Laagenoemde interpretasie is in hierdie studie gevolg, naamlik dat die verwysing na die priesters-Leviete `n latere uitbreiding voorstel.

4.5.2.3.1 (d) Gevolgtrekking

Bieberstein (1995:376) klassifiseer Josua 3:2-3 as deel van `n deuteronomistiese redaksie wat gekoppel is aan die ampsoorhandiging van Moses na Josua. Om hierdie rede noem hy dit DtrA. In hierdie studie sorteer vers 2 en 3 na my oordeel oorspronklik in `n deuteronomistiese konteks wat die heilige oorlog-motief beklemtoon. Ek laat egter ruimte vir `n verdere Kronistiese verwerking van hierdie oorspronklike deuteronomistiese uitbreiding.[239] Die bostaande verbande met die kultiese kalender, die ark en die Leviete, dui myns insiens eerder op `n kronistiese (Kron) redaksie. Om hierdie rede klassifiseer ek dit as *Kron*.[240] Die motief van die Leviete as draers van die ark, tesame met die redigering van die kultiese kalender, versterk die bostaande vermoede. Nogtans behou die moontlikheid daar dat vers 2-3 oorspronklik `n deuteronomistiese redaksie was wat die heilige oorlog-motief beklemtoon het. Dit is in lyn wees met Eksodus 15 waar dieselfde tendens voorkom, naamlik dat oorspronklik deuteronomistiese gedeeltes in `n ná-deuteronomistiese konteks voorkom. Josua 3:2-3 is dan van deuteronomistiese oorsprong, maar dit het later `n kultiese redaksie in kronistiese kringe ondergaan.

Vroeër is aangedui dat Eksodus 15 in die *genre* van `n oorwinningslied val. Die Leviete, waaronder die Asaf-familie sorteer, was waarskynlik vir die komposisie van die lied verantwoordelik. Verder bestaan die moontlikheid dat Josua 3:13d en vers 2-3 aan dieselfde redaktor(-s) toegeskryf kan word. Josua 3:13d kan myns insiens juis aan die Levitiese invloede toegeskryf word (op grond van Eks 15). Omdat Josua 3:2-3 juis ook Levitiese trekke vertoon, is dit moontlik dat dieselfde groep(-e) of selfs verwante Levitiese groepe vir die redaksies verantwoordelik was.

4.5.3 Literêre analise: Josua 3:7-8, 15, 17ab; 4:14-18

Ek stel voor dat Deuteronomistiese invloede (Jos 1:1, 2, 5b, 6, 9d, 10, 11, 16, 17, 18ef; 3:2-3?) in vers 7-8 voorkom. Josua 3:2a-3d is vroeër in hierdie studie eerder as `n kronistiese verwerking van `n oorspronklike deuteronomistiese gedeelte beskryf. Volgens my analise pas die deuteronomistiese motiewe eerder by Josua 3:7-8.

[237] Perlitt (1969:210-212).
[238] Leviete as draers van die ark: Num 4:15; 1 Kron 15:2,12,15,26; 2 Kron 5l:4;35:3. Leviete as dienaars in die omgewing van die ark: Num 3:31; 1 Kron 16:4,37.
[239] Die verwerking of herinterpretasie van deuteronomistiese stof toon ooreenkomste met die tendense wat in die Moseslied aangedui is (vgl 4.5.1.2.1 [k]).
[240] Bieberstein (1995:427-430) identifiseer `n kronistiese redaksie in Jos 6:19, 24. Hierdie redaksie verbind die tempelskat in Jos 6:19, 24 met 2 Kron 16:2; 25:24.

Bieberstein koppel die Josua 3:7-8 aan `n moontlike redaksie ($C^2$) wat gemoeid is met die opstel van die twaalf klippe by die Jordaan. Die bystandsin (Jos 3:8) herinner egter sterk aan die bystandsin in hoofstuk 1:5 (Fritz 1994:155; Soggin 1972:57). Verder dui verband tussen die onderskeie bystand-formules (Jos 1:5; 3:8) op `n literêre band tussen Josua 1:5 en Josua 3:8. Josua 1:5 is weer op grond van die bystand-formules aan Deuteronomium (en meer spesifiek die heilige oorlog-motief) verbind. Om hierdie rede plaas ek hierdie verse in `n deuteronomistiese konteks. Josua 3: 7-8, 15, 17ab vorm dan moontlik deel van die oorspronklike deuteronomistiese verhaal van die Jordaandeurgang.

Vers 15 vorm volgens my analise van die narratief nié deel van die narratief van die Jordaadeurgang (Jos 3 :1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f) nie. Nogtans is dit moeilik om hierdie redaksionele byvoeging van nader te verklaar. Op grond van die konteks is vers 15 `n voorsetting van vers 8. Vers 8 bevat `n opdrag aan die priesters. Die uitvoering van die opdrag word verbreek deur die volgende:

- Vers 9: Gesprek tussen Josua en die volk;
- Vers 10: Deel van die narratief van die Jordaandeurgang (3:1, 5, 10b-c, 13b-d 14a, 16a-f);
- Vers 11: Deel van die redaksionele uitbreiding ($P^{(a)}$) wat die ark voorop stel (vgl 4.5.2.3);
- Vers 12: Latere byvoeging;
- Vers 13-14a: Natuurwonder;
- Vers 14b: Deel van die redaksionele uitbreiding (P^{a}) wat die ark voorop stel (3:6a, 11, 14b).

Eers in vers 15 word die opdrag van vers 8 deurgevoer.
Om hierdie rede klassifiseer ek vers 15 as `n deel van die deuteronomistiese verhaal van die Jordaandeurgang. Vers 17a-b volg weer op vers 15, en die deuteronomistiese uitdrukking `hw"hy>-tyrIB. !Ara'h'` (3:17a) dui op `n deuteronomistiese agtergrond. Dieselfde uitdrukking kom in vers 8a voor. Daar bestaan dus `n grammatikale en tematiese band tussen 8a en 17a. Om hierdie rede klassifiseer ek dit as deel van die bogenoemde deuteronomistiese verhaal. Josua gee `n opdrag aan die priesters en hulle gehoorsaam hom, soos hulle Moses sou gehoorsaam.

Hier volg `n uiteensetting van die deuteronomistiese verhaal van die Jordaanoorgang in Josua 3:1-17:

[;vuAhy>-la, hw"hy> rm,aYOw:	**7a**	*En die Here het vir Josua gesê:*
laer'f.yI-lK' ynEy[eB. ^l.D,G: lxea' hZ<h; ~AYh;	**7b**	*Vandag sal Ek begin om jou groot te maak in die oë van die hele Israel;*
!W[d>yE rv,a]	**7c**	*Sodat hulle kan weet*
hv,mo-~[i ytiyyIh' rv,a]K; yKi i	**7d**	*Dat soos ek met Moses was,*
%M'[i hy<h.a,	**7e**	*Ek met jou sal wees*
rmoale tyrIB.h;-!Ara] yaef.nO ~ynIh]Koh;-ta, hW<c;T. hT'a;w>	**3:8a**	*Gee dan die bevel vir die priesters wat die verbondsark dra;*
dmo[]T; !Der>Y:B; !Der>Y:h; yme hceq.- d[; ~k,a]boK.	**3:8b**	*Net soos julle aan die kant van die waters van die Jordaan kom, moet julle stilstaan.*
!Der>Y:h;-d[; !Ara'h' yaef.nO aAbk.W	**3:15a**	*en toe die draers van die ark by die Jordaan kom;*
~yIM'h; hceq.Bi WlB.j.nI !Ara'h' yaef.nO ~ynIh]Koh; yleg>r;w>	**3:15b**	*Toe die voete van die priesters wat die ark dra, in die vlakwater kom*
ryciq' ymey> lKo wyt'AdG>-lK'-l[;alem' !Der>Y:h;w>	**3:15c**	*terwyl die Jordaan vol was op al sy walle op al die dae van die oes;*
hw"hy>-tyrIB. !Ara'h' yaef.nO ~ynIh]Koh; Wdm.[;Y:w	**3:17a**	*Maar die priesters wat die verbondsark van die Here dra het bly staan op droë grond, binne-in die Jordaan;*
!keh' !Der>Y:h; %AtB. hb'r'x'B,		

Josua 4:14-18 sluit egter by hierdie gedeelte aan:

laer'f.yI-lK' ynEy[eB. [;vuAhy>-ta, hw"hy> lD;GI aWhh; ~AYB;	**4:14a**	*Die dag het die Here vir Josua verhoog voor die oë van die hele Israel;*

Atao War>YIw:	**4:14b**	*sodat hulle hom gevrees het;*
wyY"x ymey>-lK' hv,mo-ta, War>y" rv,a]K;	**4:14c**	*soos wat hulle Moses gevrees het al die dae van sy lewe;*
rmoale [;vuAhy>-la, hw"hy> rm,aYOw:	**4:15**	*en die Here het vir Moses gesê:*
tWd[eh' !Ara] yaef.nO ~ynIh]Koh;-ta, hWEc;	**4:16a**	*beveel die priesters wat die ark van getuienis dra:*
!Der>Y:h;-!mi Wl[]y:w>	**4:16b**	*dat hulle uit die Jordaan opkom;*
rmoale ~ynIh]Koh;-ta, [;vuAhy> wc;y>w	**4:17a**	*en Josua het die priesters beveel:*
!Der>Y:h;-!mi Wl[]	**4:17b**	*kom op uit die Jordaan!*
hw"hy>-tyrIB. !Ara] yaef.nO ~ynIh]Koh; ÎtAl[]K;Ð ¿tAl[]B;À yhiy>w: %ATmi !Der>Y:h;	**4:18a**	*En toe die priesters wat die verbondsark van die Here dra uit die middel van die Jordaan opkom;*
hb'r'x'h, la, ~ynIh]Koh; yleg>r; tAPK; WqT.nI	**4:18b**	*het die priesters skaars hulle voetsole gelig na die droë grond;*
~m'Aqen hy het vir diem.li !Der>Y:h;-yme WbvuY"	**4:18c**	*of die waters van die Jordaan het teruggekeer na sy plek;*
wyt'AdG>-lK'-l[; ~Avl.vi-lAmt.ki Wkl.YEw:	**4:18d**	*en soos gister en eergister op al sy walle geloop;*

Die volgende opmerkings verdien aandag:

- Josua 3:7, 8, 15, 17ab; 4:14-18 vertel die deuteronomistiese verhaal van die Jordaandeurgang;
- Die deuteronomistiese weergawe van die Jordaandeurgang was waarskynlik die oorspronklike verhaal. Vroeër het ek by Römer (2007b:81-90) aangesluit deur Josua 5-12 as die deel van die eerste weergwawe van `n moontlike Deuteronomistiese Geskiedswerk te beskou. Josua 1, tesame met die deuteronomistiese verhaal van die Jordaandeurgang is in die eksiliese tyd by Josua 5-12 gevoeg;
- Josua 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f verteenwoordig dan waarskynlik `n latere uitbreiding op die oorspronklike (deuteronomistiese) verhaal van die Jordaandeurgang.

Ek verwys na hierdie narratief (Jos 3:7-8, 15, 17ab; 4:14-18) as DG (Deuteronomistiese Geskiedswerk).

Josua 4:11-13 is waarskynlik in die láát-eksiliese of ná-eksiliese tyd bygevoeg. Die verwysing na die Oosjordaanland-staame val in die konteks van die rus wat Jahwe aan sy volk skenk. Braulik (1985:219-230) identifiseer die tradisies waar Jahwe rus (xwn) aan die volk skenk:

- Die eerste tradisie handel oor die vestiging van Ruben, Gad en die halwe Manasse-stam in die Oosjordaanland (Deut 3:20; Jos 1:13, 15; 21:44ab, 45, 22:4). Die rus wat Jahwe skenk dui in hierdie verband waarskynlik op die feit dat hulle lewens as nomades tot `n einde gekom het;
- Die tweede tradisie van Jahwe se rus handel oor die bou van Salomo se tempel (Deut 12:9-10; 25:19; Jos 21:43, 44cd; 2 Sam 7:1, 11; 1 Kon 5:18; 8:56). Braulik asossieer die eerste tradisie met Lohfink se vóór-eksiliese DtrL (vgl 2.1.2.6) terwyl hy `n later datum (waarskynlik `n eksiliese datering) vir die tweede tradisie voorstel.

Bieberstein (1995:390) argumenteer egter dat die tweede tradisie (Salomo se tempel) ouer is, omdat Deuteronomium 12:9-10 die Jordaan as oosgrens erken. Die eerste tradisie rondom die stamme van Ruben, Gad en die halwe Manasse-stam, val vir hom

eerder in die raamwerk van die eksiliese DtrN (die deuteronomistiese redaksie wat op die Wet fokus-vgl 2.1.2.4).

Die verwysing na die Oosjordaanland-stamme dien waarskynlik om die oorspronklike deuteronomistiese landsveroweringsverhaal aan die vorige (Jos 1) en volgende gedeeltes (1 Kon 5:18) te verbind. Ek verwys na hierdie redaksie as DG^R (redaksie van Deuteronomistiese Geskiedswerk).

4.5.4 Literêre analise: Josua 3:6, 10a, 11, 13a, 14b

Josua 3:6, 10a, 11, 13a, 14b behoort volgens my analise nié tot die oorspronklike deuteronomistiese verhaal van die Jordaandeurgang (Jos 3:7, 8, 15, 17ab; 4:14-18) óf die latere verwerking van die Jordaandeurgang (Jos 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f) nie.

Bieberstein (1995:345-358) verbind vers 6 met `n latere redaksie (B). Hy dateer hierdie redaksie tussen sy *Grundschicht* (3:1, 5, 10b-c, 13b-d,14a, 16a-f) en $C^1$ (wat in die vóór-eksiliese of eksiliese tydperk tot stand gekom het). In die eerste plek beskou ek nie die verwysing na die priesters en die ark as `n redaksie nie, maar eerder as `n priesterlike uitbreiding wat deur priestergroepe gebruik is om hulle posisie in die tempel te legitimeer.[241] Om hierdie rede verwys ek na hierdie uitbreiding as `n priesterlike uitbreiding ($P^{(a)}$). Hierdie uitbreiding fokus op die ark *en* die priesters.[242] Behalwe in vers 6, waar die priesters as draers van die ark aangedui word, kom hierdie verwysing na die ark ook in vers 11 en vers 14 b voor:

!Der>Y:B; ~k,ynEp.li rbe[o #r,a'h'-lK' !Ada] **tyrIB.h;**	**3:11**	*Kyk, die verbondark van die Here oor die hele aarde*

[241] Ek vermy die uitdrukking "onafhanklike ark-vertelling" omdat dit `n ark narratief (soortgelyk aan 1 Sam 4-6) veronderstel. Die klem val myns insiens op die priesters *en* die ark. Om hierdie rede konstrueer ek die agtergrond van die priesterlike uitbreiding ($P^{(a)}$) in die lig van `n priesterstryd in die tydperk van die Tweede Tempel. Die Kronistiese uitbreiding (Kron) is `n poging om die Levitiese priesters teenoor P te posisioneer.

[242] Ek is bewus daarvan dat `n priesterlike uitbreiding verwarring skep, want daar bestaan reeds `n Priesterskrif (P). Om hierdie rede verwys ek na hierdie uitbreiding as $P^{(a)}$ .P= priesterlike uibreiding, a= ark.

!Ara] hNEhi		*trek voor julle uit, die Jordaan in;*
tyrIB.h; !Ara'h' ~ynIh]Koh;w>	~['h' ynEp.li yaef.nO	**3:14b** *met die priesters wat die verbondsark dra voor die volk;*

Vers 11 is weer aan vers 10a verbind:

In vers 10a is daar `n gesprek van Josua wat onderbreek word:

[;vuAhy> rm,aYOw:		**3:10a** *en Josua het gesê:*

Die res van Josua se gesprek in 10a is onderbreek deur `n gedeelte van die *narratief:*

!W[d>Te tazOB.		**3:10b** *Hieraan sal julle weet:*
~k,B.r>qiB. yx; lae yKi		**3:10c** *dat `n lewende God in julle midde is:*

Vers 10d is `n latere toevoeging (Z) tot die narratief. Die gesprek van 10a word eers in vers 11 voortgesit:

!Der>Y:B; ~k,ynEp.li rbe[o #r,a'h'-lK' !Ada] **tyrIB.h; !Ara**] hNEhi	**3:11**	*Kyk, die verbondark van die Here oor die hele aarde trek voor julle uit, die Jordaan in;*

Vers 10a kan `n moontlike voortsetting van Josua se bevele in vers 6 ($P^{(a)}$) wees. Die woorde [;vuAhy> rm,aYO *(en Josua het gesê)* word verder in vers 11 voortgesit, waar die prosessie met die ark ook ter sprake kom. In vers 11 is die volgende uitdrukking #r,a'h'-lK' !Ada] tyrIB.h; !Ara] *(die ark van die verbond van die Here oor die hele aarde)* ongrammatikaal, tensy daar `n groot pouse voorkom (Boling 1982:167).

Die rede vir hierdie opmerking is dat die Masorete `n klem op die woord tyrIB.h plaas en dit sodoende van die goddelike titel !Ada] skei. Die volgende oplossings is ter sake:

- Soggin (1972:48) volg `n variante lesing (Syr) deur hw"hy> na die term !Ara] in te voeg (vlg 3:13a);
- Langlamet (1969: 46-47) meen dat die variante lesing nie die probleem oplos nie. Die varainte lesings is volgens Langlamet eerder `n korreksie wat op vers

13 gebaseer is. Volgens hom bied die korreksie steeds `n ongrammatikale verhouding met die artikel voor die *nomen regens*;

- Gray (1986:62) klassifiseer die Masoreteteks se lesing as `n deuteronomomistiese invoeging;
- Butler (1983:39) meen dat Tekskritiek nie die probleem kan oplos nie. net die studie van bronne, formules en redaksies kan `n antwoord bring.

Vers 11 se sintaksis is heel waarskynlik die rede dat woorde `!wra` en `tyrb` in vers 14b en 17a in ongrammatikale posisies voorkom. Die LXX dui in hierdie twee verse ook heelwat variante lesings aan, wat op pogings tot tekskritiese harmonisering dui. In vers 14b kom die uitdrukking `tyrIB.h; !Ara'h'` voor. Om die rede pas vers 14b by die priesterlike uitbreiding ($P^{(a)}$) wat die voorkoms van die ark aandui. Vers 14b voltooi die opdrag van 6a, naamnlik dat die priesters wat die ark dra die leiding moet neem en voor die volk deurtrek. Die feit dat hierdie opdrag (6a) uitgevoer word (14a) maak van die $P^{(a)}$ uitbreding `n afgeronde eenheid. Die priesterlike uitbreiding $P^{(a)}$ van die narratief (Jos 3:1, 5, 10a, 13bd, 14a, 16a-f) sien dus soos volg daaruit:

rmoale ~ynIh]Koh;-la, [;vuAhy> rm,aYOw:	**3:6a**	*En Josua het vir die priesters gesê:*
tyrIB.h; !Ara]-ta, Waf.	**3:6b**	*tel die verbondsark op;*
~['h' ynEp.li Wrb.[iw>	**3:6c**	*en trek voor die volk uit;*
tyrIB.h; !Ara]-ta, Waf.YIw:	**3:6d**	*En toe het hulle die verbondsark opgetel;*
~['h' ynEp.li Wkl.Yew:	**3:6e**	*en voor die volk weggetrek;*
[;vuAhy> rm,aYOw:	**3:10a**	*en Josua het gesê:*
!Der>Y:B; ~k,ynEp.li rbe[o #r,a'h'-lK' !Ada] tyrIB.h; !Ara] hNEhi	**3:11**	*Kyk, die verbondark van die Here oor die hele aarde trek voor julle uit, die Jordaan in;*
!Ara] yaef.nO ~ynIh]Koh; yleg>r; tAPK; x;AnK. hy"h'w>	**3:13a**	*en net soos die voetsole van die priesters wat die verbondsark van die Here oor die hele aarde dra, in die Jordaan rus;*
!Der>Y:h; ymeB. #r,a'h'-lK' !Ada] hw"hy ~['h' ynEp.li tyrIB.h; !Ara'h' yaef.nO ~ynIh]Koh;w>	**3:14b**	*met die priesters wat die verbondsark dra voor die volk;*

4.5.5 Literêre analise: Josua 3:4, 9, 10d, 12, 17c

In hierdie gedeelte gebruik ek die afkorting *Z* om na die jongste byvoegings te verwys. Hierdie byvoegings is waarskynlik die laaste byvoeings tot die narratief. Om hierdie rede funksioneer hierdie byvoegings uitsluitlik om die verskillende uitbreidings en byvoegings van Josua 3 en 4 te harmoniseer. Hierdie byvoegings pas nie in die konteks van die bostaande uitbreidings (DG, $P^{(a)}$, Kron) nie, en dien bloot om die onderskeie uitbreidings op `n literêre vlak te harmoniseer. Ek gebruik die afkorting *Z* omdat dit die laaste letter in die albafet is. *Z* verwy*s* dus na die laaste redaksionele toevoegings tot Josua 3 en 4.

Vers 4 bied sintaktiese struikelblokke. Die vers lees moeilik omdat dit nie sintakties sin maak nie. Dit noop Soggin (1972:47) om die twee helfdes van die sin om te ruil. Die tekskritiese gronde vir so `n keuse is egter onoortuigend. Bieberstein (1995b:8) identifiseer die vers as `n latere byvoeging (Z), terwyl Fritz (1994:54) dit as `n later byvoeging verklaar, sonder om dit in meer detail te analiseer. Die voorgestelde afstand tusen die mense en die ark (2000 el) is presies die van `n sabbatsreis (Eks 16:29; Num 35:5).[243] Die ooreenstemming met die sabbatsreis kan op `n moontlike kultiese agtergrond dui.

Vers 9 is ook moontlik `n redaksionele byvoeging. Fritz (1994:55) identifiseer dit as `n later toevoeging, sonder om spesifieke redes te noem. Hy wys egter op die sterk afwysing van ander gode, wat `n sterk verband met Deuteronomium toon (Deut 11:28; 13:3, 7, 14 ;28:64; 29:25; 32:17). Bieberstein (1995b:8) beskou die vers ook

[243] Sommige navorsers sien die afstand-gedagte as mitologiese elemente wat uit `n "primitiewe"stadium van die geloof dateer (Boling 1983:163). "As in other religions, holy objects have a power, somehow akin to what the anthropologists calls "*mana*", which can manifest direct action of deity. In Yahwism the deity transcended this holiness in such a way that entertaining and edifying stories might be told about the ark. Yahweh used his ark both to refute Philistine superstition concerning it and to confound false Israelite optimism based on it (1 Sam 4-7). Such attitudes were so deeply rooted from the early days that when, in the move bring the old ark to Jerusalem, Uzzah touched it to steady it behind the stumbling oxen, he died (2 Sam 6:6-9)".

as `n toevoeging (Z=Zusätze), waarvan die datering onseker is. Boling (1982:164) merk dat die term rbd in meervoudsvorm aan Deuteronomium herinner (Deut 4:13; 10:4), en spesifiek op verbondsbepalings dui. Hy koppel dit aan `n moontlike verbondsvernuwing-liturgie. Die bepaling van `n verbondsvernuwings-konteks is uiters moeilik om te bepaal.

Vers 10d is moeilik om van nader te verklaar. Die uitdrukking vry+*Qal* "in *besit neem"*, word saam met die *hifil* stamformasie, wanneer Jahwe as subjek voorkom, met *"vernietig*" vertaal (Fritz 1994:49).[244] Die lys van bevolkingsgroepe wat vernietig gaan word, vertoon `n stereotipe volgorde (Fritz 1994:50). Die voorgeskiedenis van die land Israel bly moeilik om te rekonstrueer.[245] Daarom is dit moeilik om hierdie volkere in detail na te speur. Die sewe volke wat ter sprake is, kan heel moontlik `n simboliese betekenis inhou en volheid uitdruk. Die getal sewe is dan `n volledige getal, en die volke word dan as teenstander van Jahwe geteken.

Vers 12 pas in terme van die inhoud nie by hoofstuk 3 in nie. Om hierdie rede is dit waarskynlik `n latere byvoeging. Die verwysing na die twaalf man pas nie by die vorige, of die volgende verse nie. Hier volg `n paar verklarings van vers 12:

- Noth (1953:35) merk op dat die vers "in die lug sweef", en probeer aantoon dat die vers eerder in die konteks van hoofstuk 4:4άβ, 4b, 5 pas. Hy beskou vers 4aα as `n latere invoeging om Josua 3 en 4 te harmoniseer. Herzberg (1965:29) plaas die vers in die oorspronklike konteks van Josua 9:1-9, omdat vers 12 volgens hom juis na die verbond by Sigem (Jos 8:30-35) inpas. Die twaalf man sou dan `n teken van die verbond by Sigem oprig in die vorm van klippilare. Hierdie opdrag volg dan op die verbondsgedeelte (Jos 8:30-35);

[244] Deut 9:4, 5; 11:23; 18:12; Jos 13:6; 23:5.
[245] Lemche (2003:78-89) meen dat die term "Kanaäniete" nie oorspronklik na die bewoners van die land verwys het nie. Hy vind die oorsprong van die term "Kanaäniete" in die konflik tussen stamgeoriënteerde groepe en die staat. In die Ystertydperk het die stamme wat ontstaan het na die Laat-Bronstydperk die Kanaäniete (verteenwoordigers van die staat) onthou as hulle vyande. Later, toe die stamme hergergroepreer is onder die kininkryke van Israel en Juda het hulle vir vir die tweede keer die koning se diensknegte as Kanaäniete (vyande) beleef. Alhoewel die Egiptenare in die 19de eeu vC `n provinsie met die naam Kanaän gestig het, het hierdie provinsie waarskynlik net die suide van die land ingesluit (Lemche 1991:25-52). Lemche soek oorspronklike verwysings na Kanaän dus in `n sosio-politieke konteks *("Socio-political dichotmoy of discontinuum")*. Omdat Noth se amfiktionie of Mowinckel se *"Thronbesteigungsfest"*-hipoteses nie meer haalbaar is nie, is dit moeilik om die voorgeskiedenis van Israel te rekonstrueer.

- Butler (1983:47) spekuleer nie oor die oorspronklike konteks van vers 12 nie, maar dui tog aan dat die vers in die konteks van vers 9 hoort, omdat dit die konteks weergee waar Josua as `n profeet opdragte vir die volk gee;
- Boling (1982:168) fokus op die fragmentariese aard van die vers, en kom tot die gevolgtrekking dat die vers `n bevel kort;
- Fritz (1994:55) noem die moontlikheid dat die vers as redaksionele band tussen hoofstuk 3 en 4 funksioneer. Laasgenoemde blyk `n logiese gevolgtrekking te wees. `n Redaktor kon moontlik hierdie fragmentariese vers ingevoeg het om Josua 3 en 4 aan mekaar te bind. Die opdrag van vers 12 kom eintlik eers in hoofstuk 4 ter sprake, en daarom blyk dit dat die vers juis as `n redaksionele band tussen die twee hoofstukke funksioneer.

Vers 17c is moontlik `n latere byvoeging wat nie met meer sekerheid omskryf kan word nie. Boling (1982:170) klassifiseer die vers as die inleiding tot hoofstuk 4. Fritz (1994:52) beskou dit as `n deuteronomistiese redaksie (RedD). Hy verwys na die term `hbrx` wat volgens hom in die Jahwistiese (J) stratum van die Rietsee-vertelling (Eks 14:21) voorkom. Sodoende beskou Fritz vers 17d as `n deuteronomistiese verwysing na Eksodus 14. Om hierdie rede funksioneer vers 17d as `n poging om die Rietsee-wonder (Eks 14-15) as deel van die intog in die Beloofde Land te herïnterpreteer. Die deuteronomis sou dan `n bekende tradisie uit Israel se verlede neem, en sou die intog teken as `n magsvertoon van God, wat in die verlede gewerk het, en ook nou sy volk te hulp kom.

In hierdie gedeelte is daar dan verskillende toevoegings (Z) wat nie by die onderskeie uitbreidings (P^a, DG, Kron) inpas nie. Die meeste van hierdie bevoegings het moontlik gefunksioneer om die teks te harmoniseer, en sodoende die onderskeie uitbreidings tot `n eenheid te bind.

4.6 Gevolgtrekking

- In die bostaande eksegetiese analise is die literêre samehang van Josua 3 bepaal. My gevolgtrekking dui op `n oorspronklike deuteronomistiese teks (Jos 3:7, 8, 15, 17ab; 4:14-18) wat deel vorm van die deuteronomistiese

verhaal van die Jordaandeurgang. Hierdie gedeelte sluit by die deuteronomistiese landsveroweringsverhaal (Jos 5-12) aan;

- Hierdie deuteronomistiese verhaal is deur `n ná-eksiliese verwerking uitgebrei. Die ná-eksiliese narratief vertel van die natuurwonder en bevat laat ná-priesterlike verwysings;
- Ek sluit by Römer (2007b:179-183) aan deur die Pentateug as `n samevoeging tussen priesterlike en deuteronomistiese materiaal te beskou. In die Persiese tyd (4-3de eeu vC) het die samevoeging van die priesterlike en deuteronomistiese komposisies veroorsaak dat Deuteronomium met die voorafgaande (priesterlike) boeke verbind is. Hierdie proses het onder andere die einde van die sogenaamde deuteronomistiese skool of beweging veroorsaak. Die feit dat Deuteronomium van Josua geskei is, het beteken dat Josua nou `n ná-priesterlike redaksie ondergaan het. Dit verklaar onder andere die téén-deuteronomistiese gedeeltes in die boek Josua (vgl 3.1.1.3);
- Verder is hierdie ná-eksiliese verhaal van die Jordaandeurgang (Jos 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f) deur verwysings na die priesters en die ark uitgebrei (P$^{(a)}$) Hierdie uitbreiding beklemtoon die rol van die priesters en die ark (3:6a-e, 10a, 11, 13a, 14b). Ek stel verder voor dat die ark juis gebruik is om die verskillende priestergroepe te legitimeer. Sodoende kom daar benewens dié priesterlike uitbreiding (P^{a}) `n kronistiese uitbreiding (Kron) voor wat die rol van die Levitiese priesters beklemtoon. Sodoende gebruik latere priestergroepe die ark as simbool om hulle posisies in die ná-ballingskaptyd te legitimeer.

Benewens die verskillende uitbreidings tot die narratief (Jos 3;1, 5, 10a, 13b-d, 14, 16a-f) is daar verskeie redaksionele toevoegings (Z) wat nie in die konteks van die onderskeie uitbreidings pas nie. Hierdie byvoegings (3:4, 9, 12, 16d, 17c) is moeilik om te dateer, en is heel waarskynlik van die jongste toevoegings tot die teks, omdat hulle grootliks die verskillende uitbreidings probeer harmoniseer.

Die uiteensetting van die redaksionele uitbreidings kan dan soos volg aangedui word:

DG :		Vóór-eksilies (6de eeu vC)
	|	
B:	**:**	Láát ná-eksilies.

P[a]	**:**	Láát ná-eksilies.
Kron	**:**	Láát ná-eksilies
Z	**:**	Láát ná-eksilies

Op grond van die resultate van hierdie hoofstuk rekonstrueer ek die teks van Josua 3:1-17 op die volgende manier:

rq,BoB; [;vuAhy> ~Kev.Y:w:	**3:1a B**	*En daarop het Josua vroeg in die môre opgestaan;*
~yJiVih;me W[s.YIw:	**3:1b**	*en weggetrek van Sittim;*
laer'f.yI ynEB.-lk'w> aWh !Der>Y:h;-d[; WaboY"w:	**3:1c**	*en aangekom by die Jordaan, hy en die seuns van Israel;*
~v' WnliY"	**3:1d**	*en daar oorgebly;*
Wrbo[]y: ~r,j,	**3:1e**	*voordat hulle deurgetrek het.*
~ymiy" tv,l{v. hceq.mi yhiy>w:	**3:2a Kron**	*En aan die einde van drie dae;*
hn<x]M;h; br,q,B. ~yrIj.Voh; Wrb.[;Y:w:	**3:2b**	*het die offisiere deur die kamp gegaan;*
rmoale ~['h'-ta, WWc;y>w:	**3:3a**	*en die volk beveel:*
~k,yhel{a/ hw"hy>-tyrIB. !Ara] tae ~k,t.Aar>Ki	**3:3b**	*Net soos julle die vebondsark van die Here julle God sien;*
tao ~yaif.nO ~YIwIl.h; ~ynIh]Koh;w>	**3:3c**	*en die priesters, die Leviete, wat hom dra;*
~k,m.AqM.mi W[s.Ti	**3:3d**	*moet julle van julle staanplek opbreek;*
wyr'x]a; ~T,k.l;h]w:	**3:3e**	*en agter hom aantrek.*
. Îwyn"ybeWÐ ¿AnybeWÀ ~k,ynEyBe hy<h.yI qAxr' %a; hD'MiB; hM'a; ~yIP;l.a;K.	**3:4a Z**	*Maar laat daar `n afstand van tweeduisend el tussen julle en hom wees;*
wyl'ae Wbr>q.Ti- la	**3:4b**	*en moenie naby hom kom nie;*
%r,D,h;-ta, W[d>Te-rv,a] ![;m;l. Hb'-Wkl.Te rv,a]	**3:4c** **3:4d**	*sodat julle die pad kan ken waar julle langs moet trek,*
~Avl.vi lAmT.mi %r,D,B; ~T,r>b;[] al{ yKi ~['h'-la, [;vuAhy> rm,aYOw:	**3:4e** **3:5a B**	*want gister en eergister het julle nie met dié pad getrek nie.* *En Josua het vir die volk gesê:*

WvD'q;t.hi	**3:5b**	*Reinig julleself;*
tAal'p.nI ~k,B.r>qiB. hw"hy> hf,[]y: rx'm' yKi	**3:5c**	*want môre sal die Here wonders onder julle doen..*
rmoale ~ynIh]Koh;-la, [;vuAhy> rm,aYOw:	**3:6a P(a)**	*En Josua het vir die priesters gesê:*
tyrIB.h; !Ara]-ta, Waf.	**3:6b**	*Tel die verbondsark op;*
~['h' ynEp.li Wrb.[iw>	**3:6c**	*en trek voor die volk uit;*
tyrIB.h; !Ara]-ta, Waf.YIw:	**3:6d**	*En toe het hulle die verbondsark opgetel;*
~['h' ynEp.li Wkl.Yew:	**3:6e**	*en voor die volk weggetrek.*
[;vuAhy>-la, hw"hy> rm,aYOw:	**3:7a DG**	*En die Here het vir Josua gesê:*
laer'f.yI-lK' ynEy[eB. ^l.D,G: lxea' hZ<h; ~AYh;	**3:7b**	*Vandag sal ek begin om jou groot te maak in die oë van die hele Israel;*
!W[d>yE rv,a]	**3:7c**	*sodat hulle kan weet;*
hv,mo-~[i ytiyyIh' rv,a]K;	**3:7d**	*soos ek met Moses was,*
%M'[i hy<h.a,	**3:7e**	*sal ek met jou wees.*
rmoale tyrIB.h;-!Ara] yaef.nO ~ynIh]Koh;-ta, hW<c;T. hT'a;w>	**3:8a**	*Gee dan die bevel vir die priesters wat die verbondsark dra;*
dmo[]T; !Der>Y:B; !Der>Y:h; yme hceq.- d[; ~k,a]boK.	**3:8b**	*Net soos julle aan die kant van die waters van die Jordaan kom, moet julle stilstaan.*
laer'f.yI ynEB.-la, [;vuAhy> rm,aYOw:	**3:9a Z**	*En Josua het vir die seuns van Israel gesê:*
~k,yhel{a/ hw"hy> yreb.DI-ta, W[m.viw> hN"he WvGO	**3:9b**	*Kom nader en luister na die woorde van die Here julle God.*
[;vuAhy> rm,aYOw:	**3:10a P(a)**	*En Josua het gesê:*
!W[d>Te tazOB.	**3:10b B**	*Hieraan sal julle weet:*
~k,B.r>qiB. yx; lae yKi	**3:10c**	*dat `n lewende God in julle midde is;*
yTixih;-ta,w> ynI[]n:K.h;-ta, ~k,ynEP.mi vyrIAy vreAhw>	**3:10d Z**	*Hy sal sekerlik voor julle uitdryf die Kanaäniete en die Hetiete;*
ysiWby>h;w> yrImoa/h'w>		*die Hewiete en die*

yviG"r>GIh;-ta,w> yZIrIP.h;-ta,w> yWIxih;-ta,w>>		*Feresiete,die Girgasiete, die Amoriete en die Jebusiete;*
!Der>Y:B; ~k,ynEp.li rbe[o #r,a'h'-lK' !Ada] tyrIB.h; !Ara] hNEhi	**3:11** **P(a)**	*Kyk, die verbondark van die Here oor die hele aarde trek voor julle uit, die Jordaan in.*
laer'f.yI yjeb.Vimi vyai rf'[' ynEv. ~k,l' Wxq. hT'[;w>	**3:12** **Z**	*Neem dan 12 manne uit die stamme van Israel, een man uit elke stam;*
jb,V'l; dx'a,-vyai dx'a,-vyai		
!Ara] yaef.nO ~ynIh]Koh; yleg>r; tAPK; x;AnK. hy"h'w>	**3:13a** **P(a)**	*en net soos die voetsole van die priesters wat die verbondsark van die Here oor die hele aarde dra, in die Jordaan rus;*
!Der>Y:h; ymeB. #r,a'h'-lK' !Ada] hw"hy>		
!WtreK'yI !Der>Y:h; yme	**3:13b** **B**	*sal die waters van die Jordaan afgesny word;*
hl'[.m'l.mi ~ydIr>YOh; ~yIM;h;	**3:13c**	*die waters wat bo af kom;*
dx'a, dnE Wdm.[;y:	**3:13d**	*en dit sal soos een wal bly staan.*
!Der>Y:h;-ta, rbo[]l; ~h,yleh\a'me ~['h' [;son>Bi yhiy>w:	**3:14a**	*En toe die volk wegtrek uit hulle tente om die Jordaan deur te gaan;*
~['h' ynEp.li tyrIB.h; !Ara'h' yaef.nO ~ynIh]Koh;w>	**3:14b** **P(a)**	*met die priesters wat die verbondsark dra voor die volk;*
!Der>Y:h;-d[; !Ara'h' yaef.nO ~ynIh]Koh;w>	**3:15a** **DG**	*en toe die draers van die ark by die Jordaan kom;*
~yIM'h; hceq.Bi WlB.j.nI !Ara'h' yaef.nO ~ynIh]Koh; yleg>r;w>	**3:15b**	*Toe die voete van die priesters wat die ark dra, in die vlakwater kom*
ryciq' ymey> lKo wyt'AdG>-lK'-l[;alem' !Der>Y:h;w>	**3:15c**	*terwyl die Jordaan vol was op al sy walle op al die dae van die oes;*
hl'[.m;l.mi ~ydIr>YOh; ~yIM;h; Wdm.[;Y:w:	**3:16a** **B**	*Toe het die water wat van bo af kom gaan staan;*
ry[ih' Î~d'a'meÐ ¿~d'a'b'À daom. qxer>h; dx'a,-dnE Wmq'	**3:16b**	*dit het opgestaan soos een wal, baie ver weg by stad Adam;*
!t'r>c' dC;mi rv,a]	**3:16c**	*wat langs Sartan lê;*
WMT; xl;M,h;-~y" hb'r'[]h' ~y" l[; ~ydIr>YOh;w>	**3:16d**	*en die wat afstroom na die see van die vlakte, die Soutsee;*
Wtr'k.nI	**3:16e**	*is afgesny;*

AxyrIy> dg<n< Wrb.[' ~['h'w>	**3:16f**	*en die volk het deurgetrek, teenoor Jerigo.*
hw"hy>-tyrIB. !Ara'h' yaef.nO ~ynIh]Koh; Wdm.[;Y:w !keh' !Der>Y:h; %AtB. hb'r'x'B, hb'r'x'B, ~yrIb.[o laer'f.yI-lk'w>	**3:17a DG** **3:17b**	*Maar die priesters wat die verbondsark van die Here dra het bly staan op droë grond, binne-in die Jordaan;* *en die hele Israel het deurgetrek op droë grond;*
!Der>Y:h;-ta, rbo[]l; yAGh;-lK' WMT;-rv,a] d[;	**3:17c Z**	*tot die hele volk die deurgang van die Jordaan voltooi het.*

Die uitgangspunt van hierdie studie is dat die teenstrydighede, herhalings en spanninge in Josua 3 aan verskillende uitbreidings te danke is. Om hierdie rede is die narratief (3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a ,16a-f) geanaliseer om sodoende die oorspronklike verhaal vas te stel. Die verder uitbreidings het die verhaal uitgebou en latere toevoegings het die spanninge probeer harmoniseer. Josua 3 is dan `n gelaagde teks wat op verskillende tye uitgebrei is om uiteindelik `n gestolde teks te vorm.

In die volgende gedeelte kom die eksegese van Josua 4 ter sprake.

4.7 DETAILANALISE: JOSUA 4:1- 5:1

4.7.1 Inleiding

Martin Noth (1953) het met sy epogmakende Josua-kommentaar die navorsing van die boek Josua radikaal beïnvloed. Volgens Noth (1953:31-33) bestaan Josua 4 uit twee verskillende etiologieë, naamlik die etiologie van die klippe by die Jordaan en die etiologie van die klippe by Gilgal. Meeste navorsers het met klein klemverskuiwings Noth se navorsingsresultate bevestig.

Hier evalueer ek die verskillende invalshoeke rondom etiologie in Josua 4. Daarna probeer ek om Josua 4 uit `n alternatiewe hoek te benader. Die volgende elemente is ter sake:

- Verband tussen Josua 3 en 4;

- Navorsingsoorsig oor Josua 4;
- Komposisie van Josua 4.

4.7.2 Verband tussen Josua 3 en 4

4.7.2.1 Josua 4 as selfstandige teks

- Noth (1953:31-33) bestudeer hierdie hoofstuk afsonderlik van hoofstuk 3. Hy beskou Josua 4 as `n samevoeging van twee etiologieë, naamlik die twaalf klippe by in die Jordaan en die twaalf klippe by Gilgal;
- Volgens Bieberstein (1995:358-427) strek die oorspronklike *Grundschicht* van Josua 3 (Jos 3:1,5, 10b- c, 13b-d, 14, 16a-f) nié tot by Josua 4 nie. Bieberstein identifiseer Josua 4 as `n narratief rondom die twaalf klippe ($C^2$). Hierdie narratief is volgens Bieberstein deur `n deuteronomistiese redaktor (DtrR=Reuben) uitgebrei. Verder merk hy etiologiese (Rä) en ná-priesterlike (Rp) redaksies in die teks op. Hy identifiseer verder verskeie toevoegings (Z);
- Nelson (1997:57) onderskei tussen die twee narratiewe van die oorgang van die Jordaan en die 12 klippe. Die Jordaan-deurgang-narratief (Jos 3:1-17; 4:11-19) kan sonder die narratief van die klippe (4:1-10,20-24) funksioneer, maar die narratief van die klippe kan nié sonder die narratief van die Jordaan-deurgang funksioneer nie.

4.7.2.2 Josua 4 as voortsetting van Josua 3

- Soggin (1972:51) dui die verskillende elemente in Josua 3 en 4 aan. Hierdie elemente sluit die voorbereiding vir die deurgang (Jos 3:1-3), natuurwonder (3:14-16a), deurgang deur die Jordaan (3:16b-17; 4:10-11, 14-18), oprigting van die twaalf klippe (4:1-9), deurgang van die Oosjordaanland-stamme (4:12-13) en die byeenkoms by Gilgal (4:19-5:1) in;
- Boling (1982:170) identifiseer twee verhalende blokke, naamlik die vertelling van die reis van Sittim na Gilgal (Jos 3:1-16 + 4:10-18), waarin Gilgal en die twaalf klippe nié voorkom nie. `n Volgende blok (Jos 3:17-4:8) is later ingevoeg, en het sodoende dié vakuum gevul;

- Butler (1983:42) identifiseer twee verhale in Josua 4, naamlik `n natuurwonder (Jos 3:2-4, 6, 9, (10?), 11-14, 16b; 4:4-7, 11) en `n ark-verhaal (Jos 3:1b, [5?], 7aA, 8-10, 15-16aA, 17; 4:1-3, 8, 15-22);
- Fritz (1994:) beskou hoofstuk 4:11a-18 as deel van `n oorspronklike *Grundschrift* van Josua 3 en 4. `n Latere redaktor (RedP) het hoofstuk 4:9 en 10b bygevoeg. Die res van Josua 4 is die resultaat van verskeie redaksionele byvoegings.

4.7.2.3 Gevolgtrekking

In my literêre analise van Josua 3 het ek die gevolgtrekking gemaak dat dié hoofstuk uit `n oorspronklike deuteronomistiese verhaal (Jos 3:7, 8, 15, 17ab; 4:14-18) van die Jordaandeurgang, asook `n ná-eksiliese verwerking van die verhaal van die Jordaandeurgang (3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f) bestaan. Ek is oortuig dat die skeiding tussen hoofstuk 3 en 4 deur die invoeging van Josua 4:1c-9 veroorsaak is. Sodoende het Josua 4:1c-9 (verhaal van die twaalf klippe) die dominante tema van Josua 4 geword.

4.7.3 Navorsingsoorsig oor Josua 4

4.7.3.1 Rol van die kultus

Butler (1983:43) beskou die klem op Gilgal as die middelpunt van hoofstuk 4. Hy sluit aan by die hipotese dat Josua 4 oorspronklik as `n etiologie gefunksioneer het om die heiligdom by Gilgal te legitimeer. Die verband tussen Josua 4 en die kultus is reeds deeglik ondersoek (Kraus 1951:188-199; 1966; Langlamet 1969; Cross 1973:103-105; Otto 1975). Soggin (1972:53-54) sluit by Von Rad (1938) aan deur Gilgal met `n feesviering (wat die uittog, pasga en landsverowering vier) te verbind. So beskou Soggin (1972:53) en Butler (1983:43) die teks as `n antieke liturgie wat mettertyd so geherïnterpreteer is dat dit onmoontlik is om die oorspronlike vorm van die liturgie te rekonstrueer.[246] Die klem val dus op `n *liturgie* wat in Josua 4 behoue gebly het.

[246] Butler (1983:43) gee toe dat selfs Silo of Jerusalem vir die teks in sy huidige vorm verantwoordelik kon wees. Otto (1975:104-118) laat vaar enige pogings om mondelinge bronne te isoleer, terwyl `n groep navorsers (Keller 1956:85-96; Dus 1960:104-136; Vogt 1965:128-145; Maier 1965:18-32; Langlamet 1969) juis probeer om die oorspronklike liturgie te rekonstrueer.

Die prosessie-karakter van Josua 3 met die ark en die priesters, versterk die hipotese van `n kultiese oorsprong van Josua 3 en 4. `n Rekonstruksie van `n oorspronklike Gilgal-kultus is myns insiens onoortuigend. Die kultiese interpretasie is die fondamente van etiologie gebou. Volgens hierdie hipotese bevat Josua 3 en 4 vóór-deuteronomistiese gedeeltes wat indie geval van Josua 4 na die heiligdom by Gilgal teruggevoer kan word. Hierdie saak vra herbesinning.

4.7.3.2 Rol en funksie van die "kindervraag "

Die rol van die kultus in die ontstaan van Josua 4 kan teruggevoer word na die sogenaamde "kindervraag" (Jos 4:6-7, 21-23). Hierdie "kindervraag" vorm die middelpunt van Josua 4:1c-8f. Sodoende speel die verwysing na die twaalf klippe en die sogenaamde "kindervraag" `n didaktiese rol. `n Pa verwys na God se magtige reddingsdade in antwoord op `n vraag van sy seun na die twaalf klippe. Die vaste formulering van die "kindervraag" dien om God se reddingsdade in die geskiedenis op `n duidelike wyse na `n volgende geslag oor te dra (Otto 1975:131-133). Hierdie tipe formulering kom ook elders in die Heksateug voor (Eks 12:26-27; 13:14-15; Deut 6:20-21; Jos 4:6-7, 21-23).

Bieberstein (1995:367) beskou die "kindervraag" as die middelpunt van Josua 3 en 4. Bieberstein rekonstrueer die groei van die teks van Josua 3 en 4 tot `n vóór ideologiese stadium. Hierdie benadering veronderstel dat die latere (ná-eksiliese redaksies) hoofsaaklik ideologies van aard is. Anders gestel: daar was `n stadium wat die redaksie van Josua 3 en 4 `n simmetriese samehang vertoon het, voordat latere (ná-eksiliese) redaksies hierdie samehang versteur het. In sy analise van Josua 4 neem Bieberstein doelbewus die groei en komposisie van Josua 3 in ag. Sy rekonstruksie sluit die eerste redaksionele lae, naamlik *Grundschicht* (A), priesters en die ark (B) en die klippe in die Jordaan (C^2) in.

Volgens Bieberstein (1995:365) bestaan die komposisie van Josua 3 en 4 uit drie hoofdele. Die drie hoofdele vorm `n simmetriese samehang. Sodoende handel Josua 3:1-17b oor die Jordaandeurgang, 4:1c-8 oor die klippe en die "kindervraag" en 4:10-18b-d dien as vervulling van die eerste deel (Jos 3:1-17b) se beloftes. Sodoende vorm die "kindervraag" die middelpunt van Josua 3 en 4 Die volgende diagram bied `n skematiese oorsig:

	3:1	Reis van Sittim na die Jordaan
	3:5	Josua se opdrag aan die volk om hullelself te heilig
	3:6a-c	Josua se opdrag aan priesters om die ark te dra
A	3:7bcd	Belofte om Josua te verhoog
B	3:8ab	Bevel aan priesters
	3:10-13	Gesprek van Josua
	3:14	Begin van natuurwonder
C	3:15	Hoogwater
	3:16	Natuurwonder
	3:17	**Priesters staan in Jordaan, volk beweeg deur**

	4:1ab	**Voltooiing van deurtog**
	4:1c-8	12 klippe, kindervraag
	4:10	**Priesters staan in Jordaan, volk beweeg deur**

	4:11ab	**Voltooing van deurtog**
A	4:14	Josua word verhoog
B	4:15-18a	Opdragte aan priesters
C	4:18b-d	Hoogwater

Die volgende opmerkings is van belang:

- Josua 3:2-4 en 4:19-5:1 vorm nie deel van die bostaande diagram nie. Josua 3:2-4 behoort volgens Bieberstein se analise tot `n deuteronomistiese snit (DtrA). Die vraag is of DtrA *ouer* of *jonger* is as die oorspronklike kern van Josua 4 (4:1-8). Bieberstein (1995:352) beskou DtrA *jonger* as C^2 en daarom pas DtrA nie by sy oorspronklike kern van Josua 4 nie;
- Josua 3:9 behoort volgens die literêre analise tot `n latere byvoeging (Z). Die doel van hierdie byvoeging was om die verskillende uitbreidings van Josua 3 te harmoniseer. Om hierdie rede het die later byvoeging (Z) `n verhelderende funksie;

- Josua 4:9 hoort volgens Bieberstein tot `n etiologiese uitbreiding ($R^{ä}$). Hierdie etiologiese uitbreiding het die oorspronklike weergawe van Josua 4 in `n ná-eksiliese konteks geherïnterpreteer. Die generasie wat Jerusalem se mure herbou het (Neh 2-3) het hulle onderskeie plekke van herkoms gebruik om Israel se vóór-monargale geskiedenis te rekonstrueer (vgl 4.7.5.2);
- Josua 4:12-13 hoort volgens Bieberstein se analise tot `n latere (waarskynlik ná-eksiliese redaksionele deuteronomistiese uitbreiding (DtrR). Hierdie uitbreiding sentreer rondom die Oosjordaanland-stamme (Ruben, Gad en die halwe stam van Manasse). Alhoewel ek hierdie uitbreiding in `n ander konteks plaas, beskou ek dit ook as `n latere byvoeging (vgl 4.7.5.1);
- Josua 4:19-5:1 behoort tot `n ná-priesterlike uitbreiding (vgl 4.7.5.3);
- Die diagram dui `n simmetriese patroon aan. Verse 3:17, 4:1ab, 4:10 en 4:11ab dien om die verbande tussen die onderskeie gedeeltes (3:1-17, 4:1ab-10, 4:11ab-18bcd) te skep;
- Gemeenskaplike motiewe (A, B, C) kom in die eerste en die derde hoofgdeelte voor. Sodoende vorm `n "raam" rondom die tweede hoofgedeelte. Die resultaat is dat die tweede hoofgedeelte sentraal staan, terwyl die eerste en die derde hoofdele `n belofte-vervulling skema vorm. Volgens Bieberstein (1995:367) vorm die middelste gedeelte (4:1c-8) die kern van Josua 3 en 4.

Volgens Bieberstein se rekonstruksie van Josua 4:-5:1 het die *Grundschicht* (A), die priesters/ark-redaksie, die klippe-narratief (C^{1}), en die deuteronomistiese redaksie (DtrA) oorspronklik `n fyn simmetriese literêre struktuur gevorm. Hierdie simmetriese struktuur het uiteindelik die "kindervraag" beklemtoon. Ek wil egter die volgende opmerkings oor Bieberstein se analise maak:

Alhoewel ek van Bieberstein se analise van Josua 3 en 4 verskil, is hy myns insiens korrek as hy die "kindervraag"as die middelpunt van Josua 3 en 4 beskou.

4.7.4 Komposisie: Josua 4:1-5:1

yhiy>w:	**4:1a**	*en toe;*
!Der>Y:h;-	**4:1b**	*die hele volk die deutog deur*

ta, rAb[]l; yAGh;-lk' WMT;- rv,a]K;		*die Jordaan voltooi het;*
rmoale [;vuAhy>-la, hw"hy> rm,aYOw:	**4:1c**	*het Jahwe vir Josua gesê:*
jb,V'mi dx'a,-vyai dx'a,-vyai ~yvin"a] rf'[' ~ynEv. ~['h'-!mi ~k,l' Wxq.	**4:2**	*Neem vir julle uit die volk twaalf manne, uit elke stam een man;*
rmoale ~t'Aa WWc;w>	**4:3a**	*En beveel hulle:*
!ykih' ~ynIh]Koh; yleg>r; bC;M;mi !Der>Y:h; %ATmi hZ<mi ~k,l'-Waf. ~ynIb'a] href.[,-~yTev	**4:3b**	*Neem vir julle vandaar, van die plek waar die voete van die priesters vas bly staan het, twaalf klippe;*
~k,M'[i ~t'Aa h~T,r>b;[];w>	**4:3c**	*en bring dit saam met julle deur;*
!AlM'B; ~t'Aa ~T,x.N:hiw>	**4:3d**	*en sit dit neer by die slaapplek;*
hl'y>L'h; Ab WnyliT'-rv,a]	**4:3e**	*waar julle vanaand gaan oorbly;*
vyai rf'['h, ~ynEv.-la, [;vuAhy> ar'q.YIw:	**4:4a**	*Josua het die twaalf manne geroep;*
jb,V'mi dx'a,-vyai dx'a,-vyai laer'f.yI ynEB.mi !ykihe rv,a]	**4:4b**	*Wat hy uit die seuns van Israel,uit elke stam een man, aangestel het;*
[;vuAhy> ~h,l' rm,aYOw:	**4:5a**	*En Josua het vir hulle gesê:*
!Der>Y:h; %AT-la, ~k,yhel{a/ hw"hy> !Ara] ynEp.li Wrb.[i	**4:5b**	*Trek uit voor die ark van die Here julle God, tot binne-in die Jordaan;*
laer'f.yI-ynEb. yjeb.vi rP;s.mil. Amk.vi-l[;tx;a; !b,a, vyai ~k,l' WmyrIh'w>	**4:5c**	*En tel vir julle `n klip op, elkeen man een op sy skouer, volgens die getal van die stamme van*

		die seuns van Israel;
~k,B.r>qiB. tAa tazO hy<h.Ti ![;m;l.	**4:6a**	*Sodat dit `n teken onder julle kan wees;*
Rmoale rx'm' ~k,ynEB. !Wla'v.yI	**4:6b**	*as julle kinders later vra:*
~k,l' hL,aeh' ~ynIb'a]h' hm'	**4:6c**	*wat beteken hierdie klippe vir julle?*
~h,l' ~T,r>m;a]w:	**4:7a**	*moet julle vir hulle sê:*
hw"hy>-tyrIB. !Ara] ynEP.mi !Der>Y:h; ymeyme Wtr>k.nI rv,a]	**4:7b**	*omdat die water van die Jordaan afgekeer is voor die verbondsark van die Here;*
!Der>Y:h; yme Wtr>k.nI !Der>Y:B; Arb.['B.	**4:7c**	*in sy deurtog deur die Jordaan- die water van die Jordaan is afgekeer;*
~l'A[-d[; laer'f.yI ynEb.li !ArK'zIl. hL,aeh' ~ynIb'a]h' Wyh'w>	**4:7d**	*daarom is hierdie klippe as `n aandenking vir die seuns van Israel vir altyd;*
laer'f.yI-ynEB. !ke-Wf[]Y:w	**4:8a**	*die seuns van Israel het so gedoen;*
[;vuAhy> hW"ci rv,a]K;	**4:8b**	*soos wat Josua beveel het;*
!Der>Y:h; %ATmi ~ynIb'a] href.[,-yTev. Waf.YIw:	**4:8c**	*Hulle het die twaalf klippe in die middel van die Jordaan opgetel;*
laer'f.yI-ynEb. yjeb.vi rP;s.mil. [;vuAhy>-la, hw"hy> rB,DI rv,a]K;	**4:8d**	*Soos wat die Here met Josua gespreek het, volgens die getal van die stamme van Israel;*
!AlM'h;-la, ~M'[i ~Wrbi[]Y:w:	**4:8e**	*En hulle het dit deurgebring saam met hulle na die slaapplek toe;*
~v' ~WxNIY:w:	**4:8f**	*En dit daar neergesit;*

!Der>Y:h; %AtB. [;vuAhy> ~yqihe ~ynIb'a] href.[, !Ara]] yaef.nO ~ynIh]Koh; yleg>r; bC;m; tx;T.	**4:9a**	*Josua het twaalf klippe opgerig in die middel van die Jordaan,op die plek waar die voete van die priesters, die draers van die verbondsark, gestaan het;*
hZ<h; ~AYh; d[; ~v' Wyh.YIw:	**4:9b**	*en dit is tot vandag toe nog daar;*
rb'D'h;-lK' ~To d[; !Der>Y:h; %AtB. ~ydIm.[o !Ara'h' yaef.nO ~ynIh]Koh;w>	**4:10a**	*En die priesters wat die ark gedra het, het bly staan in die middel van die Jordaan tot dat alles volbring was;*
lkoK. ~['h'-la, rBed;l. [;vuAhy>-ta, hw"hy> hW"ci- rv,a]	**4:10b**	*wat die Here vir Josua beveel het om vir die volk te sê volgens alles;*
[;vuAhy>-ta, hv,mo hW"ci-rv,a]	**4:10c**	*wat Moses vir Josua beveel het;*
~['h' Wrh]m;y>w:	**4:10d**	*en die volk het vinnig*
Wrbo[]Y:w:	**4:10e**	*deurgetrek;*
yhiy>w:	**4:11a**	*En toe;*
rAb[]l; ~['h'-lK' ~T;- rv,a]K;	**4:11b**	*die hele volk die deurtog voltooi het;*
~['h' ynEp.li ~ynIh]Koh;w> hw"hy>-!Ara] rbo[]Y:w:	**4:11c**	*het die ark van die Here met die priesters voor die volk deurgetrek;*
~yvimux] hV,n:m.h; jb,ve ycix]w: dg"-ynEb.W !beWar>-ynEB. Wrb.[;Y:w: laer'f.yI ynEB. ynEp.l	**4:12a**	*En die seuns van Ruben, Gad en die halwe stam van Manasse, het gewapend voor die oë van die seuns van Israel deurgetrek;*
	4:12b	*net soos Moses aan hulle gesê*

hv,mo ~h,ylea] rB,DI rv,a]K;		*het;*
hm'x'l.Mil; hw"hy> ynEp.li Wrb.[' ab'C'h; yceWlx] @l,a, ~y[iB'r>a;K. AxyrIy> tAbr>[; la	**4:13**	*omtrent veertigduisend wat vir oorlog gewapen was, het voor die aangesig van die Here deurgetrek om te veg, na die vlaktes van Jerigo toe;*
laer'f.yI-lK' ynEy[eB. [;vuAhy>-ta, hw"hy> lD;GI aWhh; ~AYB;	**4:14a**	*Die dag het die Here vir Josua verhoog voor die oë van die hele Israel;*
Atao War>YIw:	**4:14b**	*sodat hulle hom gevrees het;*
wyY"x ymey>-lK' hv,mo-ta, War>y" rv,a]K;	**4:14c**	*soos wat hulle Moses gevrees het al die dae van sy lewe;*
rmoale [;vuAhy>-la, hw"hy> rm,aYOw:	**4:15**	*en die Here het vir Moses gesê:*
tWd[eh' !Ara] yaef.nO ~ynIh]Koh;-ta, hWEc;	**4:16a**	*beveel die priesters wat die ark van getuienis dra:*
!Der>Y:h;-!mi Wl[]y:w>	**4:16b**	*dat hulle uit die Jordaan opkom;*
rmoale ~ynIh]Koh;-ta, [;vuAhy> wc;y>w	**4:17a**	*en Josua het die priesters beveel:*
!Der>Y:h;-!mi Wl[]	**4:17b**	*kom op uit die Jordaan!*
hw"hy>-tyrIB. !Ara] yaef.nO ~ynIh]Koh; ÎtAl[]K;Ð ¿tAl[]B;À yhiy>w: !Der>Y:h; %ATmi	**4:18a**	*En toe die priesters wat die verbondsark van die Here dra uit die middel van die Jordaan opkom;*
hb'r'x'h, la, ~ynIh]Koh; yleg>r; tAPK; WqT.nI	**4:18b**	*het die priesters skaars hulle voetsole gelig na die droë*

		grond;
~m'Aqen hy het vir diem.li !Der>Y:h;-yme WbvuY"	**4:18c**	*of die waters van die Jordaan het teruggekeer na sy plek;*
wyt'AdG>-lK'-l[; ~Avl.vi-lAmt.ki Wkl.YEw	**4:18d**	*en soos gister en eergister op al sy walle geloop;*
!AvarIh' vd,xol; rAf['B, !Der>Y:h;-!mi Wl[' ~['h'w>	**4:19 Rp**	*En die volk het die tiende van die eerste maand uit die Jordaan opgetrek;*
AxyrIy> xr;z>mi hceq.Bi lG"l.GIB; Wnx]Y:w:	**4:19b**	*en kamp opgeslaan by Gilgal, aan die oostelike kant van Jerigo;*
hL,aeh' ~ynIb'a]h' href.[, ~yTev. taew>	**4:20 a¹**	*en daardie twaalf klippe*
!Der>Y:h;-!mi Wxq.l' rv,a]	**4:20b**	*wat hulle uit die Jordaan geneem het;*
lG"l.GIB; [;vuAhy> ~yqihe	**4:20 a²**	*het Josua by Gilgal opgerig;*
rmoale laer'f.yI ynEB.-la, rm,aYOw:	**4:21a**	*En hy het vir die seuns van Israel gesê:*
rmoale ~t'Aba]-ta, rx'm' ~k,ynEB. !Wla'v.yI rv,a]	**4:21b**	*wanneer julle kinders later hulle vaders vra:*
hL,aeh' ~ynIb'a]h' hm'	**4:21c**	*Wat beteken hierdie klippe?*
rmoale ~k,ynEB.-ta, ~T,[.d;Ahw	**4:22a**	*Moet julle aan julle kinders bekend maak:*
hZ<h; !Der>Y:h;-ta, laer'f.yI rb;[' hv'B'Y:B	**4:22b**	*op droë grond het Israel deur hierdie Jordaan getrek;*
~k,r>b.['-d[; ~k,ynEP.mi !Der>Y:h; yme-ta, ~k,yhel{a/ hw"hy> vybiAh- rv,a]	**4:23a**	*deurdat die Here julle God die waters van die Jordaan laat opdroog het voor julle, todat julle deurgetrek het;*

@Ws-~y:l. ~k,yhel{a/ hw"hy> hf'[' rv,a]K;	**4:23b**	*soos die Here julle God met die Rietsee gedoen het;*
Wnreb.['-d[; WnynEP'mi vybiAh-rv,a]	**4:23c**	*wat Hy voor ons laat opdroog het, todat ons deurgetrek het;*
hw"hy> dy:-ta, #r,a'h' yMe[;-lK' t[;D; ![;m;l.	**4:24a¹**	*sodat al die volke van die aarde kan weet dat die hand van die Here;*
ayhi hq'z"x] yKi	**4:24b**	*sterk is;*
~ymiY"h;-lK'~k,yhel{a/ hw"hy>-ta, ~t,ar'y> ![;m;l.	**4:24a²**	*sodat julle die Here julle God altyd mag vrees;*
yrImoa/h' ykel.m;-lK' [;mov.ki yhiy>w:	**5:1a¹**	*En toe al die konings van die Amoriete;*
hM'y" !Der>Y:h; rb,[eB. rv,a]	**5:1b**	*wat anderkant die Jordaan na die weste was;*
ynI[]n:K.h; ykel.m;-lk'w	**5:1a a²**	*en al die konings van die Kanaäniete;*
~Y"h;-l[; rv,a]	**5:1c**	*wat by die see woon;*
laer'f.yI-ynEb. ynEP.mi !Der>Y:h; yme-ta, hw"hy> vybiAh-rv,a] tae	**5:1d**	*hoor dat die Here die waters van die Jordaan voor die seuns van Israel laat opdroog het;*
¿Wnr'b.['À-d[;	**5:1e**	*totdat hulle deurgetrek het;*
~b'b'l. sM;YIw:	**5:1f**	*het hulle harte gesmelt;*
laer'f.yI-ynEB. ynEP.mi x;Wr dA[~b' hy"h'-al{w>	**5:1g**	*en was daar in hulle geen moed*
		meer nie vanweë die seuns van Israel.

4.7.4.1 Perikoopafbakening

Ek fokus veral op die inleidings-en slotformules om sodoende die omvang van die teks te bepaal. Josua 4:1 word deur die uitdrukkingin gelei. Hierdie uitdrukking koppel die gedeelte aan die voorafgaande (Jos 3:1-17), maar terselfdertyd dui dit `n wending of `n nuwe gedeelte aan. Josua 5:1 sluit die tema van die Jordaanwonder af. In Josua 5:2 begin `n nuwe tema, naamlik die besnydenis. Die daaropvolgende gedeelte (5:10-12) bevat die vertelling van die pasga, wat reeds in Josua 4:19-5:1 geantisipeer word. Vir literêre beskou ek Josua 4:1-5:1 as `n afgeronde eenheid wat rondom die twaalf klippe in die Jordaan en die klippe by Gilgal handel.

4.7.4.2 Tekskritiek

Josua 4:1-5:1 bevat geen tekskritiese probleme wat die interpretasie van due teks radikaal beïnvloed nie. Daar is wel `n paar aanpassings in die LXX ten opsigte van enkelvoud-en meervoudsvorme (4:2a, 7a, 11a, 24a; 5:1b). Meeste van hierdie gevalle kan toegeskryf word aan die LXX se pogings om die teks te harmoniseer (Butler 1983:40).

4.7.5 Rekonstruksie: Josua 4:1-5:1

4.7.5.1 Analise: Josua 4:14-18

Die oorspronklike deuteronomistiese verhaal van die Jordaandeurgang (DG) het oorspronklik `n afgeronde eenheid gevorm:

[;vuAhy>-la, hw"hy> rm,aYOw	**3:7a**	*En die Here het vir Josua gesê:*
laer'f.yI-lK' ynEy[eB. ^l.D,G: lxea' hZ<h; ~AYh;	**3:7b**	*Vandag sal ek begin om jou groot te maak in die oë van die hele*

		Israel;
!W[d>yE rv,a]	**3:7c**	*sodat hulle kan weet;*
hv,mo-~[i ytiyyIh' rv,a]K;	**3:7d**	*Soos wat ek met Moses was,*
%M'[i hy<h.a,	**3:7e**	*sal ek met jou wees.*
rmoale tyrIB.h;-!Ara] yaef.nO ~ynIh]Koh;-ta, hW<c;T. hT'a	**3:8a**	*Gee dan die bevel vir die priesters wat die verbondsark dra;*
dmo[]T; !Der>Y:B; !Der>Y:h; yme hceq.-d[; ~k,a]boK	**3:8b**	*Net soos julle aan die kant van die waters van die Jordaan kom, moet julle stilstaan.*
!Der>Y:h;-d[; !Ara'h' yaef.nO aAbk.W	**3:15a**	*en toe die draers van die ark by die Jordaan kom;*
~yIM'h; hceq.Bi WlB.j.nI !Ara'h' yaef.nO ~ynIh]Koh; yleg>r;w>	**3:15b**	*Toe die voete van die priesters wat die ark dra, in die vlakwater kom*
ryciq' ymey> lKo wyt'AdG>-lK'-l[;alem' !Der>Y:h;w>	**3:15c**	*terwyl die Jordaan vol was op al sy walle op al die dae van die oes;*
hw"hy>-tyrIB. !Ara'h' yaef.nO ~ynIh]Koh; Wdm.[;Y:w !keh' !Der>Y:h; %AtB. hb'r'x'B	**3:17a**	*Maar die priesters wat die verbondsark van die Here dra het bly staan op droë grond, binne-in die Jordaan;*
hb'r'x'B, ~yrIb.[o laer'f.yI-lk'w	**3:17b**	*en die hele Israel het deurgetrek op droë grond;*
laer'f.yI-lK' ynEy[eB. [;vuAhy>-ta, hw"hy> lD;GI aWhh; ~AYB	**4:14a**	*Die dag het die Here vir Josua verhoog voor die oë*

		van die hele Israel;
Atao War>YIw:	**4:14b**	*sodat hulle hom gevrees het;*
wyY"x ymey>-lK' hv,mo-ta, War>y" rv,a]K;	**4:14c**	*soos wat hulle Moses gevrees het al die dae van sy lewe;*
rmoale [;vuAhy>-la, hw"hy> rm,aYOw	**4:15**	*en die Here het vir Moses gesê:*
tWd[eh' !Ara] yaef.nO ~ynIh]Koh;-ta, hWEc	**4:16a**	*beveel die priesters wat die ark van getuienis dra:*
!Der>Y:h;-!mi Wl[]y:w	**4:16b**	*dat hulle uit die Jordaan opkom;*
rmoale ~ynIh]Koh;-ta, [;vuAhy> wc;y>w	**4:17a**	*en Josua het die priesters beveel:*
!Der>Y:h;-!mi Wl[]	**4:17b**	*kom op uit die Jordaan!*
hw"hy>-tyrIB. !Ara] yaef.nO ~ynIh]Koh; ÎtAl[]K;Ð ¿tAl[]B;À yhiy>w: %ATmi !Der>Y:h;	**4:18a**	*En toe die priesters wat die verbondsark van die Here dra uit die middel van die Jordaan opkom;*
hb'r'x'h, la, ~ynIh]Koh; yleg>r; tAPK; WqT.nI	**4:18b**	*het die priesters skaars hulle voetsole gelig na die droë grond;*
~m'Aqen hy het vir diem.li !Der>Y:h;-yme WbvuY"	**4:18c**	*of die waters van die Jordaan het teruggekeer na sy plek;*
wyt'AdG>-lK'-l[; ~Avl.vi-lAmt.ki Wkl.YEw	**4:18d**	*en soos gister en eergister op al sy walle geloop;*

Hierdie verhaal dien as die oorspronklike deuteronomistiese verhaal van die Jordaandeurgang. Dit funksioneer om Josua as volwaardige opvolger van Moses te

bevestig. Die belofte dat Jahwe vir Josua gaan verhoog word uitgebrei deur die bevele wat Josua aan die priesters gee. Hierdie bevele onderstreep Josua se outoriteit. Die verwysing na die natuurwonder sorg dat die narratief netjies afgesluit word. Daar is inderdaad `n konsentriese partoon onderliggend aan hierdie deuteronomistiese uitbreiding:

A	3:7bcd	Belofte om Josua te verhoog
B	3:8ab	Bevel aan priesters
C	3:15	Hoogwater
A	4:14	Josua word verhoog
B	4:15-18a	Opdragte aan priesters
C	4:18b-d	Hoogwater

Die invoeging van Josua 4:1c-9 (waarskynlik in die ná-eksiliese tyd) het waarskynlik veroorsaak dat die deuteronomistiese verhaal van die Jordaandeurgang (Jos 3:7, 8, 15, 17ab; 4:14-18) in twee afsonderlike gedeeltes (3:7, 8, 15, 17ab; 4:14-18) gedeel is. Sodoende vorm die belofte dat Jahwe vir Josua sal verhoog (Jos 3:7,8, 15, 17ab) en die vervulling van hierdie belofte (4:14-18) `n "raam" rondom Josua 4:1c-9. Sodoende word die prominente aard van Josua 4:1c-9 (verhaal van die twaalf klippe) beklemtoon.

4.7.5.2 Analise: Josua 4:1c-9

Bieberstein (1995:363-367) plaas Josua 4:1c-9 hoofsaaklik in die raamwerk van `n redaksie ($C^2$) wat rondom die twaalf klippe en die "kindervraag" sentreer. Hierdie redaksie ($C^2$) toon `n verband met `n ander redaksie (C^1) wat grootste deel van die Ragab-vertelling (Jos 2) uitmaak. Omdat Bieberstein se rekonstruksie van Josua 3 en 4 op kronologiese redaksionele snitte berus, is sy datering van C^1 en C^2 afhanklik van sy datering van die voorafgaande redaksionele snit (B). Sou die redaksionele uitbreiding wat die priesters en die ark vooropstel (B) vóór-eksilies gedateer word, sou die Ragab-vertelling (C^1), tesame met Ragab se belydenis, dan as `n antwoord kon funksioneer teen die neo-Babiloniese bedreiging. Die "kindervraag", tesame met die gedenkstene sou sodoende die volk tot geloof in Jahwe oproep. Sou die priesters en ark-vertelling eers in die eksiliese tyd dateer, neem dit nie die aktualiteit van die

gedeelte weg nie. In die eksilies-ná-eksiliese tyd is daar immers self ruimte vir die verband tussen oorlewing en geloof, soos die Ragab-vertelling aandui. Bieberstein laat dus ruimte vir `n vóór-eksiliese of eksiliese datering van C^1 en C^2.

Wanneer hy op die "kindervraag" fokus, dui Bieberstein (1995:374) aan dat die "kindervraag"-motief dikwels na `n *Sitz im Leben* teruggevoer word. So byvoorbeeld koppel Soggin (1972:53) dit aan `n fees by Gilgal, waar die intog kulties geherïnterpreteer en gevier is. Nogtans wil Bieberstein dit eerder aan `n *Sitz in der Literatur* koppel. Sodoende fokus hy op `n literêre, eerder as `n historiese rekonstruksie van die gebeure. Die "kindervraag" funksioneer as `n didaktiese hulpmiddel wat die belofte-vervullingskema vir kinders leer. Die vaste formulering en simmetriese opbou van die "kindervraag" kon dien om God se reddingsdade in die geskiedenis op `n duidelike wyse na `n volgende geslag oor te dra (Otto 1975:131-133). Hierdie tipe formulering kom ook elders in die Heksateug voor (Eks 12:26-27; 13:14-15; Deut 6:20-21; Jos 4:6-7, 21-23).

In Bieberstein se model is daar `n onderskeid tussen Josua 4:1c-8 ($C^2$= verhaal van 12 klippe) en Josua 4:9 ($R^{ä}$= ätiologie). Ek beskou egter Josua 4:1c-9 as `n ná-eksiliese komposisie en maak nie `n onderskeid tussen 4;1c-8 en 4:9 nie. Die verhaal in 4:1c-8 funksioneer myns insiens om die etiologiese formule in 4:9 uit te brei. Om hierdie rede klassifiseer ek Josua 4:1c-9 as R^{e}= etiologiese redaksie.

Die vraag is of die verhaal van die 12 klippe `n ou verhaal verteenwoordig. So `n interpretasie sal by die benadering van Alt (1953a:176-192; 1959:276-288) en Noth (1953:11-13) aansluit, naamlik dat verhale oorspronklik vertel is om byvoorbeeld die teenwoordigheid van klippe (Jos 4:9), `n heiligdom (Jos 5:9),`n Kanaänitiese nageslag (Jos 6:20) of `n hoop klippe (Jos 7:26) te verduidelik.

Die probleem met hierdie hipotese is dat daar historiese probleme rondom die plekname voorkom. So byvoorbeeld is daar onduidelikheid oor die lokalisering van Gilgal.[247] Verder is daar verwysings na die klippe in die Jordaan (4:9) *en* Gilgal (4:29).

[247] Boling (1982:192); Bieberstein (1995:424).

Daar bestaan ooreenkomste tussen die etiologiese verwysingspunte in Josua 1-12 (4:9; 5:9; 6:20; 7:26; 8:28-29; 9; 9:27; 10:16) en die lyste van die terugkerende ballinge en muurbouers in Esra 2 en Nehemia 2-3:

Esra 2	**Nehemia 7**	**Nehemia 3**	**Bybelse naam**
2:28	7:32		Ai
2:23	7:27		Ananot
2:25	7:29		Beërot
		3:14	Bet-Kerem
2:24	7:28		Bet-Asmawet
2:28	7:32		Bet-El
2:21	7:26		Betlehem
		3:16	Bet-Sur
2:26	7:30		Geba
	7:25	3:7	Gibeon
2:33	7:37		Gadid
2:34	7:36		Jerigo
		3:1-38	Jerusalem
		3:17,18	Keïla
2:25	7:29		Kefira
2:25	7:29		Kirjat-Jearim
2:33	7:37		Lod
		3:7	Meronot
2:27	7:31		Mikmas
		3;7,15,19	Mispa
2:22	7:26		Netofa
2:33	7:37		Ono
2:26	7:30		Rama
		3:13	Sanoag
		3:5,27	Tekoa

Die etiologiese verwysingspunte van Josua 1-12, waar die term **hZ<h; ~AYh; d[;** (*tot vandag toe*) voorkom (4:9;5:9; 6:20; 7:26; 8:28-29; 9; 9:27; 10:16) dui op `n vaste patroon. Hierdie etiologiese verwysingspunte sluit in Jordaan, Gilgal, Jerigo, Ai, Gibeon en Makkeda. Hierdie name vorm `n patroon (Bieberstein 1995:424). Akor lê in die Woestyn van Juda; van daar kan `n lyn getrek word oor die Jordaan tot by Jerigo, Ai en Gibeon, tot by Makkeda in die suide. Die verwysingspunte vorm dan`n boog, sodat die grense korrespondeer met die grense in die ná-eksiliese tyd (sien addendum C).

Die etiologiese verwysingspunte kon moontlik gedien het as `n manier waarop die ná-eksiliese volk hulle voorvaders se geskiedenis gekonstrueer het. Vroeër het ek die verhale in Josua 5-12 as deel van `n deuteronomistiese propaganda van die 7de eeu vC getipeer. Die ná-eksiliese volk het waarskynlik hierdie verhale in `n nuwe konteks geherïnterpreteer om sodoende nuwe betekenis aan hierdie verhale te gee. Die etiologiese formule **hZ<h; ~AYh; d[;** bring nuwe betekenis aan `n ná-eksiliese volk. Die volk kan met die terugkeer van die ballinge en die herbou van Jerusalem se mure `n nuwe begin maak. Daarom rekonstrueer die volk hulle voorouers se geskiedenis om te illustreer dat hulle voor `n nuwe begin staan. Soos hulle voorouers die Beloofde Land ingegaan het en `n nuwe lewe begin het, so word die herbou van die mure `n nuwe begin vir die volk van Israel.

Die verwarring tussen die klippe in die Jordaan en die klippe by Gilgal vra egter herbesinning. Josua 4:19 (klippe by Gilgal) is nou verbonde aan Josua 5:10-12 (pasga en besnydenis by Gilgal). Die pasga in die Beloofde Land toon ooreenkomste met die regulasies erondom die pasga in Kronieke (vgl 4.5.2.1.3.1). Die pasga funksioneer in die boek Josua waarskynlik om ander heiligdomme (bv Gilgal) te legitimeer en sodoende die klem van Jerusalem weg te skuif. Die boek Josua vertoon dan nadat dit van Deuteronomium losgemaak is, ná-deuteronomistiese trekke. Gilgal (4:19; 5:9) het dus op `n ideologiese vlak bly funksioneer om die téén-deuteronomistiese konsep van verskillende heiligdomme te legitimeer. Uit die aard van die saak kon die Samaritaanse konflik `n rol in hierdie verband gespeel het. Josua 4:9 is egter uit `n ander hoek geskryf, naamlik om die oorspronklike deuteronomistiese oorlogsverhale (Jos 5-12) in `n nuwe konteks te herïnterpreteer.

Die verhaal van die Jordaandeurtog is moes op dieselfde wyse herbewerk word en daarom word die verhaal van die twaalf klippe bygevoeg (Jos 4:1-9c) om by die etiologiese motief aan die hand van die lys van terugkerende ballinge en muurbouers, die voorgeskiedenis van Israel te rekonstrueer. Hierdie verhaal is egter na Gilgal verplaas sodat Gilgal die gebruik van ander heiligdomme kon legitimeer. Daar is dus twee verwysingspunte in Josua 4, naamlik die klippe in die Jordaan en die klippe in Gilgal.[248]

4.7.5.4 Analise: Josua 4:19-5:1

Volgens Bieberstein (397-418) omvat hierdie redaksie (R^p) Josua 4:19a-5:1g. Die sogenaamde "kindervraag" (Jos 4:6-7) word in hierdie redaksie herhaal. Die volgende opmerkings in verband met hierdie uitbreiding is ter sake:

- Vers 19b bring die heiligdom (wat in vers 8e nie geïdentifiseer is nie) in verband met Gilgal. Die twaalf klippe (8e-f) word nou volgens vers 20-a-c by Gilgal gelokaliseer. Twee nuwe elemente kom dan by:
- In die *eerste plek* is daar `n verwysing na die 10de van die eerste maand (4:19a). Hierdie is `n poging om die pasga meer spesifiek te dateer. Verder is daar `n verwysing na Gilgal (4:19b). Sodoende skep die redaktor(s) ruimte vir die deuteronomistiese gebruik van `n week se voorbereiding voor die aanvang van die pasga, en plaas dit die teks in `n kultiese raamwerk ;
- In die *tweede plek* is daar `n vermenging van deuteronomistiese en priesterlike taal. Die term **hv'B'Y:** (Eks 14:16,22, 29 =P)[249] kom hier vir die eerste keer in verband met die Jordaanwonder voor (4:22). Verder kom die uitdrukking **hw"hy> dy:** (4:24) weer in deuteronomistiese tekste voor (wat in twee van vier gevalle die "kindervraag" bevat). Die uitdrukking **hw"hy>-ta, ~t,ar'y>** (4:24) het in die priesterlike vertelling van die

[248] Hierdie hipotese is myns insiens die mees logiese oplossing vir `n komplekse probleem. Soggin (1972:64) meen dat die verskeie pogings om die teks te harmoniseer vir verwarring in die finale teks verantwoordelik is. Hy beskou die klippe by die heiligdom (Gilgal) as die oorspronklike tradisie. Ek is nie oortuig van sy oplossing nie. Soggin plaas Josua 3 en 4 in die konteks van `n oorspronklike kultiese liturgie met sy oorsprong in die heiligdom van Gilgal. In die lig hiervan wil ek voorstel dat die ná-eksiliese volk hulle voorouers se reis teruggeprojekteer het in terme van die grense van die ná-eksiliese provinsie van Yehud.

[249] Vlg Noth (1972:269); Childs (1974:220).

Rietseewonder (Eks 14:4,18)[250] tot die belydenis van die Egiptenare gelei. Hierdie selfde motief word op die Jordaanwonder oorgedra, sodat die volke vir Jahwe vrees (5:1). Die vermenging van deuteronomistiese en priesterlike terminologie noodsaak dus die term "ná-priesterlike" redaksie;

- Die natuurwonder is nié die hoogtepunt van hierdie weergawe van die deurtog nie, maar die klem val eerder op die feit dat die volk Israel op droë grond kon deurtrek. Hierdie motief verbind die Jordaandeurtog met die intog (Eks 14-15);

Die problematiek rondom Josua 4:19-5:1 is reeds bespreek (vgl 4.7.5.3). Die kultiese inslag van hierdie gedeelte kom na vore in die rol van die kultiese kalender en die verwysing na Gilgal (4:19). Josua 4:19-5:1 dien as voorbereiding vir die pasga (Jos 5:12). Die doel van hierdie gedeelte is waarskynlik om die konsep van `n gesentraliseerde kultus (Jerusalem) teen te werk. In die boek Josua is daar geen verwysings na Jerusalem nie. Verder is daar `n klem op verskillende heiligdomme (Gilgal, Silo, Sigem). Hierdie verwysings sluit aan by die tese van hierdie studie, naamlik dat die boek Josua oorspronklik deel van `n Deuteronomistiese Geskiedswerk uitgemaak het, maar dat die Josua losgemaak is van Deuteronomium toe laasgenoemde met die priesterlike korpus vermeng is om `n Pentateug te vorm. Ek verwys na hierdie uitbreiding as R^p (ná-priesterlike uitbreiding)

4.7.5.4 Analise: Josua 4:1ab, 10-11c

Vers 1ab: Hierdie vers dien om Josua 4:1c-8f met die natuurwonder te verbind. Josua 4:1c-8f het oorspronklik die landsveroweringsverhaal in Josua 3 op `n didaktiese wyse uitgebrei. Vers 1ab is `n redaksionele byvoeging wat die oorgang tussen die twee hoofstukke vergemaklik.

Vers 10b-11c: As gevolg van die byvoeging van Josua 4:1c-8, het die deuteronomistiese uitbreiding (DG) wat die narratief van die Jordaandeurgang (3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f) uitbrei uit posisie geskuif. Die logiese samehang van DG is verbreek met die doel om `n literêre komposisie te vorm wat die didaktiese vorm van die landsveroweringsverhaal uitlig (vgl 4.9.3.2). Josua 4:10b-11c dien om die logiese

[250] Vlg Noth (1972:269); Childs (1974:220).

samehang tussen twee hoofgedeeltes van DG (Jos 3:7a-e, 8a-c, 15a-c, 17ab; 4:14a-18d) te bevestig.

4.7.6 Gevolgtrekking

Josua 4:1-5:1 pas dus in die ná-eksliese konteks. Hier volg `n uiteensetting van die navorsingsresultate van die eksegese van Josua 3 en 4:

- Josua 3:7-8, 15, 17ab; 4:14-18 vorm die oorspronklike (deuteronomistiese) verhaal van die Jordaandeurgang. Hierdie deuteronomistiese verhaal sluit aan by die eksiliese verwerking van DG;
- Josua 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14, 16a-f vorm `n ná –priesterlike narratief van die Jordaandeurgang. Hierdie narratief brei die gepaardgaande natuurwonder uit en toon oreenkomste met ná-eksiliese tekste;
- Josua 3:2-3 vorm `n verdere uitbreiding op die ná-priesterlike verhaal. Hierdie uitbreiding beklemtoon die rol van die Leviete as draers van die ark (ipv die priesters);
- Josua 3:6, 10a, 11, 13a, 14b vorm `n verdere uitbreiding op die ná-priesterlike verhaal van die Jordaandeurtog. Hierdie uitbreiding beklemtoon die rol van die priesters as draers van die ark (ipv die Leviete);
- Die ná-eksiliese volk verwerk die (deuteronomistiese) verhale van Josua 5-12 om deur middel van etiologiese verwysings (bv Jos 4:1c-9) hulle voorgeskiedenis te rekonstrueer;
- Uiteindelik word die etiologiese verwysing in Josua 4:1c-9 geherïnterpreteer om sodoende die klem op Gilgal (en nié Jerusalem nie) te laat val.

Josua 3 en 4 reflekteer die groei en ontstaan van die Pentateug. Ek sluit aan by die hipotese dat die Pentateug as ontstaan het toe die deuteronomstiese (Deut) en priesterlike verhale (Gen-Num) saamgevoeg is. Die boek Deuteronomioum is egter losgemaak van die deuteronomistiese korpus en het deel van die voorafgaande (priesterlike) korpus geword.

Die breuk tussen Deuteronomium en Josua het tot die téén Deuteronomistiese karakter van die boek Josua gelei. So byvoorbeeld tree Josua by verskillende heiligdomme op (Gilgal, Ebal, Silo) en kom daar `m meer tolerante houding teen nie-Israeliete in Josua voor (Jos 2; 8:30-35[251]; 9). Die deuteronomistiese beweging het dus in die Persiese tyd tot niet gegaan.

Die teenstrydighede en weersprekinge in Josua 3 en 4 (vgl 1.2) is aan opeenvolgende redaksies en verwerkinge te danke.

---

[251] Josua 8:30-35 dien as uitvoering van Moses se bevel (Deut 26:5) om `n altaar vir Jahwe in die Beloofde land te bou. In die LXX staan Jos 8:3-35 egter ná 9:2 voor. Verder skep die verwysing na die ark probleme, aangesien die ark nêrens met Sigem verbind word nie. Jos 8:30-35 pas dus nie in die omringende geografiese of literêre konteks nie. Die posisie van Jos 8:30-35 is `n aanduiding dat die teks waarskynlik in die heel laaste stadia van redaksie (circa 200vC) ingevoeg is. Sodoende kon die stryd tussen die priestersgroepe van Jerusalem en Elefantine as agtergrond vir die gedeelte dien. Die volgende moontlikhede is ter sake:

- Kempinski (1993:75-183; 237) is van mening dat Jos 8:3-35 oorspronklik die einde van die boek Josua verteenwoordig het. Jos 8:30-35 het dan op Jos 24 gevolg, maar die besnydenis as teken van die verbond (Jos 5:2-9) is later bygevoeg. Die boek Josua het later só uitgebrei dat Jos 24 na dsy huidige posisie uitgeskluif is;
- Ulrich (1994:89-104) beskou Josua 8:3-30-35 as `n anti-Samaritaanse redaksie. Die eerste altaar in die Beloofde Land was eintlik by Gilgal gebou, na afloop van die Jordaandeurgang. Anti-Samaritaanse redaksies van Deuteronomium 11:29-31; 27 het uiteindelik daartoe gelei dat Josua 8:0-35 `n anti-Samaritaanse karakter gekry het en dat die teks na `n ander posisie (ná Jos 8:1-29) en lokalisasie (Sigem geskuif is);
- Volgens Rofé (1994:73-80) is die posisie in 4QJos aan `n nomistiese redaksie te danke. Die posisie in LXX is op sy beurt die gevolg van onakkuraate kopieëring;
- Noort (1997:160-180; 1998:127-144) meen dat die posisie van 4Q Jos^{a} die oorspronklike situasie verteenwoordig. 4QJos^{a} is op Deuteronomium 11:30 en 27:2-3 gebaseer, wat op hul beurt die lokalisasieverwysing na Ebal en Gerisim van `n georgrafiese na `n teologiese lokaliasie verskuif. Sodoende dien dit om die klem na `n derde berg, naamlik Sinai te verskuif;
- Na`aman (2000:141-162) meen dat daar `n duidelike band tussen Deuteronomium 11:26-30 en 27:11-13 bestaan. Deuteronomium 11:26-30 beskryf die seën en vloek-voorwaardes vir die volk Israel. In Deuteronomuim 27:11-13 word die seën en vloeke verplaas to ná die Jordaandeurgang. Na`aman merk egter geen verband tussen Deuteronomium 27:11-13 en Josua 8:33-35 nie. In Josua 8:3-35 is daar geen verwysing na die verdeling van die twaalf stamme in twee groepe van ses nie. Verder vind die verbondsluiting in Josua 8:30-35 in die vallei , eerder as op die berg plaas. Nogtans is daar `n verband tussen Deuteronomium 27:4-8 en Josua 8:30-32, in die sin dat Deuteronomium 27:4-8 die bou van die altaar beveel en Josua 8:3-32 bou van die altaar beskryf. In die lig hiervan beskou Na`aman Josua 8:33-35 as die oorspronklike teks, terwyl Deuteronomium 27:11-13 deur `n latere redaktor ingevoeg is. Josua 8:30-32 en 33-35 is later saamgevoeg om te beskryf hoe Israel die beloftes van Deuteronomium 11:26-30 en 27:4-8 uitgevoer het.

Alhoewel die bogenoemde voorstelle bepaalde moontlikhede skep, is ek oortuig dat Josua 8:30-35 ìn die laat ná-eksiliese tyd ingevoeg is (Steuernagel 1900:186; Auld 1995:167-181). Die klem op die Leviete, Sigem, en die hele volk dui myns insiens op `n inklusiewe houding wat waarskynlik beter in die ná-eksiliese tyd pas.[251] Om hierdie rede is dit moeilik om dit as deel van die *Grundschicht* te identifiseer. Die fragmentariese konteks van Josua 8:30-35 dui eerder op `n latere invoeging.

Hier volg `n uiteensetting van die gerekonstrueerde teks van Josua 4:

yhiy>w:	**4:1a Z**	*en ;*
!Der>Y:h;-ta, rAb[]l; yAGh;-lk' WMT;-rv,a]K	**4:1b**	*toedie hele volk die deurtog deur die Jordaan voltooi het;*
rmoale [;vuAhy>-la, hw"hy> rm,aYOw	**4:1c Re**	*het Jahwe vir Josua gesê:*
jb,V'mi dx'a,-vyai dx'a,-vyai ~yvin"a] rf'[' ~ynEv. ~['h'-!mi ~k,l' Wxq.	**4:2**	*Neem vir julle uit die volk twaalf manne, uit elke stam een man;*
rmoale ~t'Aa WWc;w>	**4:3a**	*En beveel hulle:*
!ykih' ~ynIh]Koh; yleg>r; bC;M;mi !Der>Y:h; %ATmi hZ<mi ~k,l'- Waf. ~ynIb'a] href.[,-~yTev	**4:3b**	*Neem vir julle vandaar, van die plek waar die voete van die priesters vas bly staan het, twaalf klippe;*
~k,M'[i ~t'Aa ~T,r>b;[]h;	**4:3c**	*en bring dit saam met julle deur;*
!AlM'B; ~t'Aa ~T,x.N:hiw>	**4:3d**	*en sit dit neer by die slaapplek;*
hl'y>L'h; Ab WnyliT'- rv,a]	**4:3e**	*waar julle vanaand gaan oorbly;*
vyai rf'['h, ~ynEv.-la, [;vuAhy> ar'q.YIw:	**4:4a**	*Josua het die twaalf manne geroep;*
jb,V'mi dx'a,-vyai dx'a,-vyai laer'f.yI ynEB.mi !ykihe rv,a]	**4:4b**	*Wat hy uit die seuns van Israel, uit elke stam een man, aangestel het;*
[;vuAhy> ~h,l' rv,a]	**4:5a**	*En Josua het vir hulle gesê:*

!Der>Y:h; %AT-la, ~k,yhel{a/ hw"hy> !Ara] ynEp.li Wrb.[i	**4:5b**	*Trek uit voor die ark van die Here julle God, tot binne-in die Jordaan;*
laer'f.yI-ynEb. yjeb.vi rP;s.mil. Amk.vi-l[;tx;a; !b,a, vyai ~k,l' WmyrIh'w>	**4:5c**	*En tel vir julle `n klip op, elkeen man een op sy skouer, vlgens die getal van die stamme van die seuns van Israel;*
~k,B.r>qiB. tAa tazO hy<h.Ti ![;m;l.	**4:6a**	*Sodat dit `n teken onder julle kan wees;*
rmoale rx'm' ~k,ynEB. !Wla'v.yI	**4:6b**	*as julle kinders later vra:*
~k,l' hL,aeh' ~ynIb'a]h' hm'	**4:6c**	*wat beteken hierdie klippe vir julle?*
~h,l' ~T,r>m;a]	**4:7a**	*moet julle vir hulle sê:*
hw"hy>-tyrIB. !Ara] ynEP.mi !Der>Y:h; ymeyme Wtr>k.nI rv,a]	**4:7b**	*omdat die water van die Jordaan afgekeer is voor die verbondsark van die Here;*
!Der>Y:h; yme Wtr>k.nI !Der>Y:B; Arb.['B.	**4:7c**	*in sy deurtog deur die Jordaan- die water van die Jordaan is afgekeer;*
~l'A[-d[; laer'f.yI ynEb.li !ArK'zIl. hL,aeh' ~ynIb'a]h' Wyh'w>	**4:7d**	*daarom is hierdie klippe as `n aandenking vir die seuns van Israel vir altyd;*
laer'f.yI-ynEB. !ke-Wf[]Y:w	**4:8a**	*die seuns van Israel het so gedoen;*
[;vuAhy> hW"ci rv,a]K;	**4:8b**	*soos wat Josua beveel het;*
!Der>Y:h; %ATmi ~ynIb'a] href.[,-yTev. Waf.YIw:	**4:8c**	*Hulle het die twaalf klippe in die middel van die Jordaan opgetel;*
laer'f.yI-ynEb. yjeb.vi rP;s.mil. [;vuAhy>-la, hw"hy>	**4:8d**	*Soos wat die Here met Josua gespreek het, volgens die getal*

rB,DI rv,a]K;		*van die stamme van Israel;*
!AlM'h;-la, ~M'[i ~Wrbi[]Y:w:	**4:8e**	*En hulle het dit deurgebring saam met hulle na die slaapplek toe;*
~v' ~WxNIY:w:	**4:8f**	*En dit daar neergesit;*
!Der>Y:h; %AtB. [;vuAhy> ~yqihe ~ynIb'a] href.[, ~yTev.W !Ara]] yaef.nO ~ynIh]Koh; yleg>r; bC;m; tx;T.	**4:9a**	*Josua het twaalf klippe opgerig in die middel van die Jordaan,op die plek waar die voete van die priesters, die draers van die verbondsark, gestaan het;*
hZ<h; ~AYh; d[; ~v' Wyh.YIw:	**4:9b**	*en dit is tot vandag toe nog daar;*
rb'D'h;-lK' ~To d[; !Der>Y:h; %AtB. ~ydIm.[o !Ara'h' yaef.nO ~ynIh]Koh;w>	**4:10a DG**	*En die priesters wat die ark gedra het, het bly staan in die middel van die Jordaan tot dat alles volbring was;*
lkoK. ~['h'-la, rBed;l. [;vuAhy>-ta, hw"hy> hW"ci- rv,a]	**4:10b Z**	*wat die Here vir Josua beveel het om vir die volk te sê volgens alles;*
[;vuAhy>-ta, hv,mo hW"ci-rv,a]	**4:10c**	*wat Moses vir Josua beveel het;*
~['h' Wrh]m;y>w:	**4:10d**	*en die volk het vinnig*
Wrbo[]Y:w:	**4:10e**	*deurgetrek;*
yhiy>w:	**4:11a**	*En toe;*
rAb[]l; ~['h'-lK' ~T;- rv,a]K;	**4:11b**	*die hele volk die deurtog voltooi het;*
~['h' ynEp.li ~ynIh]Koh;w> hw"hy>-!Ara] rbo[]Y:w:	**4:11c**	*het die ark van die Here met die priesters voor die volk deurgetrek;*

~yvimux] hV,n:m.h; jb,ve ycix]w: dg"-ynEb.W !beWar>-ynEB. Wrb.[;Y:w: laer'f.yI ynEB. ynEp.l	**4:12a DG R**	*En die seuns van Ruben, Gad en die halwe stam van Manasse, het gewapend voor die oë van die seuns van Israel deurgetrek;*
hv,mo ~h,ylea] rB,DI rv,a]K;	**4:12b**	*net soos Moses aan hulle gesê het;*
hm'x'l.Mil; hw"hy> ynEp.li Wrb.[' ab'C'h; yceWlx] @l,a, ~y[iB'r>a;K. AxyrIy> tAbr>[; la	**4:13**	*omtrent veertigduisend wat vir oorlog gewapen was, het voor die aangesig van die Here deurgetrek om te veg, na die vlaktes van Jerigo toe;*
laer'f.yI-lK' ynEy[eB. [;vuAhy>-ta, hw"hy> lD;GI aWhh; ~AYB;	**4:14a DG**	*Die dag het die Here vir Josua verhoog voor die oë van die hele Israel;*
Atao War>YIw:	**4:14b**	*sodat hulle hom gevrees het;*
wyY"x ymey>-lK' hv,mo-ta, War>y" rv,a]K;	**4:14c**	*soos wat hulle Moses gevrees het al die dae van sy lewe;*
rmoale [;vuAhy>-la, hw"hy> rm,aYOw:	**4:15**	*en die Here het vir Moses gesê:*
tWd[eh' !Ara] yaef.nO ~ynIh]Koh;-ta, hWEc;	**4:16a**	*beveel die priesters wat die ark van getuienis dra:*
!Der>Y:h;-!mi Wl[]y:w	**4:16b**	*dat hulle uit die Jordaan opkom;*
rmoale ~ynIh]Koh;-ta, [;vuAhy> wc;y>w	**4:17a**	*en Josua het die priesters beveel:*
!Der>Y:h;-!mi Wl[]	**4:17b**	*kom op uit die Jordaan!*
hw"hy>-tyrIB. !Ara]	**4:18a**	*En toe die priesters wat die*

yaef.nO ~ynIh]Koh; ÎtAl[]K;Ð ¿tAl[]B;À yhiy>w: !Der>Y:h; %ATmi		*verbondsark van die Here dra uit die middel van die Jordaan opkom;*
hb'r'x'h, la, ~ynIh]Koh; yleg>r; tAPK; WqT.nI	**4:18b**	*het die priesters skaars hulle voetsole gelig na die droë grond;*
~m'Aqen hy het vir diem.li !Der>Y:h;-yme WbvuY"	**4:18c**	*of die waters van die Jordaan het teruggekeer na sy plek;*
wyt'AdG>-lK'-l[; ~Avl.vi-lAmt.ki Wkl.YEw	**4:18d**	*en soos gister en eergister op al sy walle geloop;*
!AvarIh' vd,xol; rAf['B, !Der>Y:h;-!mi Wl[' ~['h'w>	**4:19 R^{p}**	*En die volk het die tiende van die eerste maand uit die Jordaan opgetrek;*
AxyrIy> xr;z>mi hceq.Bi lG"l.GIB; Wnx]Y:w:	**4:19b**	*en kamp opgeslaan by Gilgal, aan die oostelike kant van Jerigo;*
hL,aeh' ~ynIb'a]h' href.[, ~yTev. taew>	**4:20 a^{1}**	*en daardie twaalf klippe*
!Der>Y:h;-!mi Wxq.l' rv,a]	**4:20b**	*wat hulle uit die Jordaan geneem het;*
lG"l.GIB; [;vuAhy> ~yqihe	**4:20 a^{2}**	*het Josua by Gilgal opgerig;*
rmoale laer'f.yI ynEB.-la, rm,aYOw:	**4:21a**	*En hy het vir die seuns van Israel gesê:*
rmoale ~t'Aba]-ta, rx'm' ~k,ynEB. !Wla'v.yI rv,a]	**4:21b**	*wanneer julle kinders later hulle vaders vra:*
hL,aeh' ~ynIb'a]h' hm'	**4:21c**	*Wat beteken hierdie klippe?*
rmoale ~k,ynEB.-ta, ~T,[.d;Ahw>	**4:22a**	*Moet julle aan julle kinders bekend maak:*
hZ<h; !Der>Y:h;-ta, laer'f.yI rb;['	**4:22b**	*op droë grond het Israel deur hierdie Jordaan getrek;*

hv'B'Y:B;		
~k,r>b.['-d[; ~k,ynEP.mi !Der>Y:h; yme-ta, ~k,yhel{a/ hw"hy> vybiAh-rv,a	**4:23a**	*deurdat die Here julle God die waters van die Jordaan laat opdroog het voor julle, todat julle deurgetrek het;*
@Ws-~y:l. ~k,yhel{a/ hw"hy> hf'[' rv,a]K	**4:23b**	*soos die Here julle God met die Rietsee gedoen het;*
Wnreb.['-d[; WnynEP'mi vybiAh-rv,a]	**4:23c**	*wat Hy voor ons laat opdroog het, todat ons deurgetrek het;*
hw"hy> dy:-ta, #r,a'h' yMe[;-lK' t[;D; ![;m;l.	**4:24a¹**	*sodat al die volke van die aarde kan weet dat die hand van die Here;*
ayhi hq'z"x] yKi	**4:24b**	*sterk is;*
~ymiY"h;- lK'~k,yhel{a/ hw"hy>-ta, ~t,ar'y> ![;m;l.	**4:24a²**	*sodat julle die Here julle God altyd mag vrees;*
yrImoa/h' ykel.m;-lK' [;mov.ki yhiy>w:	**5:1a¹**	*En toe al die konings van die Amoriete;*
hM'y" !Der>Y:h; rb,[eB. rv,a]	**5:1b**	*wat anderkant die Jordaan na die weste was;*
ynI[]n:K.h; ykel.m;- lk'w>	**5:1a a²**	*en al die konings van die Kanaäniete;*
~Y"h;-l[; rv,a]	**5:1c**	*wat by die see woon;*
laer'f.yI-ynEb. ynEP.mi !Der>Y:h; yme-ta, hw"hy> vybiAh-rv,a] tae	**5:1d**	*hoor dat die Here die waters van die Jordaan voor die seuns van Israel laat opdroog het;*
¿Wnr'b.['À-d[;	**5:1e**	*totdat hulle deurgetrek het;*
~b'b'l. sM;YIw:	**5:1f**	*het hulle harte gesmelt;*

laer'f.yI- ynEB. ynEP.mi x;Wr dA[~b' hy"h'- al{w>	**5:1g**	*en was daar in hulle geen moed*
		meer nie vanweë die seuns van Israel.

4.7.7 Gerekonstrueerde teks van Josua 3 en 4

Die gerekonstrueerde teks van Josua 3 en 4 bestaan op grond van hierdie studie uit `n oorspronklike deuteronomistiese verhaal van die Jordaandeurgang, wat in die ná-eksiliese tyd uitgebrei en verwerk is. Die bepaalde metodologie wat in hierdie studie gevolg is, het bepaal dat die teks uitmekaar gehaal moet word om sodoende verklaring vir die teenstrydighede en weersprekinge te vind. Nou moet die teks weer aanmekaar gesit word om sodoende die *genre*, rol en funksie van die gerekonstrueerde teks van Josua 3 en 4 te bepaal.

Volgens die resultate van hierdie studie het die boek Josua die meerderheid van sy uitbreidings in die ná-eksiliese tyd deurgemaak. Hierdie stelling is op die volgende resultate gebaseer:

- Die ná-deuteronomistiese verhaal van die Jordaandeurgang bevat verskeie ná-eksiliese verwysings (vgl 4.5);
- Josua 4:9 vorm deel van `n etiologiese uitbreiding. Hierdie spesifieke uitbreiding is waarskynlik deel van `n breër poging om die terugkerende ballinge en bouers van Jerusalem se mure in die voorgeskiedenis van Israel terug te projekteer (vgl 4.9.4.3.2);
- Josua 4:19-5:1 (met die klem op Gilgal as heiligdom) vorm deel van `n ná-deuteronomistiese reaksie téén die sentralisasie van die kultus. [252]

Josua 3 en 4 illustreer myns insiens die groei en komposisie van die boek Josua. Volgens my hipotese het die boek Josua dus van `n deuteronomistiese verhaal tot `n ná-deuteronomistiese verhaal gegroei. Die komposisie van die boek Josua is radikaal

[252] `n Verdere ná-deuteronomistiese tendens (wat buite die konteks van Josua 3 en 4 val) is die reaksie téén segregasie. So byvoorbeeld plaas Josua 2 (verhaal van Ragab), 9 (verhaal van Gibeoniete) en Josua 8:30-35 (verbondsluiting waarvan nie-Israliete deel is, die klem op buitestaanders wat deel van Jahwe se volk word.

beïnvloed deur die komoposie van die Pentateug, waarvolgens Josua losgemaak is van Deuteronomium en onder die volgende boeke (Vroeë profete) gesorteer het.

Volgens die resultate van hierdie studie is die ná-priesterlike narratief van die Jordaandeurgang (Jos 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f) onder andere deur die Moseslied (Eks 15) beïnvloed (vgl 4.5.1.3). Indien Eksodus 15 `n ná-eksiliese komposisie is wat ná die herbou van Jerusalem se mure (444vC) ontstaan het, bied dit `n vaste punt waarvolgens die ná-deuteronomistiese gedeeltes van Josua 3 en 4 gedateer kan word. Sodoende het die grootste gedeeltes Josua 3 en 4 waarskynlik in die tydperk tussen 444vC en 135 (Hasmonese tydperk) ontstaan.

4.7.7.1 Josua 3 en 4 en die sosiale konteks van die ná-eksiliese tyd

Volgens Clines (1995:101) is sosiale konflik onderliggend aan die ontstaan van `n teks.[253] In die lig van hierdie definisie het die konflik tussen verskillende priestergroepe `n invloed op die komposisie van Josua 3 en 4 gehad. Die ontstaan van die Pentateug (waarskynlik as gevolg van`n kompromis tussen deuteronomistiese en priesterlike groepe) het tot verdere konflik gelei. Die herbou van Tweede Tempel het warskynlik tot spanning tussen die Sadokitiese priesters en die Leviete gelei. Hierdie stryd het veroorsaak dat priesters hulle geslagsregisters herlei het na belangrike name soos Moses en Aaron, om sodoende hulle posisies te legitmimeer. Priesters wat nie hulle geslagsregister kon voorlê nie is uit die amp van priester verban (Esra 2:62; Neh 7:64). Die onderskeie verwysings na priesters en priester-leviete in Josua 3-4 is moontlik `n voorbeeld van die stryd tussen verskillende priestergroepe wat hulle posisies in die Tempel wil legitimeer deur hulle amp terug te projekteer in Israel se geskiedenis. Josua 3-4 kon dien as kompromis deurdat daar verwysings na priesters *en* Leviete voorkom. Anders gestel: Josua 3-4 hef die Leviete op tot dieselfde vlak as priesters en bied sodoende `n kompromis tussen die twee priestergroepe.

Die heiligdom by Bet-El het moontlik eers in 520-515 vC tot niet gegaan (Knauf (2006:291-351). Om hierdie rede beskou Knauf die stryd tussen die priesters van Bet-El en dié van die Tweede Tempel in Jerusalem as die impetus vir die ontstaan van die Ou Testament. Hierdie hipotese sluit in `n mate by die stryd tussen Sadokiete en

[253] "All texts owe their existence to the repression of social conflict" (Clines 1995:101).

Leviete aan. Die verskillende verwysings in Josua 3 en 4 na priesters is dan `n aanduiding van die stryd tussen Jerusalem en Bet-El.

Behalwe vir die konflik tussen verskillende priestergroepe, was daar `n stryd tussen die Israeliete en die Samaritane. In die ná-eksiliese tydperk het daar alternatiewe aanbiddingsplekke ontstaan. Die Samaritaanse heiligdom by Gerisimberg en dié van Elefantine het die gesag van die Tweede Tempel in Jerusalem uitgedaag. Hierdie konflike kon ook as agtergrond van die onderliggende spannning in Josua 3 en 4 dien. So byvoorbeeld verteenwoordig die verwysing na Gilgal in Josua 4:19 `n ná-deuteronomsitiese tendens om verskillende aanbiddingsplekke te legitimeer en sodoende die strydbyl met die Samaritane te begrawe.

Vroeër het ek aangedui hoe die Leviete die tradisie van die intog geherïnterpreteer het in die vorm van `n dankseggingslied. Die *Sitz im Leben* van hierdie lied is teruggevoer na die herbou van Jerusalem se mure. Die moontlikheid bestaan dus dat die ná-eksiliese tydperk, en veral die herbou van Jerusalem se mure `n geleentheid gebied het om die tradisies te herïnterpreteer in `n nuwe konteks. [254]

[254] Die landsverowering speel nie `n rol in die Kronieboeke nie (Knoppers 2004:80; Japhet 2006-38-52). Alhoewel Kronieke `n paralelle geskiedenis van die volk Israel voorhou, kom daar nie `n verwysing na die uittog, Sinai, landsverowering en die Rigtertydperk voor nie. Die Kroniekeboeke bied `n interpretasie van twee hoofprobleme van die landsverowering in die boek Josua, naamlik die skaal van die landsverowering en die rol van die Levitiese stede. In Josua 21:43-45 is die hele land ingeneem, maar volgens Rigters 1 is daar dele wat nié verower is nie (Miller 1977:213-217). Josua 21 noem die Levitiese stede wat aan die Leviete toebedeel is ná die landsverowering, maar daar bestaan twyfel of die stede in daardie tyd hoegenaamd aan die Israeliete behoort het (Japhet 2006:40). Die Kronis spreek hierdie kwessies in 1 Kronieke 13:1-5 aan. In 1 Samuel 5-6 bring Dawid die ark na Jerusalem, maar hierdie handeling vind plaas lank nadat hy die troon bestyg het. In 1 Kronieke 13:1 roep Dawid dadelik sy leërowerstes nadat hy die troon bestyg het, en hy gee hulle die opdrag die ark na Jerusalem te bring. Die verwysing na die grense van die land in 1 Kronieke 13:5 is verrassend. So strek die grense van Sihor in Egipte tot by die ingang van Hamat. Die gevolg is dat die Kronis Israel se grense wyd voorstel, en dat die grense nog nooit in die geskiedenis van die volk Israel so ver gestrek het nie. Verder is die grense nie die resultaat van oorlog of magsuitbreiding nie, maar dit was so van die begin van Israel se geskiedenis af. Om hierdie is daar nie `n landsverowering in die Kroniekeboeke nie. Die land was van die begin af deel van Israel se erfenis. 1 Kronieke 6:35-39 hanteer die kwessie van die Levitiese stede. Die somtotaal van hierdie gedeelte is dat die Levitiese stede nie met die landsverowering toebedeel is nie, maar dat Dawid dit aan die verskillende priestergroepe uitgedeel het (Japhet 2006:45). Weereens val die klem eerder op Dawid as op die landsverowering. Die bostaande illustreer hoe die Kronis van Israel se tradisies verwerk en geherïnterpreteer het. Nie almal stem egter hiermee saam nie. Dirksen (2005:18) neem standpunt in teen Knoppers en Japhet se benadering. Hy beskou 1 Kronieke 7:21-23 (24) as `n byvoeging, en daarom verwerp hy enige hipotese van die afwesigheid van die landsveroweringsverhaal in 1 en 2 Kronieke.

Volgens Amit (2006:647-659) het die sogenaamde anti-Saul agenda tot in die ná-eksiliese tyd voortgeduur. Nogtans was daar pogings om Saul se naam in ere te herstel. Die positiewe rol van Saul in die boek Ester bring egter vrae na vore.[255] Daar is rede om te glo dat daar tydens die tydperk van die Tweede Tempel `n poging was om Saul se naam in ere te herstel (Abramsky 1983:60; Amit 2006: 656). Hierdie teorie dien as voorbeeld van `n polemiese stryd tussen pro-Saul en anti-Saul groepe in die tydperk van die Tweede Tempel. Amit (2006:656-657) plaas die konflik in die konteks van `n leierskap-stryd. Die klem op die stamgebied van Benjamin in Josua 2-12 kon selfs op `n ideologiese manier gefunksioneer het, naamlik om Saul (en per implikasie die Noordryk) weer in ere te herstel.

Die deuteronomistiese verhaal van die Jordaandeurtog het in die ná-eksiliese tyd vir die volk Israel `n nuwe begin gesimboliseer. Daarom verwerk hulle hierdie verhaal en pas dit toe op hulle eie konteks. Jahwe het hulle voorouers die Beloofde Land gegee in die aangesig van hulle vyande. Alhoewel die ná-eksiliese tyd spanning tussen priestergroepe en volksgenote tot gevolg gehad het, skep hulle moed deur die verhaal van Josua te herïnterpreteer. Trouens, betekenis van die Josua se naam som die hele boek op: Jahwe red!

[255] Bush (1996:378-379) meen dat verskuilde verwysings na Saul in die teks voorkom. So byvoorbeeld is Mordegai, die held van die verhaal, `n nasaat van Saul (Esra 2:5).

HOOFSTUK 5

SINTESE



Hierdie hoofstuk dien as `n sintese van my literêr-historiese ondersoek na Josua 3 en 4. Die uiteensetting van my navorsingsresulate sorteer onder die volgende elemente: aktualiteit, probleemstelling, hipotese, resultate en verdere navorsingsvelde.

5.1 Aktualiteit

Die boek Josua vorm die middelpunt van aktuele literêre en historiese vraagstukke. Op literêre gebied is die boek Josua ná Martin Noth (1953) se epogmakende werk in die konteks van `n deurlopende Deuteronomistiese Geskiedswerk (DG) bestudeer (Noort 1998:60). Die hipotese van `n deurlopende DG word egter vandag deur sommige navorsers betwyfel (Fohrer 1984:195; Davies 1992; Provan 1988; McConville 1993; Westermann 1994:39-40; Würthwein (1994:1-11) Gerstenberger 1995:114-5; Auld 1999:116-126; Knauf 2000:388-398; Kratz (2005:216). Knauf (2008) se Josua-kommentaar is die eerste kommentaar wat in die ware sin van die woord as post-Noth bestempel kan word. Knauf se kommentaar verteenwoordig `n poging om die boek Josua los te maak van die raamwerk van `n deurlopende DG. Om hierdie rede is die vraag na die verband tussen Josua en `n hipotetiese DG van besondere belang,en vorm dit `n integrale deel van my ondesoek na die literêre vraagstukke rondom Josua 3 en 4.

Sommige navorsers (Strange 1993:136-141; Lindeque 2001) plaas die ontstaanstydperk van die boek Josua in die ná-eksiliese tyd. Die ekstreme vorm van hierdie benadering wyk dus af van die raamwerk van `n oorspronklike Heksateug of Deuteronomistiese Geskiedswerk. Die boek Josua is dan `n ná-eksiliese komposisie wat slegs op redaksionele vlak verbande met die Pentateug of Vroeë Profete vertoon.

Die bostaande uiteensetting beklemtoon die aktualiteit van my studie van Josua 3 en 4 op `n literêre vlak. Enige interpretasie van Josua 3 en 4 is per slot van sake afhanklik van die eksegeet se bepaalde voorveronderstellings aangaande die rol en plek van die boek Josua in die Ou Testament.

Hierdie studie onderstreep die aktualiteit van Josua 3 en 4 in terme van historiese vraagstukke. Die voorveronderstellings waarop Alt en Noth hulle studie van die boek

Josua gebou het, het nie die toets van tyd deurstaan nie (vgl 2.2). Hierdie voorveronderstellings sluit die amfiktionie-hipotese, teorieë rondom die landsverowering, die historiese Josua-figuur en die konsep van die heilige oorlog-motief in. Die bogenoemde voorveronderstellings het die studie van die boek Josua op `n vate fondament geanker. Indien hierdie hipoteses nie meer stand hou nie, vra dit inderdaad herbesinning in terme van die rol en betekenis van die boek Josua.

Die boek Josua, en veral Josua 3 en 4 vorm die middelpunt van literêre en historiese vraagstukke wat nié net ons interpretasie van die teks raak nie, maar wat ook die leser se verstaan van die ontstaan Ou Testament beïnvloed.

5.2 Probleemstelling

Terwyl die boek Josua oor die algemeen `n komplekse karakter vertoon, is dit veral in hoofstukke 3 en 4 waar die meeste literêre en tradisie-historiese probleme voorkom (Auld 1980:43). Teen die agtergrond van die bogenoemde navorsingsproblematiek is die volgende probleme prominent:

- In 3:1 kamp die volk *een nag* op die rivieroewer. Dit bots met die weergawe van *drie dae* wat in vers 3:2 voorkom;
- In 3:5 gee Josua `n opdrag dat die volk hulle moet reinig. Die volgende vers verwys nie daarna nie, en die gevolgtrekking is dat so `n reiniging nie plaasgevind het nie;
- Die ark speel `n onverwagse rol in die verhaal. Boonop is die terminologie wat vir die ark gebruik word uiteenlopend (Jos 3:3; 4:16);
- Josua gee opdrag (3:12) dat twaalf man uit die stamme gekies moet word, maar die opdrag realiseer eers in later (4:2-3) wanneer God dit beveel;
- Die feit dat die volk deur die rivier getrek het, word twee maal genoem (3:17; 4:1). Volgens hoofstuk 4:10-11 het die volk nie heeltemal deur die Jordaan getrek het nie;

- In 4:19-20 kom die volk uit die Jordaan en slaan kamp op by *Gilgal*. Daar word twaalf klippe opgerig. In 4:8 is die klippe in die middel van die *Jordaanrivier* neergesit;
- Die priesters beweeg deur die rivier (4:11), maar later (4:15) gee Josua eers opdrag dat die priesters die rivier moet oorsteek.

Hierdie probleemstelling vorm die kern van my studie oor Josua 3 en 4. In die lig van die bogenoemde weersprekinge en teenstrydighede in die teks het ek die moontlikheid ondersoek dat Josua 3 en 4 uit `n basisverhaal bestaan wat mettertyd uitgebrei is. Verder het ek die teorie ondersoek dat hierdie verskeie uitbreidings die teenstrydighede en weersprekinge veroorsaak het.

My studie na die literêre samehang van Josua 3 en 4 het die vraag na die groter literêre samehang van Josua 3 en genoodsaak. Op grond hiervan het ek die moontlikheid bestudeer dat Josua 3 en 4 deel van `n oorspronklike deuteronomistiese landsveroweringsverhaal uitmaak. Die probleemstelling, wat oorspronklik literêr van aard was, het egter ook na die historiese *"setting"* van Josua 3 en 4 gevra. Indien Alt en Noth se hipotese rondom die voorgeskiedenis van Israel nie meer volhoudbaar is nie, vra dit vir `n nuwe oplossing.

5.3 Doelwitte

Die volgende doelwitte is geïdentifiseer:

In die eerste plek het ek `n literatuuroorsig van die literêre en historiese vraagstukke van die boek Josua aangebied.

Die literêre oorsig het die volgende elemente bevat:

- Josua as deel van die Heksateug;
- Josua as deel van die Deuteronomistiese Geskiedswerk;
- Rol van etiologie in die boek Josua.

In terme van historiese oorsig het ek die volgende bespreek:

- Amfiktionie;
- Landsverowering;
- Josua-figuur;
- Heilige oorlog;
- Historiografie en die bybelse teks;
- Ná-eksiliese sosiale konteks(te).

Hierdie uiteensetting het de problematiek rondom historisiteit en die boek Josua beklemtoon. In die tweede plek het ek`n navorsingsoorsig van die eksegese van Josua 3 en 4 aangebied. Die doel van hierdie navorsingsoorsig was om te bepaal wat die verband tussen Josua en die voorafgaande (Gen-Deut) en volgende boeke (Rig-2 Kon) is. Verder is die verband tussen Josua 3 en 4 en die omringende hoofstukke bespreek, om sodoende te bepaal waar Josua 3 en 4 in die Josuaboek inpas. `n Literatuuroorsig van die eksegese oor Josua 3 en 4 het gefunksioneer om die verskillende benaderings tot Josua 3 en 4 (Literêr, Histories-Krities, Kulties-Histories) te bespreek en te evalueer.

In die derde plek het die eksegtiese arbeid aan die orde gekom. Die eksegetiese arbeid van Josua 3 en 4 vorm die kern van hierdie studie. Alhoewel ek in hierdie studie op die groei en komposisie van Josua 3 en 4 gefokus het, het ek ruimte gelaat vir `n bespreking van die gerekonstrueerde teks van Josua 3 en 4. Hier volg `n uiteensetting van die verskillende elemente wat aan die orde gekom het:

- Perikoopafbakening;
- Tekskritiek;
- Komposisie: Josua 3:1-17
- Rekonstruksie: Josua 3:1-17;
- Gevolgtrekking

Die doel van die detailanalise van Josua 3:1-17 was om die opbou van Josua 3 te bestudeer. In hierdie verband het die eksgese gehelp om die teks ‘uit mekaar te haal’.

Wat Josua 4 betref, het my detailanalise die volgende bewegings bevat:

- Verband tussen Josua 3 en 4;

- Navorsingsoorsig oor Josua 4;
- Komposisie: Josua 4:1-5:1;
- Rekonstruksie: Josua 4:1-5:1;
- Gevolgtrekking

Omdat Josua 3 (Jordaandeurgang) en 4 (verhaal van die 12 klippe) by mekaar aansluit, was die studie na die verhouding tussen die twee hoofstukke belangrik. Die detailanalise van Josua 4:1-5:1 het verder gefunksioneer om die komposisie en groei van Josua 4:1-5:1 te bestudeer. Net soos met Josua 3:1-17 het die eksegese gehelp om die teks 'uit mekaar te haal'.

Alhoewel ek op die groei en komposisie van Josua 3 en 4 gefokus het, het ek die aard en *genre* van die gerekonstrueerde teks van Josua 3 en 4 bepreek. Die eksegetiese arbeid het dus beweeg van die 'uitmekaarhaal 'van die teks'na die 'aanmekaarsit' van die teks.

5.4 Hipotese

Die hipotese van hierdie studie is dat Josua 3-4 die groei en samestelling van die Pentateug weerspieël. Die boek Josua was deel van `n oorspronklike deuteronomistiese landsveroweringsverhaal, wat in die eksiliese tyd saamgestel is. Die kompromis tussen priesterlike en deuteronomistiese verhale vorm uiteindelik die Pentateug in die Persiese tyd. Die uiteindelike toevoeging van Deuteronomium tot die voorafgaande boeke (Gen-Num) lei tot die skeiding tussen Deuteronomium en Josua. Op sy beurt lei hierdie proses tot `n ná-eksiliese en ná-deuteronomistiese verwerking van die boek Josua. Josua 3 en 4 bevat `n oorspronklike deuteronomistiese verhaal van die Jordaandeurtog wat in ná-deuteronomistiese konteks geherïnterpreteer word.

5.5 Resultate

Die teenstrydighede in Josua 3 en 4 is aan aan opeenvolgende uitbreidings te danke. Hier volg `n uiteensetting van die proses:

Die oorspronklike (deuteronomistiese) landsveroweringsverhaal het Josua 3:7-8, 15, 17ab; 4:14-18 ingesluit. Hierdie verhaal was deel van `n eksiliese weergawe van die sogenaamde Deuteronomistiese Geskiedswerk en sluit by Deuteronomium 1-3 aan. Josua 1 bevestig die verband met Deuteronomium 1-3, waar die magsoorhandiging van Moses na Josua plaasvind. Josua 3:1 sluit dan by Josua 1 aan (Josua 2 is waarskynlik `n láát ná-eksiliese byvoeging wat `n inlusiewe houding teenoor nie-Israeliete inneem).

Hierdie landsveroweringsverhaal sluit by `n vorige (Josiaanse) verhaal van Josua 5-12 aan. Josua 5-12 het oorspronklik Josia se magsuitbreiding na die noorde gelegitimeer. En funksioneer dan as `die eerste weergawe van die sogenaamde Deuteronomistiese Geskiedswerk. Die boek Josua toon dus oorspronklik `n verband met Deuteronomium en sommige van die volgende boeke (veral Konings).

Die boek Josua het egter deel van die proses van die totstandkoming van die Pentateug geword. In die Persiese tyd is die priesterlike (Gen-Num) en deuteronomistiese (Deut) verhale saamgevoeg om `n kompromis tussen priesterlike en deuteronomistiese teologie te bring; Hierdie proses veroorsaak uiteindelik dat Deuteronomium by die priesterlike materiaal gevoeg word. Sodoende word die band tussen Josua en Deuteronomium gebreek. Behalwe dat hierdie proses die posisie van die boek Josua in die kanon verklaar, bied dit ook `n verduideliking van die ná-deuteronomistiese en selfs téén deuteronomistiese verwysings in Josua. Die boek Josua (oorspronklik deel van `n Deuteronomistiese Geskiedwerk) word nou `n téén-deuteronomistiese boek. Om hierdie rede bevat Josua verwysings na verskillende heiligdomme en `n meer inklusiewe houding teenoor nie-Israeliete.

Die eksegese van Josua 3 en 4 het die bogenoemde proses bevestig. Die groei en samestelling van Josua 3 en 4 is soos volg gerekonstrueer:

Josua 3:7-8, 15, 17ab; 4:14-18 vorm deel van die oorspronklike deuteronomistiese landsveroweringsverhaal. Hierdie verhaal vertel van die Jordaandeurgang en beklemtoon die feit dat Josua (soos Moses vóór hom) verhoog sal word. Die verhaal bevat `n belofte (van Josua se verhoging) en die vervulling daarvan.

Josua 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 14a, 16a-f vorm deel van die ná-priesterlike verhaal wat die natuurwonder uitbrei. Hierdie verhaal toon veronderstel die Sinai-perikoop en die Moseslied (Eks 15). Hierdie verhaal is egter verder uitgebrei. So byvoorbeeld verteenwoordig Josua 3:2-3 en 3:6, 10a, 11, 13a, 14b uitbreidings wat die stryd tussen die Sadokiete en die Leviete in die ná-eksiliese tyd reflekteer. Albei groepe gebruik hierdie narratief om hulle posisie in die Tweede Tempel te legitimeerdeur hulleself as draers van die ark voor te stel.

Josua 4:1-5:1 verteenworodig die ná-eksiliese volk se pogings om hulle vorgeskiedenis te rekosntrueer. Josua 4:1c-9 (verhaal van die 12 klippe in die Jordaan) dien om die verhaal van die Jordaandeurgang en die gepaardgaande natuurwonder te aktualiseer. Die etiologiese element “tot vandag toe” in Josua 4:9 vorm deel van `n groep etiologiese verwysings in Josua 1-12. Hierdie etiologiese verwysings toon oreenkomste met die lys van terugkerende ballinge en muurbouers (Esra 2; Neh 3; 7) vorm deel van die ná-eksiliese volk se pogings om hulle voorgeskiedenis te rekonstrueer. Verder toon die etiologiese verwysingspunte in Josua 1-12 ooreenkomste met die grense in die ná-eksiliese tyd. Josua 4:1-9 verteenwoordig dus `n nuwe begin vir die volk Israel. Om hierdie ree rekonstrueer die volk hulle voorgeskiedenis om aan te dui dat Jahwe hulle sal red soos Hy hulle voorouers gered het.

Josua 4:19-5:1 pas by die ná-deuteronomistiese tendens om verskillende aanbiddingsplekke te legitimeer. Die 12 klippe in die Jordaan word nou na Gilgal geskuif om aan te dui dat Jahwe op enige plek aanbid kan word.

Die gerekonstrueerde teks van Josua 3 en 4 vorm dus `n kompromis tussne verskillende groepe. Sodoende gee die stryd met die Samaritane, asook die stryd tussen verskillende priestergroepe vir die volk Israel geleentheid om `n nuwe geskiedenis te skryf. Josua 3-4 vorm dan in sy finale vorm `n ideologiese herinterpretasie van Israel se heilsgeskiedenis.

5.6 Verdere navorsingsmoontlikhede

- Ek het in hierdie aangesluit by die model wat die Pentateug as `n kompromis tussen priesterlike (P) en deuteronomistiese (D) groepe beskou. Uit die aard van die saak val die klem in hierdie studie meer op die deuteronomistiese komposisie. `n Omvattende studie van die priesterlike materiaal is nodig om sodoende die Pentateug vraagstuk behoorlik te ondersoek;
- Römer (2007b) se rekonstruksie van die Deuteronomistiese Geskiedswerk vorm die basis van hierdie studie. Nogtans is daar leemtes. So byvoorbeeld is daar slegs redaksionele bande tussen Josua en Rigters. Verder pas Rigters nie by die struktuur van die Deuteronomistiese Geskiedwerk in nie. Indien Rigters `n latere interpolasie verteenwoordig, noodsaak dit `n indringende studie van die boek Rigters;
- Josua 13-24 vorm nie deel van hierdie studie nie. `n Studie na die verband tussen Josua 1-12 en 13-24 kan meer lig op die rol en funksie van die boek Josua werp;
- Psalm 136 fokus op die intog, maar dan op die veldslae oos van die Jordaan. Daar bestaan dus `n band tussen die boek Numeri en Psalm 136, in die sin dat nie een van hulle bekend is met `n verowerings aan die weste van die Jordaan nie. Die motief van die verowering oos van die Jordaan as die oorspronklike landsverowering verg verdere studie;
- Omdat Kronieke nié `n landsveroweringsverhaal bevat nie, moet die rol en aard van die Kroniekeboeke deeglik ondersoek word.